

# 'n Onderzoek na die taalgebruik in *Son as* verteenwoordigend van Kaapse Afrikaans

Joline Blignaut



Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in  
die Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Dr. HM Lesch

Medestudieleier: Prof. AE Feinauer

April 2014

## **Verklaring**

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Joline Blignaut

Datum: Maart 2014

## Opsomming

Kaaps is een van die oudste variëteite van Afrikaans wat sedert die sewentiende eeu aan die Kaap gepraat is en vandag steeds die taal van die bruin werkersklas in die Kaapse Skiereiland is. Alhoewel dit hoofsaaklik as 'n gesproke variëteit gebruik word, het dit ook in die letterkunde neerslag gevind. Dit is veral die gebruik daarvan in die werke van Adam Small wat Kaaps as 'n literêre skryftaal gevestig het en 'n nuwe belangstelling in dié variëteit van Afrikaans laat ontstaan het.

As gevolg van die sterk assosiasie wat Kaaps met bruin mense het, is dit in die verlede geminag as 'n minderwaardige taalvorm en kan Kaaps ook beskou word as een van die mees gestigmatiseerde variëteite van Afrikaans. Vandag word taalvariasie egter op 'n gelykevlakbenadering deur akademiërs ondersoek en moet Kaaps beskou word as deel van Afrikaans en nie as ondergeskik aan die standaardvariëteit nie. Kaaps is ook nie meer beperk tot 'n gesproke variëteit nie, maar vind neerslag in die letterkunde, teater, musiek, televisie, radio en die gedrukte media. Dit is dan juis die gebruik van Kaaps in die Afrikaanse poniekoerant, *Son*, wat in hierdie studie ondersoek word.

*Son* is die eerste Afrikaanse poniekoerant wat in Suid-Afrika verskyn het en die eerste Afrikaanse koerant wat nie Standaardafrikaans gebruik nie, maar 'n informele Afrikaans wat deur baie beskou word as Kaaps. Die doel van die studie is om die taalgebruik in *Son* te ondersoek as verteenwoordigend van Kaapse Afrikaans in 'n poging om te bepaal tot watter mate die taalgebruik in *Son* ooreenstem met Kaaps, soos gebruik deur die sprekers van Kaaps. Dit word gedoen deur 'n teksanalise van verskeie *Son*-artikels sowel as 'n vraelys wat onder 'n groep Kaapssprekende tieners afgeneem is. Die studie ondersoek ook die verband tussen taal en identiteit deur 'n ondersoek na die mate waartoe die Kaapssprekende tienerleser identifiseer met Kaaps sowel as die taalgebruik in *Son*.

Die bevindinge van hierdie studie is dat die taalgebruik in *Son* nie uitsluitlik Kaaps is nie, maar eerder 'n informele Afrikaans met Kaapse elemente wat voorkom. Alhoewel die taalgebruik nie uitsluitlik Kaaps is nie, identifiseer die Kaapssprekende tienerleser wel met die taal wat in *Son* gebruik word. Ongeag die negatiewe persepsie wat die sprekers van Kaaps steeds van Kaaps het, toon die navorsing dat Kaaps wel effektief in die media gebruik kan word en dat die sukses van *Son* ook toegeskryf kan word aan die taal wat dit gebruik.

## Summary

Kaaps is one of the oldest dialects of Afrikaans that originated in the Cape Colony during the seventeenth century and is still used today by the working class Coloured community of the Cape Peninsula. Although it is mainly used as a spoken dialect, it is also applied in the literature. It is especially the use of Kaaps in the literature by Adam Small that helped to establish Kaaps in the Afrikaans literature and to bring about a newfound interest in this dialect.

Kaaps has been undervalued for a long time due to the fact that it is associated with people of colour. For this reason Kaaps has been one of the most stigmatised dialects of Afrikaans. Today academics approach language variation differently by viewing all dialects of a language as equal. For this reason Kaaps is no longer seen as inferior to the standardized form of Afrikaans. Kaaps is also no longer restricted to a spoken dialect, but is also reflected in literature, theatre, music, television, radio and the printed media. The focus of this study is to investigate the use of Kaaps in the Afrikaans tabloid, *Son*.

*Son* is the first Afrikaans tabloid that appeared in South Africa and is the first Afrikaans newspaper to make use of a dialect of Afrikaans that is not the standardized form, but an informal dialect that some refer to as Kaaps. The aim of the study is to investigate whether the language used in *Son* is representative of Kaaps and to what extent the written language correlates with the spoken Kaaps, as it is used by its speakers. This is done by a text analysis of *Son*-articles as well as a questionnaire that was filled in by Kaaps speaking teenagers. Furthermore the study investigated the correlation between language and identity and to what extent the respondents could identify with Kaaps as well as the language that is used in *Son*.

The conclusion of this study is that the language used in *Son* cannot be viewed as a true representation of Kaaps, but rather as an informal Afrikaans that use elements of Kaaps. Although the language in *Son* cannot be seen as

a true reflection of Kaaps, the study concludes that the teenage speakers of Kaaps can identify with the language that is used in *Son*. The study also found that the negative perception of Kaaps still exists among the users of Kaaps. Regardless of this negative perception, this research showed that Kaaps can be used effectively in the media and that the success of *Son* can be attributed to the language used in its newspaper.

## **Bedankings**

Ek bedank graag die volgende persone:

- Dr. Lesch vir sy waardevolle leiding, raad en ondersteuning as studieleier waarsonder ek nie so suksesvol sou wees nie;
- Prof. Feinauer vir haar insette en bydrae as mede-studieleier;
- Prof. Kidd vir sy hulp met die statistiese ontleding van my navorsing;
- My ouers vir hulle volgehoue belangstelling, bemoediging en hulle geloof in my;
- Peet vir sy geduld, begrip, belangstelling en ondersteuning;
- Die leerders van Hoërskool Zwaanswyk wat my belangstelling in Kaaps geprikkel het;
- My Hemelse Vader sonder wie ek nie die taak sou kon verrig nie.

## INHOUDSOPGAWE

<b>Hoofstuk 1: Agtergrond tot studie</b>	<b>1</b>
1.1 Inleiding	1
1.2 Agtergrond	3
1.2.1 Agtergrond van <i>Son</i> en ander poniekoerante in Suid-Afrika	4
1.2.2 Konteks van die navorsingsgroep	10
1.3 Doel van die studie	15
1.4 Hipotese	15
1.5 Navorsingsvrae	15
1.6 Metodologie	15
1.7 Verloop van studie	17
<b>Hoofstuk 2: Taalverskeidenheid en Kaapse Afrikaans</b>	<b>20</b>
2.1 Inleiding	20
2.2 Taalvariasie	22
2.2.1 Geografiese variasie	23
2.2.2 Sosiolek	26
2.2.3 Register	28
2.2.4 Standaardtaal	31
2.2.5 Variëteite van Afrikaans	39
2.2.6 Kaapse Afrikaans	42
2.2.6.1 Historiese Agtergrond	42
2.2.6.2 Kaaps in geskrewe vorm	45
2.2.6.3 Linguistiese merkers van Kaaps	50
2.3 Kaapse Afrikaans: 'n sosiolinguistiese ondersoek	56
2.3.1 Meertaligheid	57
2.3.2 Taalkontak	61
2.3.3 Kodewisseling	64
2.3.4 Diglossie	70
2.3.5 Taal en Identiteit	75
2.4 Slotopmerkings	80



<b>Hoofstuk 3: Navorsingsprosedure en Data-analisering</b>	<b>82</b>
3.1 Inleiding	82
3.2 Prosedure en Vraelys	82
3.3 Resultate	85
3.4 Samevattend	104
<b>Hoofstuk 4: Taalgebruik in die poniekoerant <i>Son</i></b>	<b>108</b>
4.1 Inleiding	108
4.2 Linguistiese merkers van Kaaps in <i>Son</i>	108
4.2.1 Leksikale verskynsels	108
4.2.1.1 Direkte ontlenings uit Engels	109
4.2.1.2 Verafrikaansing van Engelse woorde en uitdrukkings	111
4.2.1.3 Kaapse uitdrukkings	112
4.2.1.4 Taboewoorde	115
4.2.2 Morfologiese verskynsels	120
4.2.3 Sintaktiese verskynsels	122
4.2.4 Fonologiese verskynsels	122
4.3 Standaardafrikaans in <i>Son</i>	124
4.4 Samevattend	125
4.5 Slotopmerking	127
<b>Hoofstuk 5: Samevatting</b>	<b>129</b>
5.1 Bevindinge	129
5.1.1 Vraelys	129
5.1.2 Teksanalise	131
5.1.3 Algemene Bevindinge	134
5.2 Tekortkominge en verdere studies	134
5.3 Slotopmerkings	137
<b>Bronnelys</b>	<b>139</b>

**Addenda** **149****Lys van Tabele en Figure**

Figuur 3.1 Identifisering van die taalgebruik in die Standaardafrikaans-artikel	88
Figuur 3.2 Identifisering van die taalgebruik in die <i>Son</i> -artikel	88
Figuur 3.3 Die identifisering van die taalgebruik in die <i>Son</i> -artikel as Kaaps	89
Figuur 3.4 Aantreklikheid van die taalgebruik in die <i>Son</i> -artikel	90
Figuur 3.5 Deelnemers se voorkeurteks	91
Figuur 3.6 Die sosiale aantreklikheid van die skrywer	92
Figuur 3.7 Identifisering met die skrywer in terme van ras	94
Figuur 3.8 Identifisering met die skrywer in terme van woongebied	95
Figuur 3.9 Identifisering met die taalgebruik in die artikels	97
Figuur 3.10 Deelnemers se houding ten opsigte van die Kaapse spelling van woorde	103
Tabel 3.1 Gemiddeldes vir die identifisering met en die aantreklikheid van die taalgebruik (minimum 1; maksimum 5)	99
Tabel 3.2 Gemiddeldes vir die aantreklikheid, houding en teksbegrip van die artikels (minimum 1; maksimum 5)	100

## Hoofstuk 1

### Agtergrond tot studie

#### 1.1 Inleiding

Kaaps is 'n variëteit van Afrikaans wat met die ontstaan van Afrikaans in die sewentiende eeu oorspronklik as 'n vorm van Afrikaans ontstaan het en aanvanklik veral deur die slawe aan die Kaap gepraat is. Vandag is dit steeds 'n omgangstaal wat oorwegend deur die bruin en Moslemgemeenskap van Kaapstad en die omliggende areas gepraat word.

Volgens Hendricks (2012a:97) het Kaaps 'n sosiolinguistiese en geolektiese karakter. Sosiolinguisties kan Kaaps beskryf word as 'n variëteit van Afrikaans wat veral deur die werkersklas gepraat word waarvan die sprekers oorwegend Kaapse Moslems en bruin mense is, maar wat ook wit sprekers insluit. Aangesien die oorgrote meerderheid van sy sprekers bruin is of Maleise afstammeling is, word dit as 'n Afrikaanse kleurvariëteit bestempel. Hendricks (2012a:97) beskou Kaaps ook as geolekties aangesien dit geografies "tot die Kaapse Skiereiland en omgewing met die Bo-Kaap en Distrik Ses as historiese bakermat" beperk is vanwaar dit met verloop van tyd na die Kaapse Vlakte uitgebrei het.

Kaaps word gekenmerk deur 'n hoë mate van Engelse invloed. Dit sluit in die spontane vermenging van Afrikaans en Engels, direkte ontlenings uit Engels, sowel as die verafrikaansing van Engelse woorde, bv. [ɔldœu] (although) of [xətra:i] (try). Die leksikon bevat ook heelwat invloed uit die Moslem- en Maleiergemeenskap met woorde soos *salaam* wat 'n algemene groetvorm in Kaaps is. Leksikale items wat frekwent voorkom en binne 'n ander konteks gebruik word as in Standaardafrikaans, is ook volop bv. *gevaarlik* of *duidelik* met die betekenis van goed en lekker, soos *Hy speel* [xəfa:lək] (gevaarlik) *rugby*. Verder bevat Kaaps ook heelwat uitdrukkings wat kenmerkend is van die variëteit, bv. *Kom ons* [ma:ts] (march) vir *kom ons loop*.

In terme van uitspraak word Kaaps gekenmerk deur onder meer vokaalverhoging bv. [uk] (ook), vokaalverlaging soos in [xakɔm] (gekomp), die

weglating van die r-klank bv. [væk] (werk) asook die weglating van die n-klank in woorde soos [ɔ:s] (ons). Verder word [j] algemeen as [dʒ] uitgespreek, bv. [dʒəi] (jy).

Sintaktiese verskynsels wat eie is aan Kaaps sluit onder andere in die gebruik van die lidwoord *die* voor 'n pleknaam en die verdubbeling van die setsel as voor- en agtersetsel, byvoorbeeld *Ek bly in die Lavender Hill in*. Morfologies varieer Kaaps ook van Standaardafrikaans met onder andere die inbedding van die Afrikaanse verledetydsvorm met 'n Engelse woord, bv. *ge-worry* en die oortollige byvoeging van die postmorfeem by byvoeglike naamwoorde, bv. *bietere* uitgespreek as [bitərə] vir beter, *oralster* uitgespreek as [oralstə] vir oral en ook by werkwoorde soos *skrywe* (skryf).

Vroeër is daar neerhalend deur akademici na die variëteit verwys as “die krom taal van die kleurling” (Weideman, 1964), “die bruinmens se eie seggens” (Kannemeyer, 1965) en “Kleurlingtaal”, “Kleurling-Afrikaans”, “Capy” of “Gammat-taal” (Small, 1972). Gevolglik is kleur sterk gekoppel aan die variëteit en beskou binne die konteks van die apartheidsregering van die jare 1948 tot en met 1994, is daar neergesien op enige vorm van Afrikaans wat verband hou met bruin of swart mense. Kaaps en ander kleurvariëteite is gevolglik volgens Hendricks (2012a:98) “ooreenkomstig 'n hiërargiese perspektief op taalverskeidenheid en as uitvloeisel van die standaardisering van Afrikaans gemarginaliseer en gestigmatiseer.”

Alhoewel Kaaps oorwegend as 'n spreektaal bly voortbestaan het, ontwikkel dit aanvanklik in die veertigerjare, met die prosawerk van S.V. Petersen en later in die sestigerjare, met die werk van Adam Small, as 'n skryftaal. Adam Small gebruik, nes Petersen, tipiese Kaapse elemente in sy digkuns en dramas en dit is dan ook Small wat in die sestigerjare die naam “Kaaps” aan die taalvorm gee, juis om weg te doen met die negatiewe benamings wat aan die variëteit van Afrikaans gegee is. In 'n gesprek met Ronnie Belcher stel Small (1972) dit ook duidelik dat Kaaps geen “snaaksigheid” is nie, maar 'n “volwaardige taal”.

Small lewer met sy skryfwerk en uitsprake oor Kaaps dus baanbrekerswerk, nie net om Kaaps as skryfvorm gevestig te kry nie, maar ook om die negatiewe stigma wat aan die taalvorm of variant van Afrikaans kleef, tot 'n mate af te breek. Hy wys ook op die rol wat Kaaps speel in die vorming van identiteit van sy sprekers. Small se werke het dus 'n groot bydrae gelewer tot die “opbloei in die gemengde Afrikaans-Engelse Kaaps” wat in die tagtigerjare deur Coetzee (2005) beskryf word. February in Coetzee (2005) beskryf die vorm van Kaaps wat gedurende die tagtigerjare in die letterkunde neerslag vind as 'n tipe “bevryde Afrikaans” wat gebruik word in “anderskleurige sprekers se soektog na 'n identiteit en ook as 'n instrument van bevryding uit ou verhoudings.”

In geskrewe vorm vind Kaaps dus in die veertigerjare in die prosa van S.V. Petersen neerslag en ontwikkel dit as skryftaal sedert die sestigerjare grotendeels in die digkuns, prosa en drama in die werke van onder andere Adam Small, Peter Snyders, Patrick Peterson, Marius Titus, André Boezak, Vernie Plaatjies, Melville Whitebooi, Loit Sôls, Nathan Trantraal, Ronelda Kamfer en Anastasia de Vries. In geskrewe vorm bly die gebruik van dié variant van Afrikaans grotendeels beperk tot die letterkunde. In 2003, met die ontstaan van die dagblad, *Son*, betree die “gemengde Afrikaans-Engelse Kaaps”, soos beskryf deur Coetzee (2005), die joernalistiek en word Kaaps gebruik om in die vorm van 'n dagblad verslag te doen oor nuusgebeure. Gevolglik ontstaan daar opnuut kritiek oor die wenslikheid van die gebruik van 'n niestandaardvariëteit van Afrikaans in geskrewe vorm.

## **1.2 Agtergrond**

Navorsing oor die gebruik van Kaaps in die geskrewe vorm, is ook hoofsaaklik beperk tot studies wat die gebruik van dié variëteit in die letterkunde of drama ondersoek, soos studies deur onder andere F. Hendricks (1978, 2012a), A. Coetzee (2005) en D. Erasmus (2006) asook studies wat die gebruik van Kaaps in gedrukte advertensies ondersoek (Saal en Blignaut, 2011). 'n Taalkundige ondersoek na die gebruik van variëteite, of meer spesifiek Kaaps, in poniekoerante is nog nie gedoen nie.

Alhoewel daar al heelwat joernalistieke navorsing oor poniekoerante, onder andere die Afrikaanse poniekoerant *Son*, gedoen is, behels dié studies ondersoek na die inhoud van poniekoerante, eerder as die taalgebruik. Die taalgebruik van *Son* is dus tot op hede weinig nagevors. Christo van der Rheede (2011) het wel onlangs 'n studie gedoen oor die rol wat Afrikaanse poniekoerante soos *Son* kan speel om die sosiale, opvoedkundige en ekonomiese waarde van Kaapse Vernakulêre Afrikaans te ontsluit. Alhoewel hy in die studie die taalgebruik van *Son* bespreek, lê die fokus daarop om Kaapse Afrikaans op 'n groter skaal te ontsluit en te bevorder, eerder as wat die taalgebruik taalkundig ondersoek is. Die doel van hierdie studie is om 'n taalkundige ondersoek te doen van *Son* in 'n poging om te bepaal tot watter mate die taalgebruik in *Son* 'n weerspieëling van Kaaps is.

### **1.2.1 Agtergrond van *Son* en ander poniekoerante in Suid-Afrika**

*Son* is die eerste en enigste Afrikaanse poniekoerant in Suid-Afrika wat in 2003 die lig gesien het as 'n weekblad, waarna dit in 2005 as 'n dagblad beskikbaar geword het. Tans verskyn dit slegs in die Wes- en Oos-Kaap met die doel om die laer-inkomste Afrikaanse gemeenskappe van inligting te bedien (Van der Rheede 2011:1).

Die eerste Suid-Afrikaanse poniekoerant, *Sunday Sun*, is in 2001 uitgegee, waarna *Daily Sun*, die eerste poniekoerant wat as dagblad verskyn het, gevolg het. Daarna het nog Engelse poniekoerante soos *Daily Voice* en *Sowetan* gevolg. Vandag is poniekoerante die grootste verkopers van koerante in Suid-Afrika en dit word besit deur groot mediamaatkappye soos *Media 24* en *Independent*.

*Daily Sun* is die grootste verkoper van koerante in Suid-Afrika met 'n sirkulasiesyfer van 374 400 terwyl *Son* die grootste verkoper van Afrikaanse koerante in Suid-Afrika en die grootste verkoper van dagblaaie in die Wes-Kaap is. *Son* se sirkulasiesyfer in 2012 van 103 056 is aansienlik hoër as sy Afrikaanse opposisie in die Wes-Kaap, nl. die breëbladkoerant, *Die Burger* se

63 139 (Ads24 2012). Volgens dié navorsing het die leserstal van *Son* sedert 2009 geleidelik gegroei van 2,4 persent volwassenes tot 3,3 persent volwassenes in Junie 2011 waarna dit effens afgeneem het na 3 persent in Junie 2012. De Vries (2012) dui daarop dat met die koms van *Son* die sirkulasiesyfers van hoofstroomkoerante soos *Die Burger* en *Rapport* opmerklik gedaal het, in teenstelling met die sirkulasiesyfers van *Son* wat bestendig gebly het en selfs groei getoon het. Sy vra die vraag of die rede hiervoor is dat *Son* meer bekostigbaar is (in 2013 is die prys van 'n *Son* slegs R3,20 teenoor *Die Burger* waarvan die prys op woensdae net meer as dubbeld daarvan is, nl. R6,50) of speel die taal wat gebruik word om die gemeenskapstories te vertel 'n deurslaggewende rol.

Alhoewel poniekoerante reeds sedert die 19de eeu in Brittanje en die VSA bestaan, het poniekoerante eers onlangs, na die politieke veranderinge, in Suid-Afrika verskyn. Voor die demokratiese verkiesing in 1994, het die apartheidsregering koerante gemuilband deur streng wetgewing, sensuur, teistering en tronkstraf. In die 1980's is twee noodtoestande in Suid-Afrika aangekondig wat daartoe gelei het dat sensuurwetgewing versterk is (South Africa.info, 2008). Matsebatlela (2009:41) stel dit dat die wetgewing koerante nie net beheer het ten opsigte van dit wat hulle mag publiseer nie, maar dat die wetgewing wat gegrond was op rassistiese diskriminasie, koerante wat deur swart mense bestuur was of op swart mense gemik was, selfs verban het.

Wat die Afrikaanse hoofstroommedia betref, is daar volgens Truter (2005:8) voor 1994 “'n wit Suid-Afrika vir 'n wit publiek geskryf. Die leefwêreld en aspirasies van wit Suid-Afrikaners is weerspieël asof dit al werklikheid was wat bestaan het. Die gevolg was 'n wit, eng en openbare sfeer wat die bestaan van ander publieke misken het.”

Met die politieke transformasie ná 1994 is die onus op die media geplaas om self die integriteit van die profesie te herstel binne 'n demokratiese land en een van die gevolge was die verskyning van verskeie poniekoerante wat gemik is op die swart en bruin mark (Truter 2005:9).

Poniekoeante of tabloids verwys nie net na die A3-formaat van die koerant nie, maar ook na die inhoud. Biressi en Nunn (2008:7) beskou poniekoeante as 'n koerant wat vermaak, menslike belang en kommersiële winsgewendheid prioritiseer en teenoor ernstige en sosiale verantwoordelike joernalistiek staan. Verder lok die sensasionele inhoud kritiek uit as gevolg van die voyeuristiese en skaamtelose uitbuiting van gewone mense. Daarom dat die algemene beskouing van baie mense volgens Örnebring en Jönsson (2008:23) is dat poniekoeante die standaard van die openbare diskoers verlaag deur vereenvoudiging en verpersoonliking, en dat dit op sensasie en skandale floreer.

Die geelperspublikasies, dit is publikasies met 'n sensasionele aanslag wat daarop gemik is om skandes van bekendes oop te vlek en waarvan poniekoeante deel vorm, word volgens Botha (2009) onderskei van ernstige of middelmoetpublikasies (publikasies of koerante wat fokus op harde sowel as sagte nuus) deur drie kenmerke, nl. nuustemas, taal en styl. Nuusitems oor skandes, skindernuus, seks en misdaadstories is volop. Die taalgebruik is "loslit" en het 'n geselserige styl en krutaal word gebruik.

Alhoewel die meeste mense poniekoeante assosieer met bogenoemde nuusinhoud, stel Smith (2012:49) dit dat die poniekoeant, *Son*, se sukses lê in die plaaslike nuus wat fokus op die bruin gemeenskap, eerder as die skinder- en seksstories. Daarom dat sy 'n onderskeid tref tussen supermark – en nuusponies. Supermarkponies fokus op bekendes se skandes, sport en seks en sluit in tydskrifte soos *Heat* terwyl nuusponies meer klem plaas op harde nuus soos misdaad, politiek, mensstories en sport (Smith 2012:51).

Poniekoeante se teikenmark is, net soos dié van *Son*, volgens Wasserman in Botma (2011) dikwels arm en gemarginaliseerde gemeenskappe. Volgens Edwin Lombard, assistent-redakteur van *Son*, is *Son* se teikenmark bruin



lesers in die Wes- en Oos-Kaap in die LSM 3-7 groep<sup>1</sup> en is die doel van die koerant om dié lesers se drome, ideale, oorwinnings en prestasies aan die groot klok te hang (Persoonlike korrespondensie 2012, sien Addendum A). Die stories wat *Son* plaas, sluit volgens Smith (2012) direk aan by dié lesers se leefwêreld.

Ander Afrikaanse hoofstroomdagblaai wat in die Wes-Kaap verskyn, is slegs *Die Burger* waarvan die teikenmark tot 'n groot mate verskil van *Son*. Die teikenmark van *Die Burger* is hoofsaaklik wit mense, maar sluit ook bruin Afrikaanssprekendes in wat in die LSM 7-10 groep val. As gevolg van die verskillende teikengroepe waarvoor die twee koerante skryf, sal die inhoud asook die taalgebruik dienooreenkomstig verskil.

*Son* bevat volgens Smith (2012:49) gemeenskapstories wat die lesers direk raak en wat nie in ander hoofstroomkoerante verskyn nie. Dit sluit stories in oor armoede, werkloosheid en bende- en dwelmverwante misdaad. Daarom dat Smith *Son* beskou as “n spieël wat hulle (die lesers se) alledaagse omstandighede weergee.” *Son* gee volgens Smith (2012:49,50) ook nuttige inligting en wenke aan sy lesers, bv. raad van 'n prokureur, werktuigkundige, wenke oor kindersiektes, karre en bysteke.

Poniekoeerante insluitende *Son* gee ook volgens Harber in Rabe (2005:9) 'n stem aan voorheen gemarginaliseerde gemeenskappe deur aandag te gee aan kwessies wat saak maak in hulle lewens soos behuising, gesondheidsorg, onderwys en sekerheid. Du Plessis in Viljoen (2005) stel dit dat poniekoeerante vir hulle lesers 'n “beuel” gee om op te blaas en 'n “vuur (is) waarom hulle kan bymekaarkom en dit beklemtoon dat hulle ook belangrik is.” Die eintlike waarde van poniekoeerante is volgens Truter (2005:13) die feit dat *Son* 'n medium is “waartoe ekonomies gemarginaliseerde groepe toegang het en waarin hulle representasie kry.”

---

<sup>1</sup> LSM (Living Standard Measure) is 'n metode wat deur die SAARF (South African Audience Research Foundation) gebruik word om die Suid-Afrikaanse mark volgens hulle lewenstandaard te segmenteer. LSM 1 verwys na 'n groep met die laagste lewenstandaard terwyl LSM 10 na 'n groep met die hoogste lewenstandaard verwys.

Seks-artikels kom egter steeds voor in *Son*, maar volgens Smith (2012:50) het *Son* stelselmatig begin wegbeweeg van die tradisionele poniekoerantresep. Die berugte kaal meisie en seksstories op bladsy drie het nou plek gemaak vir *Sonskynnuus*, positiewe gemeenskapsnuus waar plaaslike helde vereer word. Die teemtante van *Son*, Antie Mona, se rubriek lewer wel nog skinderstories, humor en taboe-onderwerpe op en in dié rubriek word 'n ding nog op sy naam genoem.

Wat die taalgebruik betref, word 'n informele vorm van Afrikaans wat deur sommige as Kaaps beskou word, as skryftaal in *Son* gebruik. Volgens Edwin Lombard (Persoonlike korrespondensie, 2012) poog *Son* om die taal wat in die koerant gebruik word so na as moontlik aan die monde van die lesers te hou, met ander woorde om te skryf soos die lesers praat. De Vries (2012) beskou die taalgebruik van *Son* as “'n rou, ongeredigeerde taaldokument van Kaaps as she is spoken, 'n daaglikse taalhandboek uit die mond en uit die hand van die mense, 'n verskeidenheid sprekers en gemeenskapskenners van 'n taalgebruiksvorm waarna ons as Kaaps verwys.” As gevolg van die spontane vermenging van Afrikaans en Engelse woorde in Kaaps, bevat die taalgebruik in *Son* ook heelwat Engelse woorde. Volgens navorsing deur Smith (2012:51), beskou die lesers van *Son* die taalgebruik in *Son* as 'n onsuiwer, plat Afrikaans, maar 'n taal wat hulle (die lesers) self praat.

Eksplisiete taal of taboewoorde is gereeld in die beginjare van *Son* gebruik. Dit sluit in kru taal en vloekwoorde, sowel as diskriminerende taalgebruik wat aanstoot kan gee. Die opsetlike gebruik van vloekwoorde wat as kenmerkend van Kaaps voorgehou is, is egter volgens De Vries (2012) en Lombard (persoonlike korrespondensie 2012, sien Addendum A) sedertdien uit die koerant geweer.

Die platvloerse taalgebruik en die skrapsgeklede bladsy 3-vrou, wat soos reeds genoem intussen weer uit die koerant geweer is, het volgens Bothma in Hugo (2009:133) gereeld kritiek uitgelok. Die informele taalgebruik het ook volgens Bothma daartoe gelei dat taalpuriste “gereeld beswaar gemaak (het)

teen die koerant se gebruik van 'n soort 'Kaaps' – informele mengsel van Afrikaans en Engels”

Alhoewel *Son* onder heelwat kritiek van joernaliste, akademici en gewone mense deurloop en daar volgens Wasserman in Bothma (2011) 'n “outomatiese elite-afkeur” van poniekoerante is as gevolg van die inhoud en taalgebruik, speel dit 'n positiewe rol in die gemeenskappe wat die koerant lees. In die eerste plek kry dit mense aan die lees. Koopman, redakteur van *Son*, in Viljoen (2005), stel dit dat navorsing deur *Son* bewys het dat mense wat nie voorheen koerant gelees het nie, nou *Son* lees. Du Plessis (2005:18) beaam die stelling deur te sê dat *Son* lesers gemaak het van derduisende mense wat nooit koerante gelees het nie en 'n rol speel in die vestiging van koerantlees as 'n gewoonte. Volgens Harber (2004) is Suid-Afrika een van die min lande in die wêreld waar die getal koerantlesers styg. Dit is dus duidelik dat poniekoerante en *Son* 'n rol speel om lees en koerantlees onder mense aan te moedig.

Navorsing deur Van der Rheede, (2011:1) het ook bevind dat *Son* 'n platform bied vir die “ontsluiting van opvoedkundige en ekonomiese waarde van Afrikaanse variëteite, spesifiek Kaapse Vernakulêre Afrikaans.”

Kort ná die verskyning van *Son* in die Wes-Kaap, is die koerant met dieselfde Kaapse taalgebruik ook in die noordelike provinsies versprei, maar volgens De Vries (2012) het dit 'n vroeë dood gesterf. Die mislukking van *Son* in die noordelike provinsies laat twee vrae ontstaan, naamlik of die taalgebruik van *Son* nie meer deurslaggewend is in *Son* se sukses as die inhoud van die koerant nie en of die Kaapse taalgebruik 'n beduidende invloed het op die mate waartoe die lesers met die koerant identifiseer.

In 'n poging om antwoorde op die vrae te vind, moet Kaapse Afrikaans eerstens as 'n variant van Afrikaans ondersoek word waarna daar bepaal word tot watter mate dit neerslag vind in die *Son*-artikels. In die studie word die taalgebruik in *Son*-artikels taalkundig ondersoek om te bepaal tot watter mate Kaaps weerspieël word in die taalgebruik. Verder word die identifisering met

die taalgebruik van *Son* ondersoek deur middel van 'n vraelys (sien Addendum B) wat onder Kaapssprekende tienerlesers afgeneem is.

### 1.2.2 Konteks van die navorsingsgroep

Kaapse Afrikaans word in die studie bespreek as 'n variëteit soos wat dit voorkom in spesifieke geografiese areas, nl. Retreat, Lavender Hill, Grassy Park, Steenberg en Mitchells Plain, en soos gebruik deur persone wat deel uitmaak van 'n spesifieke sosiale groep. Vir die doel van die studie is 71 graad 12-leerders van 'n voormalige Model C-skool<sup>2</sup> in 'n suidelike voorstad van Kaapstad, geselekteer om aan die studie deel te neem om te bepaal tot watter mate die Kaapssprekende tienerleser kan identifiseer met die taalgebruik in *Son* en tot watter mate hulle die taalgebruik in *Son* identifiseer as Kaaps. Die spesifieke groep is geselekteer aangesien die meeste van hulle sprekers van Kaaps is en in gemeenskappe woon waar Kaaps die moedertaal van die meeste van die inwoners is.

Alhoewel die betrokke skool histories 'n wit Afrikaanse Model C-skool was, is die meerderheid van die leerders tans bruin met slegs 'n handjievol wit leerders wat nog hier skoolgaan. Tans is daar 'n groei in swart leerdergetalle, maar die skool bestaan oorwegend uit bruin leerders wat deel vorm van 'n lae sosio-ekonomiese groep. In 2013 is daar 590 leerders by die skool ingeskryf. Met die eeuwisseling het die betrokke skool oorgeskakel na 'n dubbelmediumskool en alle aanduidings is dat dit in die nabye toekoms 'n Engelsmedium skool sal word aangesien daar oor die afgelope paar jaar 'n skerp afname was in die inskrywing van Afrikaanse leerders.

Skole binne 'n 5 km-radius in die area sluit in werkersklashoërskole soos Crestway Senior Sekondêre Skool en Hoërskool Sibelius in Retreat, Steenberg Sekondêre Skool en Lavender Hill Sekondêre Skool. Stabiele

---

<sup>2</sup> Model C-skole is skole wat gedurende die Apartheidsjare vir wit leerders gereserveer is en in 1991 volgens die wet van Model C-skole toegelaat is om op grond van die besluite van die beheerliggaam hulle status as blanke skole na nierassige skole te verander en anderskleuriges toe te laat.

middelklasskole sluit skole in soos Hoërskool Heathfield, Hoërskool Grassdale en Grassy Park Sekondêre Skool in Grassy Park terwyl omliggende voormalige Model C-hoërskole onder andere skole insluit soos Hoërskool Zwaanswyk, Hoërskool Muizenberg, Hoërskool Bergvliet en Norman Hensilwood in Constantia.

Die tieners wat vir die studie geselekteer is, is in die ouderdomsgroep 17 tot 19 waarvan 32 seuns en 39 meisies is. Die oorgrote meerderheid van die navorsingsgroep, nl. 62, is bruin tieners, terwyl 8 tieners waarvan almal dogters, wit is en slegs 1 tiener, ook 'n dogter, swart is. Van die 71 leerders wat aan die studie deelneem, is 35 in die klas vir Afrikaans huistaal, terwyl die oorblywende 36 in Engels onderrig word. Alhoewel meer as 36 van die leerders hulle huistaal as Engels sal aandui, woon hulle in gemeenskappe waar Afrikaans die moedertaal is en as 'n omgangstaal gebruik word.

Die meeste van die tieners woon op die Kaapse Vlakte in Kaapstad, meer spesifiek in die suidelike dele van die Kaapse Vlakte, nl. Retreat, Lavender Hill, Grassy Park, Steenberg en Mitchells Plain. Histories bestaan die Kaapse Vlakte uit voorheenbenadeelde bruin gemeenskappe wat as gevolg van die gedwonge verskuiwings weens die Groepsgebiedewet na dié gebiede verskuif is of wat uit eie keuse daarheen verhuis het en gevolglik vandag steeds daar woon. Die gevolg van die gedwonge verskuiwings was dat die mense in isolasie van ander sosiale groepe gewoon het en uiteindelik aparte skole, kerke, ens. bygewoon het.

Alhoewel bruin kinders tydens apartheid as gevolg van die apartheidwetgewing verplig was om skole van hulle spesifieke rassegroep in die bruin gemeenskappe by te woon, het ouers sedert 1991 weens die oopskolebeleid wat toe geïmplementeer is, 'n keuse oor die skole waarin hulle hulle kinders wil plaas. Volgens Johnston (2006:4,66) is leerdermigrasie uit werkersklasskole op die Kaapse Vlakte, soos Lavender Hill, na stabiele middelklasskole en voormalige Model C-hoërskole, tans 'n algemene verskynsel. Die rede hiervoor is dat ouers nie hulle kinders na skole met maatskaplike probleme soos dwelmgebruik, bendebedrywighede, geweld,

vandalisme, ens. wil stuur nie. Johnston (2006:4,73) argumenteer ook dat die leerdermigrasie toegeskryf kan word aan klasbewussyn en klasaspirasies van die ouers, sowel as die feit dat stabiele middelklasskole Engels as voertaal gebruik.

Die gemeenskappe waar die navorsingsgroep woon, word gekenmerk deur armoede, werkloosheid, dwelmmisbruik, geweld en bendegegeweld. Lavender Hill word veral deur bendebedrywighede en geweld geteister. Weens die historiese agterstand van die mense wat hier woon, is daar ook 'n lae vlak van geletterdheid onder veral die ouer inwoners van die gebied. Die gevolg is dat inwoners van die areas grotendeels deel uitmaak van die werkersklas en lae sosio-ekonomiese groep. As gevolg van die lae inkomstevlak van die inwoners van die areas, is die soort behuising wat hier voorkom hoofsaaklik woonstelle, skakelhuse of klein twee- of drieslaapkamerhuse.

Wat godsdienste betref, maak die navorsingsgroep deel uit van 'n gemeenskap waarvan die meerderheid Christene is, maar die Moslemgeloof maak ook 'n groot deel uit van die gemeenskap. Die gevolg is dat Arabiese woorde of woorde wat verbind kan word met die Moslemgeloof in sowel die Christeniers as die Moslemiers se omgangstaal voorkom. Afrikaans en Engels word gebruik as godsdienstaal in Christelike kerke, terwyl Afrikaans, Engels en Arabies as godsdienstaal in die moskee gebruik word.

Afrikaans is volgens Dyers (2008:51) die moedertaal van die meeste bruin mense in Suid-Afrika van wie die meerderheid in die Wes-Kaap woon. Volgens Sensus 2011 is Afrikaans die moedertaal van die meerderheid mense in die Wes-Kaap met 49,7% wat Afrikaanssprekend is, 20,2% wie se moedertaal Engels is en 24,7% wie se moedertaal Xhosa is (sien figuur 2.2 in hoofstuk 2). Die tweetaligheid in Afrikaans en Engels by die bruin gemeenskap in die Wes-Kaap wissel egter volgens Dyers (2008:51), van hoofsaaklik Engels in sekere areas tot hoofsaaklik Afrikaans in ander gebiede. Alhoewel baie bruin mense met Afrikaans identifiseer, is daar volgens haar 'n duidelike verskuiwing na Engels, veral onder middelklas bruin gesinne. Die tendens word bevestig wanneer die persentasie Afrikaanssprekendes in die

Wes-Kaap, soos opgeneem in die 1996 sensus met die 2011 sensus vergelyk word. Waar daar in 1996 59.2% mense in die Wes-Kaap was wat Afrikaans aangedui het as hulle moedertaal, is daar in 2011 slegs 49,7% Afrikaanssprekendes.

'n Algemene tendens wat tans bestaan, is dat Afrikaanssprekende ouers wat op die Kaapse Vlakte woon, hulle kinders in Engelse skole of in Engelse klasse plaas. Die rede vir die inskrywing van Afrikaanse kinders in Engelse klasse of skole, is dat ouers glo hulle kinders beter geleenthede sal hê indien hulle Engels is. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word, nl. die oënskynlike verengelsing van die regering in die praktyk, die feit dat meeste tersiêre instansies slegs Engels as voertaal gebruik en Engels 'n hoër status in Suid-Afrika het as gevolg van die gebruik in die hoër funksies. Verder word Engels onder bruin mense wat in dié gebiede woon ook geassosieer met rykdom, welvarendheid en geleerdheid en dit kan ook beskou word as 'n rede waarom daar 'n taalverskuiwing na Engels plaasvind.

Engels word gevolglik die taal wat in die huis gepraat word. Ouers probeer hulle kinders in Engels opvoed en grootmaak, maar Afrikaans bly steeds die omgangstaal op die Kaapse Vlakte. Sodra die kinders op straat is of by hulle vriende is, praat hulle Afrikaans oftewel Kaaps. Alhoewel die tieners se huistaal dus Engels is en hulle in Engels onderrig word, word hulle groot in 'n Afrikaanse omgewing en dit is die taal waarin hulle met vriende gesels of wat hulle in hulle gemeenskappe gebruik. Kodewisseling vind dus voortdurend plaas tussen Afrikaans en Engels. Waar Engels gebruik word in die huis en in die klaskamer, word Afrikaans gebruik vir informele verkeer met vriende en op straat. Kodevermenging is ook 'n algemene verskynsel as gevolg van die bevoegdheid in beide tale. Dit is egter baie belangrik om daarop te let dat die Afrikaans wat in die gemeenskappe gebruik word, nie Standaardafrikaans is nie, maar Kaaps.

Dyers (2008:52) stel dit dat ongeag die feit dat daar 'n taalverskuiwing na Engels plaasvind in die gemeenskappe, Afrikaans, oftewel Kaaps, 'n belangrike deel van die gemeenskap se etnolinguïstiese kultuur bly.

As gevolg van die kontaksituasie tussen Afrikaans en Engels ontstaan 'n taalgebruik by die tieners wat 'n vermenging van Afrikaans en Engels is. Die vermenging van die twee tale is kenmerkend van Kaaps, maar kan ook beskou word as demotiese Afrikaans, 'n begrip wat deur Ponelis (2009) as 'n populêre taal beskou word en gekenmerk word deur "n ontsettend hoë mate van Engelse invloed". Die graad van Engelse invloed is hoër in demotiese Afrikaans as in gewone omgangstaal wat gedefinieer kan word as "die spontane en informele taal van die daaglikse lewe" (Odendal & Gouws 2009).

Hiervolgens beskou Ponelis Kaapse Afrikaans as 'n vorm van demotiese Afrikaans wat in 'n spesifieke geografiese area gebruik word. Hy maak dit egter duidelik dat demotiese Afrikaans baie vorme het waarvan Kaaps slegs een is. Hy stel dit verder dat 'n klassieke variëteit teenoor die demotiese variëteit staan en die verskynsel wat ontstaan wanneer die twee variëteite met mekaar afgewissel word, bekendstaan as diglossie.

In die geval van die tieners onder bespreking, word Kaapse Afrikaans net as 'n demotiese variëteit gebruik, dit wil sê net as omgangstaal in die gemeenskap en tussen vriende en familie terwyl Standaardafrikaans, wat as die klassieke variëteit beskou kan word, as onderwystaal, lees- en skryftaal en in sommige gevalle ook as geloofstaal gebruik word.

Die navorsingsgroep wat aan die studie deelgeneem het, naamlik die Kaapssprekende tieners, vorm deel van die teikengroep van die poniekoerant *Son*, aangesien die tieners deel vorm van 'n lae sosio-ekonomiese bruin gemeenskap en 'n vorm van Kaaps gebruik in sosiale omgang. Kaaps vorm ook deel van hulle etnolinguistiese kultuur en identiteit.

Om dié rede is die spesifieke groep tieners geselekteer om te bepaal of die taalgebruik in die poniekoerant, *Son*, 'n egte weerspieëling is van die Kaapse taalgebruik wat op die Kaapse Vlakte gebruik word en tot watter mate die lesers van *Son* en die sprekers van Kaaps, kan identifiseer met die taalgebruik van *Son*.



### **1.3 Doel van die studie**

Deur 'n ondersoek na die demotiese (Kaapse) Afrikaans wat die Kaapssprekende tieners gebruik, is die primêre doelstelling van die studie om vas te stel tot watter mate *Son* dié demotiese vorm van Afrikaans gebruik in sy beriggewing. Dit wil ook bepaal in watter mate diglossie voorkom deur die afwisseling van Kaapse Afrikaans en Standaardafrikaans binne een artikel en tussen verskillende artikels in een uitgawe. 'n Sekondêre doel van die studie is om te bepaal tot watter mate die tienerlesers onder bespreking met die taalgebruik in *Son* kan identifiseer.

### **1.4 Hipotese**

Die tesis word gerig deur die volgende hipotese:

Die taalgebruik van die poniekoerant, *Son*, is 'n weerspieëling van die Kaapse Afrikaans waarmee hoofsaaklik bruin Afrikaanse tienerlesers identifiseer. Die taalgebruik sluit in Kaapse uitdrukkings, Kaapse spelvorme en die vermenging van Afrikaans en Engelse woorde soos gevind in die artikels sowel as die koppe van artikels in die *Son*.

### **1.5 Navorsingsvrae**

Die studie sal probeer om antwoorde op die volgende vrae te vind:

- Hoe geslaagd is die poging van *Son* om Kaapse Afrikaans te weerspieël?
- Kan die taalgebruik van *Son* beskou word as identiteitsmerker van bruin Kaapssprekendes uit lae sosio-ekonomiese groepe.

### **1.6 Metodologie**

Die studie sal uit twee gedeeltes bestaan, naamlik 'n teoretiese deel en 'n empiriese gedeelte.

Wat die teoretiese deel betref, sal 'n literatuurstudie onderneem word wat as agtergrondstudie vir die empiriese navorsing sal dien. Bronne wat taalverskeidenheid sowel as Kaapse Afrikaans bespreek, sal verken word en sluit onder andere in Holmes (1992), Yule (2010), O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996), Webb (1983), Van Rensburg (1989, 1997, 2010), Hendricks (1996, 2012a, 2012b), Klopper (1983), Kotzé (2001, 2009) en Ponelis (1994, 1998, 2009). 'n Studie van die bronne sal probeer om te bepaal wat die eienskappe van Kaapse Afrikaans, as 'n variëteit van Afrikaans, is en hoe dit afwyk van Standaardafrikaans.

Die sosiolinguistiese aard van Kaaps sal ook in die literatuurstudie bespreek word deur te verwys na meertaligheid, taalkontak, kodewisseling, diglossie en taalidentiteit. Bronne wat betrek sal word by die bespreking sluit onder andere in: Yule (2006, 2010), Coulmas (2005), O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996), Bowers (2006), Dyers (2007, 2008) en Ponelis (2009). Die bronne sal as riglyn gebruik word om te bepaal hoe Kaaps figureer binne 'n meertalige samelewing en watter rol Kaapse Afrikaans speel as identiteitsmerker by die sprekers van Kaapse Afrikaans en lede van 'n gemeenskap waar Kaapse Afrikaans oorwegend gebesig word.

Die empiriese studie bestaan eerstens uit die opstel en afneem van 'n vraelys by Kaapssprekende tieners. Voorts is 'n teksevaluering van verskeie *Son*-artikels uit verskillende uitgawes ook gedoen.

Inligting soos verkry uit die vraelys sal bepaal of die Kaapssprekende tienerlesers kan identifiseer met die taalgebruik in die artikels van *Son*, wat die tienerleser se houding jeens Kaapse Afrikaans is, sowel as hulle houding jeens die taalgebruik in *Son*. Verder wil dit die Kaapssprekende tienerleser se persepsie van *Son* as 'n dagblad bepaal en inligting omtrent die sosio-ekonomiese en kulturele agtergrond van die deelnemers insamel.

Die deelnemers aan die studie sluit in 71 bruin Kaapssprekende tieners van die betrokke skool waarvan 35 van die deelnemers in die Afrikaanse klas is terwyl die oorblywende 36 in Engels onderrig word. Alhoewel dié deelnemers

hulle huistaal as Engels aandui, woon die meerderheid van die deelnemers in gemeenskappe waar Kaapse Afrikaans oorheersend gebruik word en hulle ouers is meestal Afrikaanssprekend. Die deelnemers gebruik ook Kaapse Afrikaans onder bepaalde sosiale omstandighede. Die tieners kom uit lae sosio-ekonomiese gemeenskappe en dit sluit areas soos Retreat, Lavender Hill, Mitchell's Plain en Steenberg in. Hulle ouderdomme wissel tussen 17 en 19 jaar en hulle is in graad 12 met 'n gelyke verdeling van manlike en vroulike deelnemers.

Die data-analise sal grafies in tabelvorm weergegee word met 'n persentasie van elke veranderlike wat vanuit die tabel gegee word.

'n Teksevaluering van verskeie *Son*-artikels uit 12 uitgawes wat verskyn het tussen 9 Desember 2011 en 14 Oktober 2013 sal onderneem word om te bepaal watter Kaapse merkers voorkom in die taalgebruik van *Son*. Dit sal vasstel of die taalgebruik soos wat dit voorkom in die artikels en koppe van *Son*-artikels tiperend is van die taalgebruik van die tienersprekers van Kaapse Afrikaans en bepaal of dié taalgebruik 'n weerspieëling is van Kaapse Afrikaans soos wetenskaplik beskryf. Die taalgebruik in die artikels sal ontleed word in 'n poging om te bepaal vir watter effek Kaaps gebruik word en of die aard van die artikel 'n invloed het op die taal wat gebruik word.

## **1.7 Verloop van studie**

Die navorsingsprojek bestaan uit vyf hoofstukke en sien as volg uit:

Ná hoofstuk 1 wat as inleiding dien, volg hoofstuk 2 wat 'n teoretiese agtergrond van die internasionale taalwetenskap en taalverskeidenheid gee. Navorsing deur onder andere Fromkin en Rodman (1998), Yule, G (2010) en Holmes (1992) en Downes (1984,1998) word hier bespreek. Ook die Afrikaanse variasietaalkunde en taalverskeidenheid word in die hoofstuk bespreek en dit konsentreer spesifiek op Kaapse Afrikaans aan die hand van vorige studies deur onder andere V.N. Webb (1983, 1989), M.C.J. van

Rensburg (1989, 1990, 1997, 2010), R.M. Klopper (1983), E.Kotzé (2009,2010), A. Coetzee (2005), H. Willemse (2012) en F. Hendricks (1996, 2012a, 2012b). Die bespreking probeer ook om die verskille tussen Kaapse Afrikaans en Standaardafrikaans uit te lig en spesifieke Kaapse en Kaapse tienertaalkundige merkers te identifiseer.

Ook die begrip taalkontak en kulturele diffusie word bespreek na aanleiding van onder andere Davids (1994) se studie. Die begrippe vind aansluiting by Ponelis (1994, 2009) se studie oor demotiese Afrikaans, waar Kaapse Afrikaans beskou kan word as 'n vorm van demotiese Afrikaans op grond van die kenmerkende hoë gebruik van Engelse woorde. Die taalkontaksituasie tussen Afrikaans en Engels en die Engelse invloed op Afrikaans, spesifiek Kaapse Afrikaans, word na aanleiding van bogenoemde taalkundiges se navorsing voorgehou.

Die sosiolinguistiese aard van Kaaps soos dit voorkom binne 'n meertalige samelewing sowel as die verband tussen taal en identiteit word ook in hierdie hoofstuk bespreek soos ondersoek deur onder andere Yule (2006, 2010), Coulmas (2005), Bowers (2006) en Holmes (1992). Ook die spesifieke verband tussen Kaapse Afrikaans en die identiteit van sy sprekers soos nagevors deur Charlyn Dyers (2007, 2008), Hein Willemse (2010, 2012) en Fritz Ponelis (1994), word hier bespreek.

Hoofstuk 3 bevat 'n bespreking van die empiriese dataversameling deur die data-insamelingsproses en keuse van meetinstrumente te verduidelik. Die deelnemers aan die studie se sosiale en opvoedkundige agtergrond, die omstandighede waaronder die afneem van die vraelyste plaasgevind het, sowel as die onderskeie vrae van die vraelyste word hier bespreek.

Die bevindinge van die empiriese navorsing word voorts in die hoofstuk bespreek en weergegee in die vorm van tabelle. Inligting wat uit die vraelyste bekom is ten opsigte van die deelnemers se houding teenoor Kaapse Afrikaans, die taalgebruik in *Son*, sowel as die mate waartoe hulle identifiseer met die taalgebruik in die dagblad verskyn in die vorm van tabelle.

Die hoofstuk gee 'n interpretasie van die data en stel ondersoek in na die geslaagdheid van die taalgebruik in *Son* as verteenwoordigend van die sprekers van Kaaps. Dit bepaal ook of die Kaapssprekende tieners aanklank vind en kan identifiseer met die taalgebruik in *Son*. Die Kaapssprekende tieners se houdings en persepsies oor *Son* sowel as die taalgebruik van die koerant, word voorts ook in hierdie hoofstuk bespreek.

Hoofstuk 4 dui die kenmerkende Kaapse merkers aan wat oorheersend in die *Son*-artikels voorkom na aanleiding van 'n teksanalise van verskeie *Son*-artikels. Die hoofstuk bespreek die mate waarin die taalgebruik in *Son* ooreenstem met en verskil van die gesproke Kaaps in 'n poging om te bepaal of die taalgebruik in *Son* 'n egte weerspieëling van Kaaps is. Voorts word die diglossie-verhouding tussen Kaaps en Standaardafrikaans, soos wat dit voorkom in *Son*, ook bespreek.

Hoofstuk 5 gee as slothoofstuk 'n samevatting van die studie. 'n Gevolgtrekking wat vanuit die bevindinge van die studie voortspruit, word bespreek, die tekortkominge van die studie sowel as die moontlikheid van verdere studies word in die hoofstuk uitgelig.

## Hoofstuk 2

### Taalverskeidenheid en Kaapse Afrikaans

#### 2.1 Inleiding

Die moderne linguistiek erken die taalwerklikheid van variasie wat binne 'n taal bestaan. Aangesien taal 'n sosiale verskynsel is wat deur mense gebruik word, kan geen taal homogeen wees nie, maar die taalgebruik verskil van elke spreker binne 'n spesifieke taalgemeenskap. Die variasie wat binne 'n taal bestaan, word gevoed deur verskillende sosiale, kulturele, geografiese, situasionele en psigiologiese kontekste. Daarom word dié kontekste in ag geneem in die bestudering van taal in die moderne linguistiek ten einde 'n taalrealiteit te beskryf en te analiseer.

Hierdie benadering tot die taalwetenskap is 'n poging om weg te beweeg van die “konvensionele taalwetenskap” wat volgens Webb (1983) sedert De Saussure taal “gedekontekstualiseer en gedehumaniseer bedryf” het. Linguiste soos Noam Chomsky het taal bestudeer as 'n abstrakte verskynsel wat vervreem was van enige taalwerklikheid. Die taalgebruik van 'n ideale spreker-luisteraar in 'n uitsluitlik homogene spraakgemeenskap wat sy/haar taal perfek geken het, is ondersoek. Kritiek teen hierdie konvensionele taalwetenskap is dat dit 'n geïdealiseerde taalwetenskap is wat variante wat binne 'n taal bestaan, wegabstraheer en nie verteenwoordigend is van die hele gemeenskap se taal nie, maar slegs een vorm van die taal ondersoek, naamlik die standaardvorm (Webb 1983, Van Rensburg 1983).

Daarenteen is die doel van variasiestudies om taal te beskryf in al die skakerings waarin dit voorkom. Taalvariasie is aanvanklik bestudeer in taalgeografiese studies waar die verband tussen die variëteite wat binne 'n taal bestaan en die geografiese ligging van sy sprekers ondersoek is. Sedert die werk van William Labov en Joshua Fishman in die 1960's het daar egter 'n al groter belangstelling in die verband tussen taal en sosiale verskynsels ontstaan. 'n Variasiegeoriënteerde benadering tot die taalwetenskap ondersoek gevolglik taal binne 'n sosiale konteks en poog om die verband

tussen sosiale verskille tussen mense en taalverskille te analiseer en te beskryf ten einde sosiaal relevant te wees.

Die formele studie van Afrikaanse variëteite het volgens Du Plessis (2001:69,77) eers in die laat sestiger-, middel sewentigerjare 'n aanvang geneem met veral die variasienavorsing van Christo van Rensburg. Die stryd om Afrikaans as 'n kultuurtaal te vestig teen die einde van die negentiende eeu en die politieke ideologie van apartheid in die eerste helfte van die twintigste eeu, het daartoe gelei dat variëteite van Afrikaans misken of as minderwaardige taalvorme beskou is, terwyl Afrikaans gelykgestel is aan Standaardafrikaans (Du Plessis, 2001:70). Vandag word 'n gelykevlakbenadering tot die Afrikaanse variasietaalkunde gevolg wat die diversiteit binne Afrikaans erken.

Hierdie hoofstuk bied 'n teoretiese verkenning van taalverskeidenheid en die rol wat taalverskeidenheid binne 'n taal speel. 'n Bespreking van taalvariasie as 'n linguistiese verskynsel, soos dit onderskeidelik voorkom in die gesproke en geskrewe vorm, sal 'n diepteondersoek na 'n spesifieke variëteit van Afrikaans, naamlik Kaapse Afrikaans voorafgaan.

Alhoewel daar verwys word na geografiese variase sal 'n sosiolinguistiese benadering gevolg word om die Afrikaanse variëteit, Kaaps, te bespreek. Die sosiale konteks waarbinne taalvariasie voorkom, sal deel uitmaak van die bespreking. Die studie sal egter nie net fokus op die sosiale en kulturele aspekte van die sprekers van 'n taal, naamlik ras, geslag, beroep, ouderdom en sosio-ekonomiese status nie, maar ook op formele en informele kontekste waar verskillende variante van 'n taal gebruik word. Verder sal die hoofstuk die wyse bespreek waarop Kaaps figureer in 'n meertalige samelewing waar taalkontak, kodewisseling en diglossie voorkom, asook die verband wat tussen taal en identiteit bestaan.

## 2.2 Taalvariasie

Geen taal is homogeen nie. Aangesien die sprekers van 'n taal deel uitmaak van verskillende subkulture, geografiese omgewings, sosiale groepe, ens., verskil die manier waarop hulle taal gebruik ook tot 'n mate. Die verskil in taalgebruik staan bekend as taalvariasie en die betrokke taalgebruik word gevolglik ook kenmerkend van 'n spesifieke groep.

Linguistiese variasie kom voor in terme van die leksikon, uitspraak, sinskonstruksie, woordvorming, ens. Hierdie verskillende variëteite van 'n taal kom hoofsaaklik in die gesproke vorm voor, maar kan ook neerslag vind in die geskrewe vorm. Du Plessis (1988:10) definieer 'n variëteit as 'n "patroonmatige sisteem van linguistiese items met ooreenstemmende sosiale en/of geografiese verspreiding." Verskillende mense gebruik dus 'n spesifieke taal verskillend as gevolg van hulle geografiese ligging en/of hulle sosiale konteks.

Wardhaugh (2010:5) stel dit dat variasie te alle tye 'n inherente eienskap van alle tale is. Deur die erkenning van die variasie, word daar ook erken dat taal nie beskou kan word as 'n abstrakte verskynsel nie, maar eerder as iets wat deur mense gebruik word. Daarom word die gebruik van taal, sowel as die sprekers van die taal in die moderne linguistiek ondersoek. Du Plessis (1983:45) verwys na die variasie wat binne taal voorkom as "taal se diversiteit" en sluit aan by Wardhaugh deur dit te stel dat die sosiolinguistiek "taal in gebruik" ondersoek.

Die sosiolinguistiek wil taal beskryf soos wat dit voorkom binne spraakgemeenskappe in al sy skakerings en variasies waarin dit manifesteer. Die verwantskap tussen taal en die sosiale konteks waarbinne dit voorkom, word ondersoek en gevolglik vereis dit 'n sistematiese studie van die taal sowel as die gemeenskap of konteks. Volgens Wardhaugh (2010:11,12) is die doel van die sosiolinguistiek om belangrike vrae oor die verhouding tussen taal en die samelewing te vra. Die vrae sluit in wat die doel van die variasie is, hoe die variasie deur die gemeenskap evalueer word en wat die variante simboliseer.



Alhoewel daar verskillende variëteite van 'n taal bestaan, maak Holmes (1992:207) dit duidelik dat alle taalvariëteite gelyk is en dat daar geen noemenswaardige verskil in die kompleksiteit van hulle linguistiese struktuur is nie. 'n Taal moet dus beskou word as die somtotaal van al sy variëteite. Odendaal (2012a:6) sluit hierby aan deur daarop te dui dat elke variëteit volgens die differensiasieopvatting van sociolinguistiek voldoende as kommunikasiemiddel vir sy sprekers is aangesien elke taal, of variëteit, die moontlikheid bevat om volgens die behoeftes van sy sprekers aan te pas en uit te brei. Dieselfde gelykwaardigheid geld dus ook vir die variëteite van Afrikaans en op grond hiervan behoort geen variëteit van Afrikaans as minderwaardig bestempel te word nie, maar dit behoort eerder beskou te word as volwaardige variëteite wat deel vorm van die geheel van Afrikaans.

Alhoewel die meeste linguistiese studies vandag 'n gelykevlakbenadering tot taalvariasie volg, verkry variëteite uiteindelik volgens Holmes (1992:207) die status van sy sprekers wat daartoe lei dat alhoewel alle variëteite gelyke linguistiese status het, dit wel mettertyd ongelyke status ontwikkel op grond van die etniese en sosiale status van sy sprekers.

Die variëteite of taalvariasie wat in spraakgemeenskappe voorkom, kan volgens O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996:540) in vier tipes verdeel word, nl. geolekte, sosiolekte, register en 'n standaardtaal. Die vier tipes taalvariasie soos wat dit voorkom binne Afrikaans, sal vervolgens bepreek word.

### **2.2.1 Geografiese variasie**

'n Geografiese dialek staan bekend as 'n geolek en is 'n variëteit van 'n taal wat verband hou met die geografiese ligging van die sprekers. Fromkin en Rodman (1998:401) beskou 'n geografiese dialek as volg:

A change that occurs in one region and fails to spread to other regions of the language community gives rise to the dialect differences ... When enough such differences give the language spoken in a particular region (for example, the city of Boston or the Brooklyn section of New York) its own “flavour”, that version of the language is referred to as a regional dialect.

Ten opsigte van Afrikaans, kan Afrikaans histories in drie geografiese dialekte of variëteite verdeel word, naamlik Suidwestelike of Kaapse Afrikaans, Noordwestelike of Oranjerivierafrikaans en Oostelike of Oosgrensafrikaans. Hierdie variëteite word in meer diepte bespreek by 2.2.5 en 2.2.6.

Tradisionele taalgeografiese studies het volgens Van Rensburg (1983:14) taalvariante bestudeer binne taalgemeenskappe wat deur berge, riviere, ensovoorts ingeperk is. Die taalgeograaf het taal nie as 'n vorm van sosiale gedrag gesien nie en gevolglik was taalvorme dus belangriker as taalgedrag. Van Rensburg (1983:14) dui daarop dat dié verskil tussen taalgeografie en sosiolinguistiek moontlik net 'n skynverskil is. Hy voer aan “die berge en riviere kan die geografiese manifestasie wees van 'n gemeenskap se sosiale kenmerke as dié gemeenskap deur sulke uitwendige middels tot 'n besondere sosiale groep afgesonder word.”

Fromkin en Rodman (1998:400) sluit aan by Van Rensburg deur daarop te dui dat dit nie net die fisiese versperrings soos 'n bergreeks, oseaan of rivier is wat daartoe lei dat linguistiese veranderinge moeilik versprei nie, maar ook sosiale versperrings soos politiek, ras, klas of geloof. Fromkin en Rodman (1983:254) dui op die invloed wat historiese diskriminasie in sommige gebiede op taalvariasie gehad het. In Amerika het die diskriminasie teen swart Amerikaners daartoe gelei dat hulle aparte skole bygewoon en in verskillende woongebiede gewoon het. As gevolg van die sosiale isolasie het daar ook 'n variasie in hulle taalgebruik ontstaan wat geassosieer kon word met 'n bepaalde geografiese area. Hierdie gedwonge verskuiwing van mense van spesifieke etniese of kulturele groepe het in baie dele van die wêreld, ook in Suid-Afrika onder die Groepsgebiedewet, plaasgevind en tot taalvariasie

gelei. Om dié rede verskil die Afrikaanse taalgebruik van die bruin en swart sprekers van Afrikaans wat op die Kaapse Vlakte woon van die taalgebruik van wit Afrikaanssprekendes wat in ander gebiede van Kaapstad woon.

Die taalvariasie wat voortspruit uit geografiese ligging lei uiteindelik daartoe dat sprekers van 'n taal maklik volgens Yule (2010:242) gestereotipeer word op grond van hulle geolektiese uitspraak. Dink byvoorbeeld aan die “Southern” uitspraak van 'n Amerikaner wat in die Suide van Amerika woon of die “Cockney” uitspraak van die Londen area. Ook in Suid-Afrika is die oorronding van vokaalklanke stereotipes van Afrikaanssprekendes wat in die noordelike provinsies woon, bv. *mô* (ma) en *strôndhuis* (strandhuis) terwyl vokaalverhoging weer kenmerkend is van Kapenaars en Kaapse Afrikaans, bv. *wiet* (weet) en *iet* (eet).

Geografiese dialekstudie het te make met die studie van linguistiese variasie in terme van die geografiese verspreiding van sprekers van 'n taal. Alhoewel dit volgens O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996:563) aanvanklik gefokus het op klankvariasie, sluit dit ook leksikale variasie in. Die inligting wat deur dialekgeografe versamel is, is in 'n taalatlas gepubliseer wat 'n aanduiding gee van die verskillende areas waar verskillende variëteite gebruik word. Verskeie sulke taalatlasse van verskillende lande en streke het al verskyn. Ook in Suid-Afrika het die *Afrikaanse Taalatlas* in 1959 verskyn.

Kritiek teen die taalatlasse en die geografiese dialekstudie is dat daar volgens O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996:565) geen bewys is van 'n enkele plek op die kaart wat gemerk kan word as die eindpunt van een variëteit en die beginpunt van 'n ander nie. Met die opkoms van die sosiolinguistiek in die sestigerjare, word die studie van taalvariasie nie meer beperk tot taalgeografiese studie nie, maar word die verband tussen taal- en sosiale verskynsels in taalvariasie-studies belangriker.

### 2.2.2 Sosiolek

Waar 'n geolek variasie in taal is wat verband hou met geografiese ligging is 'n sosiolek 'n variëteit van 'n taal wat verband hou met sosiale konteks. Aangesien taal deur mense binne gemeenskappe en binne 'n spesifieke sosiale konteks gebruik word, is dit belangrik om ook te fokus op die verband tussen taalgebruik en die sosiale konteks waarbinne dit plaasvind. Sociolinguistiek behels dus die studie van taal binne die sosiale konteks waarbinne dit voorkom en poog om variasie wat binne taal voorkom te verbind met sosiale faktore van die spreker soos geslag, ras, sosio-ekonomiese klas, ouderdom, ens. Daarom dat die vader van die moderne sociolinguistiek, William Labov in Du Plessis (1988:8) dit reeds in 1964 beskou as “a socially realistic description of linguistic behaviour.” Sociolinguistiek is dus 'n studie van taalvariasie wat fokus op die verband tussen sosiale gedrag en taalgedrag. Yule (2010:254) definieer sociolinguistiek as volg:

The term sociolinguistics is used generally for the study of the relationship between language and society ... It has strong connections with anthropology through the study of language and culture, and with sociology through the investigation of the role language plays in the organisation of social groups and institutions. It is also tied to social psychology, particularly with regard to how attitudes and perceptions are expressed and how in-group and out-group behaviours are identified.

Sociolinguistiek ondersoek dus taal soos wat dit deur sekere groepe in sekere situasies gebruik word en neem die konteks en sosiale faktore waarbinne taal plaasvind in ag wanneer taal ondersoek word. In die praktyk beteken dit dat 'n tienerseun taal verskillend sal gebruik wanneer hy tussen sy vriende is as wanneer hy met 'n onderwyser praat.

Volgens Holmes (1992:12) is daar sekere sosiale faktore wat verantwoordelik is vir die gebruik van 'n spesifieke variëteit en verduidelik waarom nie alle mense taal op dieselfde manier gebruik nie. Die faktore sluit in die

deelnemers aan die gesprek, die ligging waar die gesprek plaasvind sowel as die doel van die interaksie en die onderwerp onder bespreking.

Wat die deelnemers betref, is daar weereens sosiale faktore wat volgens O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996:542) taalvariasie voed naamlik die sosio-ekonomiese status, die sosiale klas, geslag, etniese groep, ouderdom, beroep en opvoeding van die spreker sowel as die aangesprokene. Sekere sosiolekte word gevolglik geassosieer met die sosiale faktore.

In studies oor taalvariasie tree dié faktore volgens Yule (2010:254) op as die sosiale veranderlike terwyl die uitspraak of die woord as die linguistiese veranderlike hanteer word. Du Plessis (1988:14) beskou die linguistiese veranderlike as die “ abstrakte weergawe van 'n taalteken wat potensieel variante kan onderskei.” Dit sluit in klanke, morfeme, woorde en sinne wat variëteite in taal aandui.

Sosio-ekonomiese status word deur O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996:542) beskou as die algemeenste sosiale korrelaat van taalverskille en heelwat sosiolinguistiese ondersoeke fokus hierop. Sosio-ekonomiese status word geassosieer met sosiale aspekte soos beroepe, inkomste, opvoedingsvlak, soort behuising, sosiale klas of status, ens. Die opvoedingsvlak van 'n persoon sal gewoonlik in sy beroep gereflekteer word en sy tipe behuising en sosiale klas bepaal. Die manier waarop taal deur 'n spreker gebruik word, hang nou saam met die sosio-ekonomiese status van die spreker.

Sosiale klas word volgens Yule (2010:254) hoofsaaklik gebruik om groepe te definieer volgens iets wat hulle in gemeen het. Vervolgens word daar onderskei tussen die middelklas, groepe met 'n hoër opvoedingsvlak wat professionele beroepe beoefen en die werkersklas, wat groepe insluit met 'n lae vlak van opvoeding en meestal beroepe beoefen wat handarbeid behels. In die praktyk beteken dit dat die manier waarop prokureurs met mekaar praat, sal verskil van die manier hoe motorwerktuigkundiges met mekaar praat in terme van woordgebruik, uitspraak en sinskonstruksies. Die uitspraak

van 'n spesifieke woord of die gebruik van 'n spesifieke leksikale item deur een groep sal verskil van die uitspraak of woordgebruik van 'n ander groep sowel as die sosio-ekonomiese status van daardie groep. Die spesifieke uitspraak van 'n woord of woordgebruik, oftewel die linguistiese veranderlike, word gevolglik kenmerkend van 'n bepaalde groep en tree gevolglik op as 'n sosiale merker.

Die variasie wat plaasvind in die uitspraak van 'n woord of die woordkeuse van verskillende sprekers, hou volgens Downes (1984:14) geen konseptuele verskille in nie, die betekenis van die woord bly steeds dieselfde, maar dit hou wel sosiale betekenis in en raak tiperend van die spraak van 'n sekere groep mense. Daar is byvoorbeeld meer as een variant wat gebruik kan word vir die woord *seun*, soos *ou* of *jonge(n)tjie*. Al drie die woorde dui op dieselfde konsep, naamlik 'n jong manlike persoon, maar die keuse omtrent watter woord gebruik word, word bepaal deur die spreker se sosiale konteks. Volwassenes sal eerder praat van *seun*, terwyl tieners sal praat van *ou*. Bruin volwassenes of bruin tieners van die Wes-Kaap sal weer die variant *jonge(n)tjie* gebruik. Deur 'n spesifieke leksikale variant te gebruik of 'n woord op 'n spesifieke manier uit te spreek, word 'n sosiale betekenis oorgedra en kan daar gevolglik sekere afleidings oor die spreker se sosiale agtergrond gemaak word.

### 2.2.3 Register

Register word deur O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996:579) gedefinieer as die vorm wat taal aanneem in enige gegewe konteks. Verskillende registers kan onderskei word deur uitspraak, sintaksis of leksikale items. Holmes (1992:276) sluit hierby aan deur register as volg te beskou:

Register... tend to be associated with particular groups of people or sometimes specific situations of use. Journalese, baby-talk, legalese, the language of auctioneers, race-callers, and sports commentators, the language of airline pilots, criminals, financiers, politicians, and disc

jockeys, the language of the courtroom and the classroom, could all be considered examples of different registers.

Register beskryf dus volgens Holmes die taal van 'n groep mense met ooreenstemmende belange of beroepe, of taal wat gebruik word in situasies wat met sulke groepe geassosieer word. In aansluiting hiermee beskou Yule (2010:259) register as taal wat geskik is binne 'n spesifieke konteks wat hy definieer as situasioneel (byvoorbeeld in die kerk) en beroepsgebonde (byvoorbeeld onder dokters), maar voeg ook 'n volgende kategorie by, naamlik die onderwerp onder bespreking (byvoorbeeld 'n gesprek oor die onderwys). In dié opsig stem register dus ooreen met 'n sosiolek aangesien dit betrekking het op 'n sosiale konteks en op spesifieke groepe mense.

Dit is dus duidelik dat geen persoon taal slegs op een manier gebruik nie, maar daaglik verskillende registers gebruik afhangende van die konteks waarbinne hy hom<sup>3</sup> bevind. Verskillende registers word gevolglik gebruik in die werk, die kerk, die huis, met vriende ens.

Die algemeenste registers is die formele en informele registers, maar O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996:541) onderskei ook tussen 'n tegniese register, 'n vereenvoudigde register en ander registers soos joernalistieke register, die register van kriminele, rugbyspelers, afslaers ens. Hierdie registers verskil egter ook geografies aangesien die register van byvoorbeeld misdadigers van tronk tot tronk sal verskil.

Volgens O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996:579) sal 'n formele ruimte die spreker kondisioneer om 'n formele register te gebruik, soos in die kerk of tydens 'n akademiese lesing. 'n Formele register word deur O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996:579) gekarakteriseer deur die gebruik van sekere leksikale items, die navolging van die reëls van die standaardvariëteit en die afwesigheid van gestigmatiseerde sosiolinguistiese veranderlikes. Daar word ook geen sleng woorde in die formele register aangetref nie en die

---

<sup>3</sup> Die manlike vorm word in die studie generies gebruik.

gebruik van die passiewe vorm is nog 'n kenmerk van die formele register. In Afrikaans dui die gebruik van die persoonlike voornaamwoord *u*, eerder as *jy*, ook op 'n formele register waar *u* gebruik word as 'n beleefde aanspreekvorm terwyl *jy* eerder in informele situasies gebruik sal word om te dui op familiariteit.

Die tegniese register sluit tot 'n groot mate aan by die formele register. Die gebruik van jargon of tegniese terme wat met spesifieke beroepe geassosieer word, is een van die grootste kenmerke van dié register, byvoorbeeld die teenwoordigheid van mediese jargon in die volgende sin: *Ibuprofen is 'n fenielpropioonsuurderivaat en bevat nuttige anti-inflammatoriese, analgetiese en antipiretiese eienskappe*. Volgens Yule (2010:259) help jargon op 'n sosiale vlak om 'n verwantskap tussen mense wat hulleself beskou as deel van die groep te skep en te onderhou en om ander uit te sluit as buitelanders. Die gebruik van jargon wil egter op 'n tegniese vlak verwarring en dubbelsinnigheid uitskakel deur tegniese terme te gebruik wat eksplisiet is en eenduidig of ondubbelsinnig in betekenis.

Daarenteen reflekteer 'n informele register volgens O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996:579) 'n informele ruimte, bv. 'n gesprek tussen vriende of familie en word gekenmerk deur 'n minder formele woordeskat, meer nie-standaardtaal kenmerke en die voorkoms van gestigmatiseerde veranderlikes. Die gebruik van sleng woorde en sosiolekte is ook kenmerkend van die informele register. Volgens Fromkin en Rodman (1983:264) voorsien sleng of omgangstaal 'n taal van baie nuwe woorde deur ou woorde te gebruik met nuwe betekenis, bv. *boom* wat gebruik word om na dwelms of dagga te verwys of *boere* wat verwys na die polisie.

'n Voorbeeld van 'n vereenvoudigde register is volgens O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996:580) die register wat gebruik word wanneer daar met 'n baba, 'n troeteldier en 'n geliefde gepraat word. Babataal word gekenmerk deur 'n beperkte leksikon, eenvoudige sintaksis en 'n relatiewe wye toonhoogte en is nes die taal waarmee ons met 'n troeteldier of geliefde praat, koesterend en sonder bedreiging.



Dit is dus duidelik dat ons in ons alledaagse lewe voortdurend gebruik maak van verskillende registers wat bepaal word deur die situasie en die persoon of groep met wie ons praat.

#### **2.2.4 Standaardtaal**

Standaardtaal is slegs een van vele variëteite van 'n taal, naamlik die gestandaardiseerde variëteit. Van Rensburg (1983:15) stel dit dat variante nie bestudeer kan word sonder om te verwys na die “norm” oftewel die standaardvorm, waarvan hulle variante sou wees nie. 'n Standaardtaal word soos volg deur Holmes (1992:83) definieer.

Standard varieties are codified varieties. Codification is usually achieved through grammars and dictionaries which record, and sometimes prescribe, the standard forms of the language.

As gevolg van die gebruik van die gestandaardiseerde variëteit in woordeboeke en taalhandleidings word 'n standaardtaal volgens Downes (1984:35) gebruik deur persone wat professioneel betrokke is by taal soos onderwysers, joernaliste, skrywers, ens. Die standaardvariëteit is ook die variëteit wat gebruik word in die ekonomie, politiek, godsdiens, opvoedkunde en die hof. Weens die gebruik daarvan deur professionele persone en in die hoë funksies, sowel as die standaardtaal se voorskriftelikheid waarna Holmes (1992) verwys, beskou Yule (2010:240) die gestandaardiseerde variëteit as 'n gesaghebbende variëteit. Die gebruik van 'n standaardtaal in dié hoë funksies, lei daartoe dat die variëteit maklik beskou word as 'n variëteit wat verhewe is bo ander variëteite van 'n taal. Dit word ook maklik as die “korrekte” vorm van 'n taal beskou.

Standaardisering word deur Wardhaugh (2010:31) beskryf as die proses waartydens 'n taal gekodifiseer word. Dit vereis 'n mate van ooreenstemming ten opsigte van wat deel is van 'n taal en wat nie deel vorm van 'n taal nie. Volgens Haugen in Wardhaugh (2010:32,33) moet die taal eers gekodifiseer

word ten opsigte van die grammatika en in die vorm van woordeboeke waarna die gekodifiseerde taalvorm dan neerslag vind in die samelewing deur die gebruik daarvan in die literatuur, die hof, opvoedkunde, administrasie, ensovoorts. Die standaardtaal of “kanonieke vorm” van die taal wat die gevolg is van standaardisering word egter nie deur die miljoene sprekers van die taal bepaal nie, maar slegs deur ’n handjievol mense.

Deur ’n bepaalde variëteit van ’n taal te kies as die standaardtaal, word die sprekers van dié variëteit gevolglik bevoordeel bo diegene wat ’n ander variëteit gebruik (Wardhaugh, 2010:31). Die gevolg is dat ’n standaardtaal die status van sy sprekers aanneem en dit ontwikkel tot ’n gesaghebbende variëteit weens die gebruik daarvan deur gesaghebbende groepe in die samelewing soos die nasionale elite en die magtige en invloedryke groepe van ’n nasie.

Sodra dit die variëteit word wat deur die regerende party gebruik word, verkry die gestandaardiseerde variëteit volgens Downes (1984:34) ’n ideologiese dimensie wat ’n rol speel in nasiebou. Dit word ’n simbool van ’n samelewing en ’n verteenwoordiger van sy identiteit en eenheid. Mense ontwikkel ’n “taaljaliteit” wat hulle sin vir nasionale identiteit weerspieël. ’n Standaardtaal het in so ’n geval ten doel om interne integrasie aan te help, maar kan egter ook op simboliese vlak tot eksterne segregasie lei aangesien dit persone of groepe wat nie die standaardtaal gebruik nie, uitsluit. Downes (1998:36) beklemtoon die punt deur die volgende te sê: “The attempt is to create a uniform norm of usage through the suppression of optional variation.” In die proses om die standaardvariëteit te kodifiseer en as ’n nasionale simbool te verhef, word ander variëteite gevolglik onderdruk. Williams in Wardhaugh (2010:35) sluit aan by Downes deur standaardisering as volg te beskryf:

a socio-political process involving the legitimisation and institutionalisation of language variety as a feature of sanctioning of that variety of language, which then becomes the winner in a struggle for dominance. The dispreferred varieties are losers.

Standaardisering is dus volgens Wardhaugh 'n proses wat probeer om die diversiteit in 'n taal te minimaliseer of selfs te elimineer.

Holmes (1992:253) maak dit egter duidelik dat die beskouing van 'n standaardtaal as 'n gesaghebbende of korrekte variëteit van 'n taal, 'n sosiale oordeel is en nie 'n linguistiese oordeel nie aangesien 'n standaardtaal in geen opsig meer ekspressief, logies, kompleks of korrek is as enige ander variëteit nie. Dit het egter wel 'n belangrike sosiale funksie, naamlik om 'n algemene geskrewe vorm te bied wat deur sprekers van verskillende variëteite verstaan kan word.

In aansluiting hierby, beskou Yule (2010:249) 'n standaardvariëteit eerder as 'n geïdealiseerde variëteit omdat dit nie tuishoort in 'n spesifieke area nie en volgens Fromkin en Rodman (1983:251) deur niemand gepraat word nie, maar byna deur baie mense gepraat word.

Ten opsigte van Afrikaans, word Standaardafrikaans deur Ponelis (1994:106) beskou as die kultuurvariëteit van Afrikaans en gedefinieer as 'n algemene, toonaangewende, versorgde en eenvormige variëteit van Afrikaans wat veral as skryftaal aangewend word. Nes enige ander standaardtaal is dit die variëteit wat volgens Kotzé (2010) gebruik word as “akademiese of vaktaal, regstaal, die taal van gebruikshandleidings, onderrigmateriaal, amptelike kommunikasie, religieuse taal, ensovoorts en wat 'n sekere prestigewaarde geniet.”

Soos reeds genoem by 2.2.1 kan Afrikaans in drie dialekte of streekvariëteite verdeel word, nl. Suidwestelike of Kaapse Afrikaans, Noordwestelike Afrikaans en Oostelike Afrikaans. Standaardafrikaans is geskoei op die oostelike dialek wat gepraat word in die Kaapse binneland, die Oos-Kaap, die Vrystaat, Natal en die voormalige Transvaal. Die rede hiervoor is volgens Ponelis (1994:112) dat die dialek oor die grootste gedeelte van Suid-Afrika versprei was en dat die getalle vermeerder het as gevolg van verstedeliking na die Pretoria- Witwatersrand-Vereeniging-gebiede. Botha (1989:146) voer aan dat Standaardafrikaans juis op die oostelike variëteit geskoei is omdat die

“ekonomiese en politieke swaartepunt vroeg in die twintigste eeu, juis toe Standaardafrikaans sy beslag gekry het, van Wes-Kaapland na die industriële Noorde – die Rand-Pretoria-gebied – verskuif het”.

Botha (1989:146) maak dit egter duidelik dat alhoewel Standaardafrikaans geskoei is op die oostelike variëteit, dit nie heeltemal ooreenstem met dié variëteit of enige ander variëteit van Afrikaans nie, maar dat dit ’n “bowedialektiese eenheidstaal is wat nie streeksgebonde of gebonde is aan enige variëteit nie, maar deur alle Afrikaanssprekendes gebruik en verstaan kan word.”

Die keuse van die oostelike variëteit as basis vir Standaardafrikaans het egter nie net berus op die groot getal sprekers, industriële ontwikkeling en politieke en ekonomiese mag van die gebiede waar die variëteit gepraat is nie, maar het ook berus op ’n sosio-politiese proses. Willemse (2012:2) stel dit dat ’n “etnies-chauvinistiese staat” die standaardtaal op verskeie wyses bevoordeel en gerugsteun het en in die proses is ’n groot gedeelte van die Afrikaanse spraakgemeenskap en variëteite, veral kleurvariëteite uitgesluit.

Nadat Afrikaans in 1925 ampstaalstatus bo Nederlands verkry het, was dit nodig dat die taal gestandaardiseer word aangesien standaardisering volgens Kotzé (2009:1) ’n taal bemagtig om spesifieke funksies te verrig. In dié tyd het die staat volgens Kotzé (2009:4) toenemend as normeringsagent opgetree deur die Nasionale Taaldiens en taaldiensstrukture. Ook die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie het deur middel van die nasionale radiodiens ’n groot rol begin speel as normeringsagent.

Om die rol van amptelike taal te vervul moes Afrikaans talle ontlenings by Nederlands en Engels maak. Volgens Ponelis (1994:111) is talle kultuuritems gedurende dié tyd uit Nederlands ontleen, bv. eksponent, faktor, dialek, frikatief, vergasser, wolkekrabber, ens. Baie Afrikaanse vorme is ook volgens Van Rensburg (1997:49) “verdring deur ‘deftiger’ Nederlandse vorme soos weg, luid, snel en naak teenoor pad, hard, maag, vinnig en kaal.” Daarom dat die eerste dekade na die ampstaalwording van Afrikaans as die periode van

die vernederlandsing van Afrikaans bekend staan en Conradie in Van Rensburg (1989:448) stel dit dat Afrikaans onder die invloed van Nederlands verdeflig het. Juis as gevolg van Standaardafrikaans se swaar steun op Nederlands beskou Ponelis (1994:118) dit as 'n oorgekultiveerde variëteit deur vorme soos blootsvoet, buik en snel teenoor eg Afrikaanse vorme soos kaalvoet, maag en gou te gebruik. Ander kritiek teen die standaardisering van Afrikaans is volgens Odendaal (2012a:6) die miskenning van die invloed wat Engels op Afrikaans gehad het sowel as die uitsluiting van ander variëteite van Afrikaans.

Volgens Botha (1989:147) is die standaardisering van die skryftaal die belangrikste en is die standaardisering van die spelling van Afrikaans vandag die verste gevoer as gevolg van die Taalkommissie van Suid-Afrika se opstel van die Afrikaanse woordelys en Spelreëls (AWS) waarvan alreeds 10 uitgawes sedert 1917 verskyn het. Die belangrike werk wat die Taalkommissie gedoen het ten opsigte van die standaardisering van Afrikaans in die geskrewe vorm, het 'n groot bydrae gemaak om Afrikaans bruikbaar te maak in die hof, die onderwys, die godsdienst, literatuur en die media. Om dié rede was en is Standaardafrikaans die variëteit wat oorwegend in koerante, op die radio, in die kerk, die onderwys en deur die staat gebruik word.

Odendaal (2012a:452,453) dui egter daarop dat die Taalkommissie uit die staanspoor eksklusief van aard was en sekere ideologiese en politieke oorwegings het veroorsaak dat die standaard-ortografie 'n sekere mate van eensydigheid vertoon het. Gevolglik is die variëteite van Afrikaans, veral die bruin Afrikaanssprekendes se taalgebruik geïgnoreer. Die Afrikaanse spreektaal is dus nie genoegsaam in Standaardafrikaans weerspieël nie.

Die standaardisering van die uitspraak van Afrikaans het volgens Botha (1989:147) egter nog nie dieselfde vlak van standaardisering bereik as die spelling en woordeskat nie. Die enigste werk wat daarvoor bestaan, is Die Afrikaanse uitspraakwoordeboek van Le Roux en Pienaar wat in 1945 verskyn het, waarvan vyf uitgawes tot 1976 verskyn het, en veral deur die Uitsaaikorporasie en die onderwys aanvaar en gebruik is. Tog openbaar die

outeurs volgens Kotzé (2009:4,5) “n sensitiviteit vir uitspraakvariasie en stel dit duidelik dat die fonetiese transkripsies maar een moontlike uitspraak (uit ’n aantal moontlikhede) van die betrokke lemma verteenwoordig.”

Kotzé (2010) stel dit ook dat uitspraak nie so ’n belangrike rol speel in Standaardafrikaans nie. Die gepaste woordkeuse en sinsvorm speel die deurslaggewende rol en nie die aksent of uitspraak van die spreker nie. Vandag laat die uitsaaikorporasie wat radio en televisie insluit, ook ’n groter variasie in uitspraak toe deurdat daar gebruik gemaak word van “n meer verteenwoordigende spektrum van die Afrikaanse taalgemeenskap as omroepers” (Kotzé 2009:6).

Standaardafrikaans het egter ’n negatiewe konnotasie by bruin en swart sprekers van Afrikaans ontwikkel aangesien dit met die Apartheidsideologie verbind word. Sedert die oornam van ’n Afrikaanssprekende politieke party, die Nasionale Party, in 1948, is Standaardafrikaans ingespan as politieke taal waarin die Apartheidsbeleid en ideologie afgedwing en verkondig is. Dit is ook aangewend om Afrikanernasionalisme en ’n taaltrots onder wit Afrikaanssprekendes aan te wakker. Standaardafrikaans het gevolglik volgens Bosch (2000:58,59) sinoniem geraak met hoë sosiale status, mag op die politieke en religieuse gebiede en in die media en het ’n simbool van wit dominansie en onderdrukking geword. In teenstelling met Standaardafrikaans is die niestaandaard-variëteite van Afrikaans nie vir formele funksies gebruik nie en het dit ’n lae sosiale status ontwikkel waarop neergesien is deur die sprekers van Standaardafrikaans. Die standaardisering van Afrikaans het dus ook die diversiteit wat binne Afrikaans bestaan, probeer misken of verwyder.

Dit is juis hierdie toe-eiening van Afrikaans as die taal van die wit Afrikaner en die “kunsmatige skeiding” tussen Standaardafrikaans en die omgangsvariëteite, veral kleurvariëteite, wat volgens Odendaal (2012a:2) ’n groot groep omgangstaalsprekers van Afrikaans, veral die bruin sprekers van Afrikaans, van Standaardafrikaans vervreem het.

Volgens Klopper (1983:276) word Standaardafrikaans oorwegend in formele situasies gebruik en kom dit meer voor in “die sosiale netwerk van Blankes as in dié van die Maleiers en Kleurlinge, meer by die sprekers van die hoë klas as by sprekers van die werkersklas en meer by jonger sprekers as ouer sprekers.” Bosch (2000:56) sluit by Klopper aan deur daarop te dui dat Standaardafrikaans in die 21ste eeu steeds die variëteit is wat hoofsaaklik deur wit mense (2,8 miljoen sprekers) gepraat word terwyl ander niestandaard-variëteite hoofsaaklik deur bruin, swart en Indiër sprekers van Afrikaans (3 miljoen sprekers) gepraat word.

Die aansien van die Afrikaanse Standaardvariëteit is volgens Ponelis (1994:115) “kwaai geknou deur die assosiasie van Afrikaans met die apartheidsbestel.” Ponelis maak dit egter duidelik dat geen bepaalde ideologie Standaardafrikaans vir homself kan toe-eien nie.

Met die verandering in die politieke bestel na 1994 en die totstandkoming van ’n demokrasie is daar volgens Van Rensburg (2010:4) tans heelwat mense wat steeds Standaardafrikaans as die taal van wit sprekers sien en wat voel dat die “vorme van die res van die Afrikaanse spraakgemeenskap geïgnoreer word”.

Volgens Wardhaugh (2010: 35) is standaardisering egter ’n voortdurende proses aangesien taal voortdurend verander. Die verandering vind egter nie net ten opsigte van die taal opsigself nie plaas nie, maar ook ten opsigte van die sosio-politiese omstandighede.

Reeds sedert die middel tagtigerjare is daar volgens Bosch (2000:54) toenemend pleidooie vir die demokratisering van Afrikaans. Van Rensburg (1997:50) stel dit dat dit tyd geword het dat Standaardafrikaans anders moet lyk en dat “verskillende soorte Afrikaans” ook erken moet word in Standaardafrikaans. Alhoewel die meeste sprekers van Afrikaans Standaardafrikaans tot ’n mate kan praat en verstaan, voel hy dat indien dit nader is aan die verskillende dialekte, dit nog makliker sal wees om te gebruik en dus meer toeganklik sal wees vir alle sprekers van Afrikaans.

Volgens Webb (2010:110) is die grootste hindernis in die proses om Afrikaans te demokratiseer en meer inklusief te maak, die veelrassigheid in die Afrikaanse spraakgemeenskap. 'n Gevolg van die veelrassigheid is dat Standaardafrikaans as 'n simbool van wit identiteit ontwikkel het en gevolglik slegs emosionele sentiment vir sy wit sprekers het. Vir die bruin sprekers van Afrikaans, hou Standaardafrikaans egter geensins verband met hulle identiteit nie, maar dit het eerder 'n negatiewe, meer gestigmatiseerde betekenis.

Hendricks (2012b:7) bevestig die behoefte aan 'n inklusiewe standaardtaal in sy referaat tydens die Kaaps in fokus simposium deur dit te stel dat Afrikaans 'n "soepel standaardvariëteit" benodig wat "organies verbind is aan die vólle spektrum van omgangs- en registervariëteite, insluitend Kaaps en ander kleurvariëteite."

Odendaal (2012a:6) voer aan dat die algemene konsensus is dat Standaardafrikaans herdefinieer moet word. Die vier vlakke waarop hierdie herdefiniëring moet plaasvind, sluit in die erkenning van die invloed van Engels op Afrikaans en 'n verminderde fokus op Nederlands as voedingsbron van Afrikaans. Een van die vlakke van die herstandaardisering van Afrikaans wat veral baie aandag nodig het, hou verband met die insluiting van ander variëteite van Afrikaans, veral die insluiting van voorheen gemarginaliseerde kleurvariëteite wat onder die apartheidsregering uitgesluit is van Standaardafrikaans. Odendaal (2012a:7) stel dit dat die herstandaardisering nie net gaan om die herdefiniëring van die taal nie, maar "ook om die regstelling van die politieke onregte wat in die taal self ingebed is". Afrikaans moet dus gedepolitiseer word. In haar doktorsale tesis (Odendaal 2012a) stel sy 'n herstandaardiseringsmodel voor om die idee uit te voer. Die herstandaardisering van Afrikaans sal hiervolgens nie die einde van 'n standaardtaal beteken nie, maar die einde van 'n eksklusiewe standaardtaal.

Alhoewel Standaardafrikaans nog nie verteenwoordigend is van al die variëteite van Afrikaans nie, is Standaardafrikaans stelselmatig besig om plek te maak vir die omgangsvariëteite wat voorheen uitgesluit is. So bevat die



10de uitgawe van die Afrikaanse woordelys en spelreëls (AWS) wat in 2009 verskyn het, vir die eerste keer woorde van Maleier-Afrikaans. Die bywerking van Omgangsafrikaans soos Maleier-Afrikaans in die AWS is volgens prof. Ernst Kotzé, die destydse voorsitter van die Afrikaanse Taalkommissie, in De Vries (2004) 'n poging om erkenning te gee aan die omgangsvariëteite sowel as om riglyne vir die spelling te bied. Tog blyk daar volgens Hendricks in Odendaal (2012a:452) steeds 'n traagheid by die Taalkommissie om die onregte van die verlede wat in die Afrikaanse ortografie neerslag gevind het, reg te stel. Daar is steeds heelwat woorde uit Kaaps wat volgens Hendricks en Willemse in Odendaal (2012a:452) steeds in die AWS ontbreek.

Vandag laat Standaardafrikaans egter meer variasie toe as vroeër en Kotzé (2009:6,7) dui op die neiging wat vandag toeneem om omgangstaal in die media en die letterkunde te gebruik. Hy verwys na koerantberiggewing in koerante wat normaalweg 'n betreklik formele register gebruik, wat deesdae toenemend gewone omgangstaal in beriggewing gebruik. Dié taalgebruik is veral opvallend in Afrikaanse poniekoerante soos *Son* wat 'n bepaalde lesersteikengroep in die oog het.

Alhoewel daar tans 'n groot debat bestaan omtrent die herstandaardisering van Afrikaans en baie akademici en sprekers van Afrikaans voel dat dit tyd geword het om te herbesin oor die aard van Standaardafrikaans, lê daar nog 'n lang pad voor om Standaardafrikaans meer inklusief en verteenwoordigend van die hele Afrikaanse spraakgemeenskap te maak.

### **2.2.5 Variëteite van Afrikaans**

Uit die benamings van die drie geografiese dialekte of variëteite van Afrikaans, nl. die Noordwestelike of Oranjerivierafrikaans, Oostelike of Oosgrensafrikaans en Suidwestelike of Kaapse Afrikaans, is dit duidelik dat die variëteite sterk geografies ingedeel is. Van Rensburg (1989: 439) dui daarop dat alhoewel die benamings van die variëteite op historiese toestande gebaseer is, dit wil sê geografiese gebiede wat vandag nie meer bestaan nie, bv. die oosgrens, of gebiede wat vandag 'n ander benaming het, kom die

variëteite steeds in dieselfde gebiede voor, maar dit is ook wyd verspreid oor Suid-Afrika. Volgens Davids (1994: 114) is die ontwikkeling van dié dialekte of variëteite bepaal deur die diversiteit van die mense, maar ook deur die tale wat in elke gebied gepraat is. Wat die groepe mense betref, het daar volgens Davids (1994:115) hoofsaaklik drie dominante taalgroepe bestaan, nl. die koloniste, die Khoi en die slawe.

Grebe (1999:52) maak dit egter duidelik dat geen een van bogenoemde drie variëteite 'n "inherente heterogeniteit veronderstel nie," maar dat daar ook subvariëteite voorkom in elkeen van die geografies-historiese variëteite.

Oosgrensafrikaans word deur Van Rensburg (1997:31) as die taal van die veeboere beskou en is 'n voortsetting van die taal wat die eerste vryburgers gepraat het. Dit is die Afrikaans wat gepraat is deur die "eerste boere aan die buitewyke van die nedersetting aan die Kaap", maar was nooit die taal van die hoë Kompanjie-amptenare nie, maar eerder 'n voortsetting van die Nederlands wat deur die arm mense van Nederland gepraat is (Van Rensburg 1997:31, 32). Alhoewel die variëteit grotendeels geskoei is op "gekreoliseerde gesproke Hollands van die vroeë sewentiende eeu" (Davids 1994:115) toon dit egter ook invloed van die eertydse Kaapstadse taalgemeenskap, naamlik Kaapse Afrikaans en ook Oranjerivierafrikaans, as gevolg van vroeëre taalkontaksituasies.

Gedurende die vroeë 18de eeu het 'n "geleidelike migrasie van blanke setlaars in 'n oostelike rigting plaasgevind" (Kotzé 2001:109). Die setlaars was hoofsaaklik veeboere en het volgens Van Rensburg (1997:33) uit mense van alle lae van die samelewing bestaan wat hulle by die "trekkende en boerende gemeenskap" gevoeg het en geleidelik al hoe verder van Kaapstad weggetrek het en teen die einde van die 18de eeu tydelik tot stilstand gekom het aan die Oosgrens. Hier het hulle in isolasie gewoon met min kontak met die Kaap en die taalgebruik aan die Kaap. Dit het daartoe gelei dat hulle taalvorm, nl. Oosgrensafrikaans, goed gevestig geraak het. Gedurende die Groot Trek is die taalvorm volgens Davids (1994:115) na die Noord-Kaap, Vrystaat, voormalige Transvaal en Natal versprei. Daarom kan vroeë Transvaalse

Afrikaans volgens Grebe (1999:48) beskou word as 'n direkte voortsetting van Oosgrensafrikaans. Soos vroeër genoem, is Oosgrensafrikaans die variëteit van Afrikaans waarop Standaardafrikaans geskoei is en wat uiteindelik gestandaardiseer is om gebruik te word in die hoë funksies. Soos bespreek by 2.2.4 is dié variëteit gevolglik beskou as die “dialek van wit sprekers” (Davids 1994:115). Volgens Grebe (1999: 49) is dit moeilik om bepaalde kenmerke van Oosgrensafrikaans uit te lig as onderskeidende kenmerke of variante as gevolg van hulle voorkoms in Standaardafrikaans.

Vandag word die variëteit steeds in geskrewe vorm gebruik as die taal van die onderwys, reg, godsdiens, ens. Juis om dié rede is dit dan ook die variëteit van Afrikaans wat die meeste in die geskrewe vorm gevind en aangewend word. Alhoewel Afrikaans eers in 1925 gestandaardiseer is, dui Davids (1994:115) daarop dat Oosgrensafrikaans reeds vanaf ongeveer die derde dekade van die 19de eeu die gereeldste in Romeinse skrif voorgekom het.

Oranjerivierafrikaans word op sy beurt deur Van Rensburg (1997:23) gedefinieer as die Aanleedersafrikaans van die Koi. Met die aankoms van die Nederlanders in 1652, het hulle in kontak gekom met die Koi-sprekers en in 'n poging om te kommunikeer met die Nederlanders, slawe, vryburgers en ander inwoners aan die Kaap, het hulle 'n intertaalvorm van Afrikaans (Van Rensburg 1989:454) begin gebruik waarna hulle geleidelik hulle moedertaal afgeleer het.

'n Groot persentasie Koi het in 1713 in die rigting van die Oranjerivier gevlug voor 'n pokke-epidemie uit en het hulle in verskillende gebiede van die binneland gevestig (Kotzé, 2001 en Davids 1994). Gedurende die 19de en 20ste eeu is die variëteit van Afrikaans volgens Van Rensburg (1997:26) versprei na onder andere die Noord-Kaap, Noordwes, sentrale dele van Gauteng, Kokstad, Namibië en dele van Zimbabwe. Een van die bekendste subvariëteite van Oranjerivierafrikaans is Griekwa-Afrikaans wat in die Noord-Kaap en in die myndorpe, Kimberley en Johannesburg, gepraat word. Van Rensburg (1997:26,41) dui ook op die elemente van Oranjerivierafrikaans wat in die myntaal, Fanagalô te bespeur is. Ook Tsotsitaal, wat deur inwoners in

die township gepraat word en bestaan uit 'n kombinasie van baie verskillende tale, nl. Afrikatale, Engels en meestal Afrikaans, bevat elemente van Oranjerivierafrikaans. Oranjerivierafrikaans het dus nie net versprei oor Suid-Afrika en interne veranderinge ondergaan nie, maar het ook neerslag gevind in ander taalvorme of variëteite van Afrikaans.

Nadat die Koi die Kaap verlaat het, het hulle 'n geïsoleerde groep gevorm en as gevolg van hulle afgesonderdheid het Oranjerivierafrikaans nie die veranderinge ondergaan wat Standaardafrikaans sedert 1925 ondergaan het nie (Van Rensburg, 1990:81). Die isolasie het volgens Davids (1994:114) ook daartoe gelei dat die variëteit sterk beïnvloed is deur talle leksikale items uit Khoi, bv. *abba*, *dagga*, *kierie* en sintaktiese patrone, soos die *nie*<sub>1</sub> en *nie*<sub>2</sub> van Afrikaans se ontkenning, frekwente gebruik van verkleinwoorde, 'n bepaalde gebruik van *se* in besitskonstruksies bv. *die man se plaas* (Van Rensburg 1997:31), wat slegs aan 'n sterk Koi-aanwesigheid toegeskryf kan word.

Verdere kenmerke van Oranjerivierafrikaans wat deur Van Rensburg (1997:31; 1989:458,459) bespreek word, is die beskrywende aard van die variëteit, bv. die naam *Soebatsfontein* (waar 'n mens moet soebat vir reën), die *goed*-konstruksie bv. *Pa-goed*, *gabruikgoed*; die voorkoms van palatalisasie bv. [kʲɛrk] (kerk), [xjelt] (geld) en vokale met 'n onvaste lengte, bv. [xasex] (gesig), [xestər] (gister). Ook ander meervoudsvorme as Standaardafrikaans kom voor, bv. *ouerse*, *woordes*, *menses*. Sintakties word voorsetsels soos *in* as agtersetsels herhaal, bv. *in die huis in*, *in die tyd in* en skakelwerkwoordkonstruksies is kenmerkend, bv. *hy sit kyk*, *hy lê kyk*. Uiteindelik word Oranjerivierafrikaans eerder beskou as 'n spreektaal as 'n skryftaal.

## 2.2.6 Kaapse Afrikaans

### 2.2.6.1 Historiese Agtergrond

Kaapse Afrikaans oftewel Suidwestelike Afrikaans is die derde histories-geografiese dialek van Afrikaans en kan volgens Hendricks (2012a:97) bestempel word as een van die oudste variëteite van Afrikaans. Histories

word dit beskou as die taal wat oorspronklik deur die slawe gepraat is wat in en om Kaapstad gewoon het (Van Rensburg 1997:7,9). Volgens Van Rensburg (1997:11) het die slawe Nederlands probeer leer en met invloed van slawetale, onder meer Maleis, en in die tydperk ná 1806, Engels, het 'n Aanleerdersnederlands, oftewel, Kaapse Afrikaans ontstaan (Hendricks 2012a:97). Daarom dat Hendricks (2012a:97) Kaapse Afrikaans beskou as die “talige refleks van twee opeenvolgende koloniale bewindstydperke aan die Kaap, naamlik die Nederlandse periode tot ongeveer einde agtiende eeu en die Engelse bewindstydperk vanaf begin neëntiende eeu.”

Volgens Van Rensburg (1989:450) was die grootste groep inwoners aan die Kaap teen die einde van die 18de eeu, die slawegemeenskap. Die slawe het egter uit verskillende agtergronde gekom wat insluit Indië, Madagaskar, Indonesië, Sri Lanka, Maleisië, Indo-China, Japan en ander lande (Davids 1994: 116,117). Die gevolg was 'n diverse kultuur aan die Kaap waar verskillende tale gepraat is, onder andere Maleis, Buganees en Maleis-Portugees wat 'n soort Aanleerdersportugees was. Dit was dus noodsaaklik dat hulle 'n gemeenskaplike taal vind om mekaar te verstaan en oor die weg te kom. Die behoefte tesame met die slawe se pogings om Nederlands te praat het gelei tot die ontstaan van Afrikaans oftewel Kaapse Afrikaans.

Van Rensburg (1997:12) stel dit dat baie slawe die Moslemgeloof aangeneem het en Kaapse Afrikaans is reeds teen 1815 (Davids 1994:116) deur die Kaapse Moslemgemeenskap as godsdienstaal en skooltaal gebruik en sodoende het Kaapse Afrikaans ook in 'n geskrewe vorm voorgekom. Die Kaapse Afrikaans is egter in Arabiese skrif geskryf en volgens Van Rensburg (1997:17) is baie godsdienstige boeke tot diep in die twintigste eeu nog in dié skrif geskryf. Van Rensburg (1989:450) dui daarop dat van die oudste Afrikaanse geskrifte in dié vorm van Afrikaans geskryf is en gevolglik word die skriftelike tradisie van Kaapse Afrikaans sterk gekoppel aan die Moslemgeloof.

Heelwat woorde wat uit Arabies kom, het gevolglik volgens Van Rensburg (1997:15) deur die Moslemgeloof deel gevorm van Kaapse Afrikaans bv.

*kanalla* (asseblief), *boeja* (vader) en *ami* of *agoeja* (oom). Deur die gebruik van Kaaps as godsdiensttaal en skooltaal, het die Moslemgemeenskap 'n belangrike aandeel gehad het in die ontwikkeling van Afrikaans en Kaapse Afrikaans wat vandag nog deur die lede van die Maleiergemeenskap gepraat word. Daarom dat Kaapse Afrikaans ook bekend staan as Moslemafrikaans. Om die rede beskou Hendricks (2012a:97) Maleierafrikaans of Kaapse Moslemafrikaans as die mees prominente subvariëteit van Afrikaans.

Vroeër is daar verwys na die invloed van die Koi op Afrikaans. Davids (1994:115) lig egter die bydrae van die Suidoos-Asiatiese en Afrika slawe uit as 'n belangriker invloed. Volgens hom het die “noue fisieke en sosiale kontak tussen hulle en die koloniste ontelbare geleenthede vir taalkontak geskep.” Dan was daar natuurlik ook die sosiale en fisieke kontak tussen slawe van verskillende agtergronde onderling wat taalkontakgeleenthede geskep het. Daarom dat Davids (1994:118) die oorsprong van vroeë Afrikaans, oftewel Kaapse Afrikaans in die sosiale omstandighede van die Kaap soek waar die diversiteit van tale en kulture gelei het tot taalkontak en akkulturasie.

Vandag word Kaapse Afrikaans oftewel Kaaps volgens Van Rensburg (1989:449) gepraat deur die nakomelinge van die vroeë slawegemeenskap aan die Kaap, maar dit is egter geensins 'n homogene groep nie. Op sy beurt beskou Hendricks (1996:9) hedendaagse Kaaps as “'n historiese erfenis- 'n taalvorm wat in sy kern herlei kan word tot 'n vroeë omgangstaaltoestand in Kaapstad en omgewing.”

Hendricks (2012b:1) dui op die verskeie wisselbenaminge wat vandag vir Kaaps bestaan, nl. “Kaapse Afrikaans, Kaapse Vernakulêre Afrikaans (Ponelis 1999, SAAZ 2001) oftewel Kaapse Vernakulêre-Afrikaans (Du Plessis 1987:130), asook Bo-Kaapse Afrikaans en Kaapse Vlakte-Afrikaans (Karaan 2009)/ Kaapsevlakteafrikaans (SAAZ, p.36).” Vir die doel van die ondersoek sal daar voortaan van Kaaps gepraat word.

Kaaps is volgens Hendricks (2012b:2) 'n subvariëteit van Suidwestelike Afrikaans. Ander subvariëteite van die histories-geografiese variëteit is onder

meer Swartlandse, Bolandse, Overbergse en Weskus-Afrikaans. Volgens Hendricks (2012a:97) het Kaaps 'n geolektiese en sosiolektiese karakter. Uit bogenoemde wisselbenaminge kom die sterk geolektiese aard van Kaaps reeds na vore. Geolekties kan Kaaps beskou word as die variëteit van Afrikaans wat hoofsaaklik beperk is tot die Kaapse Skiereiland en omgewing. Dis 'n omgangstaal wat histories verbind word met veral die Bo-Kaap en Distrik Ses waar die Kaapse Maleier langer as 'n eeu in noue kontak en assosiasie met diverse groepe saamgeleef het en waar Kaaps sekere kenmerke aangeneem het waaraan dit vandag geëien kan word. Hiervandaan het dit as gevolg van die Groepsgebiedewet met verloop van tyd na die Kaapse Vlakte uitgebrei (Hendricks, 1996, 2012a, 2012b).

Wat die sprekers van Kaaps betref, word kleur sterk gekoppel aan Kaaps in verskeie definisies en beskrywings deur akademici en taalkundiges. "Kaaps, (is) die Afrikaanse spreektaal van sommige bruinmense op die Kaapse Vlakte" (Kleinhans 1988). Anastasia de Vries (2006) beskou Kaaps as die "Afrikaans van die bruin mense in die Kaap." In 1979 beskou Hendricks in Coetzee (2005:41) Kaaps soos wat dit voorkom in Adam Small se drama, *Kanna hy kô hystoe*, as 'n "taalvorm wat eie is aan veral die sogenaamde 'Kleurlinge' en Maleiers van Kaapstad en omgewing."

In 2012 beskou Hendricks (2012a:97) Kaaps egter eerder sosiolekties as etnolekties. Hiervolgens is die sprekers van Kaaps persone uit die werkersklas wat veral Kaapse Moslems insluit, bruin mense en ook wit mense. Tog maak hy dit duidelik dat die dominante sprekerskorps bruin mense is en dat Kaaps daarom as 'n Afrikaanse kleurvariëteit bestempel kan word.

### **2.2.6.2 Kaaps in geskrewe vorm**

Volgens Van Rensburg (1989:450) het Kaapse Afrikaans 'n "mondelling en 'n skriftelike tradisie". In terme van die skriftelike of geskrewe tradisie onderskei Kotzé (2001:106) tussen 'n "Formele Maleierafrikaans" en 'n "Literêre Kaapse Vernakulêr".

Formele Maleierafrikaans verwys na die geskrewe vorm van Kaaps wat deur die Moslems of Maleiers gebruik word as 'n godsdiensttaal en terug te voer is na die vroeë negentiende eeu toe dit deur die slawe as godsdienst- en onderrigtaal ingespan is en Moslemafrikaans volgens Hendricks (2012b:5) in die Arabiese alfabet geskryf is vir religieuse gebruik. Volgens Kotzé (2001:107) is dit gebaseer op die sintaksis van Standaardafrikaans. Wat leksikon betref, bevat dit 'n groot aantal Arabiese en Maleise woorde, sowel as niegestandaardiseerde Afrikaanse leksikale items. Voorbeelde van Arabiese en Maleise woorde is *kanalla* (asseblief), *shukran* (dankie), *maalf* (jammer), *insha-allah* (as God wil), *madrassa* (moslemskool), *galiefa* (juffrou), *moealiem* (meneer), *allah hoe akbar* (God is goed), *biesmillah* (ek begin in die naam van God) en uitroepe soos *astaghfieroellah* (ai tog) en *algamdulillah* (uitroep, sjoe).

Die Literêre Kaapse Vernakulêr is die geskrewe vorm van Kaaps wat deur skrywers gebruik word om oor 'n wye spektrum onderwerpe te skryf en wat "poog om informele gesproke diskoers te weerspieël." In 'n poging om dit te verwesenlik maak hulle gebruik van ortografie wat die tipies Kaapse uitspraak probeer uitbeeld, sowel as leksikale, semantiese en sintaktiese merkers wat kenmerkend van Kaaps is. Skrywers en digters wat veral van die Literêre Kaapse Vernakulêr gebruik gemaak het, sluit in Adam Small, S.V. Petersen, Peter Snyders, Patrick Peterson, Marius Titus, André Boezak, Vernie Plaatjies, Melville Whitebooi, Loit Sôls, Anastasia de Vries en Nathan Trantraal. Coetzee (2005:36) dui aan dat die meeste dialekwerke in Afrikaans juis in Kaaps geskryf is.

Aanvanklik is Kaapse Afrikaans volgens Coetzee (2005:37) en Willemse (2012) deur wit skrywers gebruik om die Hottentotte en bruin mense as karikatuuragtig en lagwekkend uit te beeld. Reeds in 1832 skryf C.E. Boniface *Die Nieuwe Ridderorde of de Temperatisten* en Rex Bain skryf in dieselfde jaar *Kaatjie Kekkelbek* waarin 'n vroeë Kaapse Afrikaans gebruik word om die spot te dryf met die bruin mense. Die gevolg van sulke skryfwerk waarin Kaaps gebruik is en wat jare later steeds in Afrikaans voorgekom het,



was dat die sprekers van Kaaps deur ander groepe beskou is as “naïef, skuifelend-onderdanig, halfgeskoold met ’n onvermoë om kompleksiteit te begryp of te waardeer” (Willemse 2012:3). Ook drankmisbruik word geleidelik aan die variëteit gekoppel. Kaaps is daarom vandag een van die mees gestigmatiseerde variëteite van Afrikaans en sprekers van die variëteit word meermale as onopgevoed, onintelligent of “Gam” (Karaan 2009:1) bestempel.

Coetzee (2005:38) dui daarop dat skrywers sedert 1930 ’n meer simpatieke aanslag gebruik het om na die sprekers van Kaaps te verwys. In dié tyd verskyn werke van I.D. du Plessis soos sy *Verflenterde kaalvoetklonkie* en Peter Blum se *Kaapse sonnette*. Verskeie Afrikaanse skrywers gebruik op een of ander stadium ’n vorm van Kaaps in hulle skryfwerk. Die skrywers sluit onder andere Uys Krige, Van Wyk Louw, Boerneef en André P. Brink in (Willemse 2012:5).

Die skrywer met wie die verbintenis tussen gekleurde mense en Kaaps onlosmaaklik geword het, is egter volgens Willemse (2012:5), Adam Small. In sy werke kom daar vir die eerste keer taalvorme voor wat Kannemeyer in Coetzee (2005:40) tipeer as die “Bruinmens se eie seggings”. Volgens Hendricks (2012a:101) bevestig Small se hele oeuvre dat Kaaps suksesvol as ’n skryftaal aangewend kan word in verskillende letterkundige genres wat insluit poësie, kortverhale en dramas. Coetzee (2005:40) bestempel die aard van sy werk as ’n uitbeelding van die “sosio-ekonomiese omstandighede en die konsekwensies vir die betrokkenes, sowel as die voorkoms van sosiaal-politieke verse. In sy werke beeld hy die Kaapse variëteit uit deur ’n vermenging van Afrikaans en Engels, spesifieke Kaapse uitspraakmerkers en die gebruik van Kaapse leksikale merkers.

In sy drama *Kanna hy kô hystoe* gebruik hy Standaardafrikaans sowel as Kaaps as vertelkode en daar is gevolglik nie net ’n vermenging van Afrikaans en Engels nie, maar ook van Standaardafrikaans en Kaaps. In die drama gebruik Small dan veral Kaaps in die dialoog van karakters wat hulle toelaat om vanuit ’n eerstepersoonsperspektief hulle ervarings te kan vertel (Hendricks 2012a:102). In die kortverhaal *Kanna hy kô hystoe* is die vertelling

van die vrouepersonasies geheel in Kaaps (Hendricks 2012a:102). Kaaps word dus nie net as 'n sitaatkode aangewend in sy werk nie, maar ook as 'n vertelkode.

Alhoewel Hendricks (2012a:102) Small se integrering van Kaaps in sy werke beskou as 'n demarginalisering en destigmatisering van die variëteit, kritiseer Willemse (2012:6) Small se werk daarvan deurdat die gebruik van Kaaps die stereotiperende uitbeelding nie vryspring nie, maar dat Kaaps “gekoppel word aan 'n lae sosiale orde-sprekers en die ou stereotipe van berusting in 'n toegesegde lot.” Ook die jong digter Nathan Trantraal (2013) beskuldig Adam Small en Peter Snyders se gebruik van Kaaps in hulle literêre werke deur te sê dat hulle van Kaaps 'n “joke-taal” gemaak het waarin Kaaps as 'n snaaksigheid uitgebeeld word, eerder as 'n taalvorm wat ook ernstig opgeneem kan word. Die negatiewe beskouing van Small en Snyders se aanwending van Kaaps in die letterkunde word egter nie deur almal gedeel nie en Trantraal se uitlating word deur verskeie akademici soos Frank Hendricks (De Vries, 2013), Michael le Cordeur (2013) en Steward van Wyk (2013) veroordeel.

Tydens die opbloei van Afrikanernasionalisme en die oorbeklemtoning van Standaardafrikaans as kultuurtaal gedurende die apartheidsjare, is die stigmatisering van omgangsvariëteite, en spesifiek Kaaps, volgens Ponelis (1994:120) vererger. Die gevolg was dat daar in die 1980's volgens February in Coetzee (2005:41) 'n tydperk van “bevryde Afrikaans” plaasgevind het waar bruin skrywers soos Peter Snyders en Loit Sôls 'n mengsel van Afrikaans en Engels, oftewel Kaaps in hulle skryfwerk gebruik het om uiting te gee aan die bruin mense se soeke na 'n identiteit en dit ook aangewend het as 'n “instrument van bevryding uit ou verhoudings”. Dit is ook 'n tyd waarin Kaaps gebruik word as politieke taal en volgens De Vries (2006) deur swart skrywers gedurende die apartheidsera gebruik is om uitdrukking te gee aan hulle bestaanswerklikheid as gevolg van apartheid. Ook Ikey van de Rheede in Zietsman (2003) dui in 1983 op die gebruik van Kaaps om protes aan te teken teen die apartheidstrukture en om uiting te gee aan die lyding van

rassediskriminasie. In wese was Kaaps dan ook struggle-Afrikaans of 'n bevrydingstaal.

Vandag word Kaaps steeds in die geskrewe vorm gebruik in poësie en drama en word dit selfs suksesvol in die joernalistiek gebruik deurdat dit as skryftaal in die poniekoerant *Son* gebruik word.

Willemse (2012:5) kritiseer egter die gebruik van Kaaps in die Afrikaanse letterkunde daarvan dat dit bepaalde stereotiperende verbintenisse met die sprekers van Kaaps vestig en die waardigheid van Kaaps ondermyn. Hy verwys na die sogenaamde oogdialekstrategie wat in die letterkunde gebruik word waar die spelling van woorde nie 'n "presiese fonetiese transkripsie is nie, maar 'n idiosinkratiese skepping van die skrywer om die klem op die afwykende taaluitspraak van sy karakterspreker te laat val." Aangesien die oogdialekstrategie in kontras met die standaardtaal staan, hang dit gevolglik dikwels saam met betekenis van minderwaardigheid en sosiale uitgeslotenheid. Buiten die kritiek dat die gebruik van Kaaps in die geskrewe vorm die waardigheid van Kaaps ondermyn, kan die vraag ook gevra word tot watter mate Kaaps in die geskrewe vorm 'n kunsmatige voorstelling is van gesproke Kaaps?

Willemse (2012:1) voer aan dat die "bevordering van die waardigheid van gesproke Afrikaans nie noodwendig die informele ortografieë wat ons in die poësie sien, nodig het nie" en dat daar ander strategieë is, buiten die beperkte formule-agtige wyse waarop Kaaps in skryfwerk aangebied word in terme van fonetiese variasie, wat skrywers kan gebruik.

Die strategieë wat Willemse voorstel om die waardigheid van Kaaps in die geskrewe vorm te bevorder, sluit in die gebruik van "kenmerkende spraakritmes, idiomatiese taalgebruik, spesifieke streeksleksikale items of semantiese meervlakkigheid, gepaste beelding, verskillende taalregisters of stilistiese bewustheid, die spanning tussen omgangs – en formele taalgebruik, woordspeling, aspekte soos sintaktiese en morfologiese uitsonderlikhede en ja, ook fonetiese variasie." (Willemse 2012:7).

### 2.2.6.3 Linguistiese merkers van Kaaps

Verskeie studies is alreeds gedoen oor die kenmerkende taalverskynsels van Kaaps. Vervolgens sal die fonologiese, leksikale, sintaktiese en morfologiese verskynsels van Kaaps belig word soos bespreek deur onder meer Hendricks (1996, 2012a, 2012b), Van Rensburg (1989, 1997), Saal en Blignaut (2011), Coetzee (2005), Kleynhans (1988) en Klopper (1983).

#### i) Fonologiese verskynsels

Kenmerkende uitspraakverskynsels wat voorkom in Kaaps sluit onder andere in vokaalverhoging van veral [e] > [i] en [o] > [u], vokaalverlaging van [ə] > [a] in veral die *ge*- en *-ig*-morfeme, postvokaliese [r]-weglating, affrisering van [j] > [dʒ] in sillabe-beginposisies, palatalisasie by die verkleiningsuitgang, ontronding en die verkorting van [a:] > [a]: (Hendricks 2012a:105; 2012b:3; Saal en Blignaut (2011:350); Coetzee 2005:42). Die volgende voorbeelde gee 'n aanduiding van die uitspraakverskynsels wat kenmerkend is van Kaaps:

**Vokaalverhoging** van [e] > [i]: [vit] x weet, [vis] x wees, [twi] x twee, [skri] x skree, [min] x meen; en van [o] > [u]:, [uk] x ook en [sus] x soos.

**Vokaalverlaging** van [ə] > [a] in die *ge*- morfeem: [xakɔm] x gekom, [xasɛ:] x gesê, sowel as by die *ig*-morfeem: [rɛxtax] x regtig, [xalœkax] x gelukkig, [bisaxhøit] x besigheid.

**Postvokaliese [r]-weglating**: [vɛ:k] x werk, [bru] x broer, [swa:]: x swaar.

**Affrisering** van [j] > [dʒ] in sillabe-beginposisie: [dʒøi] x jy, [dʒølə] x julle.

**Palatalisasie** by die verkleiningsuitgang: [suntʃis] x soentjies, [karəntʃis] x karretjies.

Saal en Blignaut (2011:350) sowel as Hendricks (1996:8) dui op die uitspraakverskynsels wat kenmerkend is van Kaaps, maar nie as eiesoortig van Kaaps beskou kan word nie. Dié uitspraakverskynsels sluit die volgende in:

**Assimilasie:** Geassimileerde vorme van die funksiewoorde *die* en *nie* kom gereeld voor, bv. [pra:ti] x praat nie, [ɔpi] x op die, maar sluit ook ander voorbeelde in soos [sœkə] x sulke, [frinə] x vriende.

**Assibilasie:** [dɛra] x daddy, [bœiri] x bydie

**Ontronding:** [əitstik] x uitsteek, [hœis] x huis, [birə] x bure

**Vokaalreduksie** van [ɛ] > [ə]: [ək] x ek, [mət] x met

**Vokaalverkorting** van [a:] > [a]: [xan] x gaan, [slat] x slaan

**Klanktoevoeging:** [pampirə] x papiere, [lakənt] x laken

Fonologiese variasie wat kenmerkend is van Tienerkaaps word deur Saal en Bignaut (2011:351) as volg aangedui:

Die [d] in aanvangsposisies word gereeld deur [h] vervang, veral in die woord *daar*, ander voorbeelde sluit in, [hɑ:i] x daai, [hɑ:so] x daarso. Klankweglating is algemeen by veral [d] in aanvangsposisie: bv. [ət] x dit, [an] x dan, sillabe-eind- [m] en [t], bv. [kɔ] x kom, [ɔnhœu] x onthou, [fan] x want asook [n] in [ɔs] x ons. Die verskynsels is egter nie beperk tot Kaapssprekende tieners nie, maar kom ook onder volwasse sprekers voor.

## ii) Leksikale verskynsels

Kaaps word gekenmerk deur 'n vermenging van Afrikaans en Engels. Die titel van 'n artikel wat in 1996 deur Frank Hendricks geskryf is, bevestig die kenmerk van Kaaps, nl. *Kaaps: afwisseling met Engels is spontaan*. In die artikel maak hy die volgende stelling: "Uitings met 'n oorwegend Afrikaanse karakter en wat deurspek is met Engelse woorde of uitdrukkings en woordformasies wat deels Afrikaans en deels Engels is, word plek-plek afgewissel met uitinge wat in die geheel Engels of in die geheel Afrikaans is." (Hendricks 1996:8) 'n Voorbeeld van die vervlegting van Afrikaans en Engels is die volgende: *Hulle gat djou guy en jokes maak va djou, van hulle gat sê djy's cheap as djy fake tekkies dra*.

Die gebruik van Engelse woorde kan volgens Hendricks (2012a:103) direkte ontlenings wees, soos in bostaande voorbeeld, of kan leksikale items wees wat klankmatig verafrikaans is bv. *kompliet* x *complete* in *Hy lyk kompliet soes 'n vis*; *kôs why* x *because why* in *Ek is innie moeligheid kôs why ek hettie my wêk gedoenie*; *nout* x *note* in *Ek vattie nout va hommie*.

Klopper (1983:286) dui daarop dat Engelse woorde veral gebruik word wanneer daar verwys word na “amptelike sake, werksaangeleenthede, tegniese uitvindings, familieterme, gemoedswerkwoorde en gespesialiseerde handelinge”, bv. *court*, *law*, *magistrate*, *spanner*, *seamstress*, *cop*, *drugs*, *inject*, *outsmart*, *cheat*, *figure*, ens. Die Engelse woorde word egter volgens Klopper (1983:286) met die Afrikaanse ekwivalent vervang wanneer werkersklas Maleier- of bruinsprekers met wit sprekers in gesprek is. Ook bruin Christene van 'n hoëklas, gee voorkeur aan die Afrikaanse woorde in plaas van die Engelse ekwivalente in hulle gesprekke.

Volgens Hendricks (2012a:103) en Kleynhans (1988) kom daar ook heelwat Islam woorde of uitdrukkings in Kaaps voor. Die leksikale items het hulle oorsprong in die slawegemeenskap van die agtiende eeu aan die Kaap. Leksikale items wat vandag nog veral in die spreektaal van Moslems voorkom en waarvan baie gewortel is in die Moslemgeloof, is: *kanalla* (asseblief), *trammakassie* of *sjukran* (dankie), *boeja* (vader), *oemi* (moeder of ouma), *boeka* (die vas breek), *madrasah* (godsdienstige skool), *koefia* (fes), *djoemoea* (moskeediens), *barakat* (kospakkie wat huis toe geneem word na 'n partytjie), *boeka* (die breek van die vas) en *labarang* (Eid). Volgens Klopper (1983:287) hou die meeste van die woorde wat nog gebruik word, verband met sekere gesprekstemas, kledingstukke, eetgewoontes, die begrafnisritueel en die alledaagse bestaan.

Hendricks (2012b:addendum in sy referaat; 1996:8) en Saal en Blignaut (2011:352,353) dui op tipiese leksikale merkers wat 'n relatief hoë gebruikfrekwensie het. Die woorde sluit in: *entjies* (sigarette), *nwaatas praat* (twak of nonsens praat), *because why* (want), die gereelde gebruik van *daai* (daardie) en *likes* (hou van), bv. *Ek likes die way wat hille speel*. Die

uitdrukking *nei/ nai man* kom gereeld voor as ontkennde vorm, maar word ook gebruik as uitroep of 'n tipe stopwoord. Ander uitroepe wat frekwent gebruik word, sluit in *awe* (hallo), *djy wiet né, lekke djy, hoe vaa?* (hoe gaan dit?) en *djy's versin* (jy's laf of verspot).

Saal en Blignaut (2011:353) dui ook op die gebruik van bestaande woorde in nuwe of uitgebreide betekenisse, bv. *Gevaa(r)lik, kwaai, duidelik* in die betekenis *baie* of wanneer iets of iemand goed is, bv. *Haai man spiel gevaalik rugby, is duidelik. Roep* in die betekenis van noem, *Hulle roep hom Johnny*; die woord *getyg* in die betekenis van praat, *Kô getyg gou hie en ytstiek* met die betekenis van opdaag, bv. *Ik wil hê die ouens moet ytstiek ha*. Die woord *ve(r)sin* kom gereeld voor in die betekenis van simpel of kinderagtig, bv. *Djy's vesin*. Die woorde *spat* en *maats* (Engelse *march*) is items wat kenmerkend is van Tienerkaaps en gebruik word in die betekenis van loop, bv. *Lat ôs maats*, en *Lat spat!* Ander leksikale items wat gereeld in Tienerkaaps voorkom, sluit in: *dakskroef/ smetterige kind/ geroeste kind* (lelike meisie); *haai's lyn* (dis 'n plan) ; *dala die nomme* (praat); *kap 'n beat* (maak musiek). Ander woorde wat volgens Kleinhans (1988) algemeen deur tiener Kaapssprekendes gebruik word, sluit in *tanie* (moeder), *burk* of *outjie* (kêrel) en *kind* (meisie).

Kleinhans (1988), Hendricks (2012b:addendum) en Saal en Blignaut (2011:353) dui ook op die invloed van bendetaal op Kaapse slêng en Tienerkaaps: *dala* (baklei), *ve'dala* (doodmaak), *wit biene* (hy sterf), *pakamisa* (optel, weggaan, uitgaan of klaarmaak), *piemp* (verklik), *zol* (daggasigaret) en die uitroep *minute!* d.i. [mənītə]. Die gebruik van nommers wat verwys na 'n persoon se lidmaatskap van 'n tronkbende waaronder ses en twintig, sewe en twintig en ag en twintig, kom ook gereeld voor, bv. *Hille it dan gistaand ingebriek ha by ôs, allie nommes, minute my broe*, en *Het jy geweet Zuma was 'n ag?*

Kaaps deel ook volgens Hendricks (2012b:addendum) sekere woorde met flaaitaal, bv. *mahala* (verniet), *sharp* (goed, reg), *gwarra* (spot) en *bra/blah* (vriend).

De Vries (2006) en Le Cordeur (2013) dui op die volgende uitdrukkings wat kenmerkend van en eie is aan Kaaps. *Moenie soe gaseg vekoepi* (Moenie gunsies soek nie), *Djy's my ma se trane* of *Djy's my koptjommie* (Jy's my boesemvriend), *Djy's 'n skets s'one byskrifte* (Jy's 'n niksword), *Hy'si daai ou nie* (Hy word oorskat), *Djy wêk op my kerrie* (Jy irriteer my) en *Ek it hom 'n kwai kaa(r)t geskiet* (Draai hom 'n rat voor die oë).

Kleinhans (1988) stel dit dat Kaaps die “skeppendste variëteit van Afrikaans” is en dat Kaapse nuutskeppings gereeld spontaan na vore kom. Dit is 'n lewendige en dinamiese taal waar voortdurend nuwe leksikale items geskep word. Nuutskeppings waarop Saal en Blignaut (2011:353) dui, is onder meer *dite* [dait] wat eet beteken. Dit moet egter in gedagte gehou word dat nie alle leksikale items behoue bly in Kaaps nie, maar dat sommige woorde met verloop van tyd al minder gebruik word.

### iii) Morfologiese verskynsels

Die vervlegting van Engels en Afrikaans in Kaaps vind ook neerslag in die woordvorming deurdat Engelse woorde op verskeie maniere verafrikaans word. Hendricks (2012b:addendum) dui op die morfologiese inbedding van Engelse ontlenings in die Afrikaanse verledetydsvorm bv. *ge-apologise*, *ge-introduce* en in samestellings, bv. *hawkerkinners*. Afrikaanse meervoudsvorming word volgens Kleinhans (1988) gereeld net so op Engelse woorde toegepas, bv. *teame* (teams) en *bolle* (balls).

Reduksie van sekere leksikale items is ook kenmerkend van Kaaps bv. *som* (sommige), *daai* (daardie), *nodig* (benodig), *van* [fan] (want), bv. *Som mense nodig komberse, van dit is koud*.

Ander morfologiese verskynsels waarop Hendricks (2012a:106, 2012b:addendum) dui, is die redundante gebruik van graadtrapmorfeme: *bietere* (beter) in *Die phone is bietere as haai een*; Nie-emfatiese adjektiefverbuiging: *mooie* blomme, *varse* vis, *valse* tanne, die deur is *oepe*; die gebruik van *it* (dit) en *is* (dis) in sinsaanvangposisie, bv. *It gaan lekker, Is*



sy *skoene*; die gebruik van die besitlike voornaamwoord *onse* (ons) in attributiewe besitsposisie, bv. *onse ma*. Sekere werkwoorde gaan uit op 'n /e/ of 'n /t/ bv. *beginne* (begin), *worre* (word), *skrywe* (skryf), sowel as *gaat* (gaan) en *siet* (sien).

#### iv) Sintaktiese verskynsels

Hendricks (2012a:106; 2012b:addendum, 1996:8) en Saal en Blignaut (2011:351,352) dui op die volgende sintaktiese variasie wat in Kaaps voorkom:

Hendricks (1996:9) dui daarop dat Kaaps sintakties veral gekenmerk word deur die gebruik van reste uit ouer tale, bv. die hervatting van die onderwerp in die voornaamwoordelike vorm, bv. *Pa hy werk baie hard* en die gebruik van die besitlike voornaamwoord *sy* in plaas van *se*, bv. *Die Here sy genade*. Voorts is die gebruik van *die* voor 'n straat- of pleknaam bv. *Ek bly innie Lavender Hill in* asook die redundante gebruik van die bepaalde lidwoord voor substantiewe, kenmerkend van Kaaps, bv. *Hy het die tiebie gahad*.

Die gebruik van *vir* as persoonsobjekmerker is ook tiperend van Kaaps, bv. *Ek het vi hom gasê*. Volgens Carstens in Saal en Blignaut (2011:351) het die verskynsel al tot so 'n mate neerslag gevind binne Afrikaans, dat dit nou aanvaarbaar is om dit te gebruik in Standaardafrikaans.

Wat woordorde betref, neem Kaaps die Engelse SVO-woordordepatroon aan by bysinne en hoofsinne met 'n medewerkwoord, byvoorbeeld *Hulle het gesteel my skoene* (Hulle het my skoene gesteel). Werkwoordkonstruksies toon ook veral in die verledetydsvorm variasie, bv. *het gevergeet*, *het geonthou*, *hy was geslaan* (hy is geslaan).

Setselverdubbeling (identiese voorsetsel en agtersetsel) is ook 'n opvallende kenmerk van Kaaps, byvoorbeeld *Ek bly innie Grassy Park in*. Ook die herhaling van die onbepaalde lidwoord 'n kom gereeld voor in Kaaps, byvoorbeeld *Ek soek 'n nog 'n sweet*.

Die *saam+met*-konstruksie is volgens Saal en Blignaut (2011:351) kenmerkend van Kaaps en Tienerkaaps byvoorbeeld *Praat saam mit my, Hoe gatit saam mit jou?*

Hendricks (2012a:107) dui ook op die gebruik van die predetermineerder *almal*, uitgespreek *amal*, in plaas van *al*, bv. ***Amal*** *die kinnes gan da wies, Ek it **amal** die werk gedoen.*

Hendricks (2012b:4) dui egter daarop dat daar 'n wisselwerking tussen die gebruik van tipies Kaapse en gestandaardiseerde variante is. Gevolglik sal 'n spreker albei vorme, bv. *vi x vir, siep x seep, varse blomme x vars blomme* ens. afwisselend gebruik. Alle sprekers van Kaaps gebruik ook nie Kaaps, eenvormig nie. Soos Anastasia de Vries in Hendricks (2012b:4) dit stel: "Die soort Kaaps wat jy praat is (...) 'n padkaart van die kulture en subkulture waaraan jy blootgestel is." Hiervolgens is die Kaapse variasie wat 'n spreker gebruik 'n weerspieëling van die bepaalde religieuse oriëntasie, ouderdom en graad van geletterdheid van die spreker.

### **2.3 Kaapse Afrikaans: 'n sosiolinguistiese ondersoek**

Soos reeds bespreek by 2.2.2, behels die sosiolinguistiek dat taal ondersoek word binne die sosiale konteks waarbinne dit voorkom. Volgens Yule (2010:254) maak die studie van die verband tussen taal en die gemeenskap 'n belangrike deel uit van die sosiolinguistiek. Kaaps as 'n variëteit van Afrikaans bestaan dus ook nie as 'n abstrakte verskynsel nie, maar dit is 'n sosiale verskynsel wat deur mense en gemeenskappe binne verskillende sosiale en situasionele kontekste gebruik word.

In die lig hiervan word Kaaps vervolgens bespreek aan die hand van sosiolinguistiese verskynsels wat verband hou met die gemeenskap en die sosiale kontekste waarbinne Kaaps gebruik en ook beïnvloed word soos meertaligheid, taalkontak, kodewisseling en diglossie. Voorts word die

verband wat bestaan tussen Kaaps en die identiteit van die spreker ook ondersoek en bespreek.

### **2.3.1 Meertaligheid**

Suid-Afrika word beskou as 'n meertalige land met 11 amptelike tale. Die gevolg is dat baie Suid-Afrikaners tweetalig of selfs meertalig is. Coulmas (2005:136) dui daarop dat dit belangrik is om die relevante eenheid te identifiseer waar die tweetaligheid bestudeer word, bv. is dit 'n nasionale staat, 'n stad, 'n distrik, 'n township, 'n informele nedersetting, 'n sportspan of 'n familie. Vir die doel van die ondersoek sal ek deels fokus op die tweetaligheid of meertaligheid wat voorkom aan die Kaapse Skiereiland, meer spesifiek in die suidelike dele van die Kaapse Skiereiland en die Kaapse Vlakte. Die areas sluit in Retreat, Lavender Hill, Grassy Park, Steenberg en Mitchells Plain, waar baie van die inwoners Kaapssprekend is.

Meertaligheid word as volg deur Yule (2006:199) gedefinieer:


In many countries, regional variation is not simply a matter of two (or more) dialects of a single language, but can involve two (or more) quite distinct and different languages. ... In this form of bilingualism, a member of a minority group grows up in one linguistic community, mainly speaking one language (e.g. Welsh in Brittain or Spanish in the United States), but learns another language (e.g. English) in order to take part in the larger dominant linguistic community.

Yule (2006:200) vervolg deur dit te stel dat in enige tweetalige gemeenskap een taal geleidelik die dominante taal sal word met die ander taal wat 'n ondergeskikte rol vervul.


In Suid-Afrika en meer spesifiek aan die Kaapse Skiereiland, is dit dan ook die geval waar lede van die gemeenskappe hoofsaaklik Afrikaans, oftewel Kaaps (ondergeskikte taal), gebruik, maar Engels (dominante taal) aanleer om in die groter Suid-Afrikaanse omgewing te kan gebruik.

Volgens Coulmas (2005:135,137) het elke taal in 'n meertalige of tweetalige gemeenskap 'n bepaalde funksie en status. Die status hou verband met die taal se gebruik in die geskrewe vorm en tot watter mate dit gebruik word in die geskrewe vorm en die literatuur. Dit hang ook nou saam met die mate waarin die grammatika ontwikkel is, of dit 'n tegniese woordeskat het en of die taal erkenning op politieke vlak geniet.

Tans geniet Engels al groter status deur die gebruik daarvan in die politiek, die regsbank, opvoedkunde en amptelike sake. Daarenteen word Afrikaans al minder op amptelike vlak gebruik. In die Wes-Kaap is die drie tale wat vir amptelike sake deur die regering gebruik word, Engels, Afrikaans en Xhosa wat dit vir Suid-Afrikaners noodsaaklik maak om in meer as een taal bevoeg te wees. Die meertalige toestand in Suid-Afrika sowel as die statistiek vir die verskillende huistaalsprekers in Suid-Afrika, word in grafiek 1 aangedui. Die taalverspreiding in die Wes-Kaap word aangedui in grafiek 2.



Grafiek 1: Verspreiding van huistale in Suid-Afrika (South African Population Census 2001 en 2011)



Grafiek 2: Verspreiding van huistale in die Wes-Kaap (South African Population Census 2001,2011)

Die statistiek toon dat 13,5% van Suid-Afrikaners Afrikaans as huistaal gebruik wat dit die taal met die derde meeste huistaalsprekers in Suid-Afrika maak. Engels daarenteen het die vierde meeste huistaalsprekers, wat slegs 9,6% van Suid-Afrikaners uitmaak. In geen provinsie het Engels 'n oorgrote meerderheid huistaalsprekers nie. In die Wes-Kaap is Afrikaans steeds die moedertaal van die meeste mense, deurdat 49,7% van die inwoners Afrikaanssprekend is, terwyl 24,7% Xhosasprekend en slegs 20,2% Engelssprekend is. Afrikaans is ook in 2011 die moedertaal van 81% van die bruin mense in die Wes-Kaap (South African Population Census 2001).

Volgens Gough in Bowers (2006:10) kan 33% van Afrikataalsprekers, Engels tot 'n mindere of meerdere mate verstaan en gebruik, terwyl 89% wit mense en 51% bruin mense Engels kan praat. Dis dus duidelik dat die meeste mense in Suid-Afrika Engels kan verstaan en gebruik as 'n tweede taal. Ongeag van die feit dat daar nie so baie Engels huistaalsprekers in Suid-Afrika is nie, geniet dit 'n hoër status as enige ander taal in Suid-Afrika. Die rede hiervoor is volgens McCormick in Bowers (2006:11) te vind in Engels se waarde as

lingua franca en sy internasionale gebruik. Dit word ook geassosieer met 'n middelklas, welvarende leefstyl, die stadslewe en Engels se bekende en gesaghebbende opvoedkundige inrigtings.

Dit is egter geen nuwe tendens nie. Reeds vroeg in die twintigste eeu het Engels volgens Adhikari (1996:7) 'n groot prestigewaarde onder bruin mense gehad as gevolg van die feit dat dit 'n internasionale taal was wat ryk aan literatuur was en beskou is as die taal van kultuur, beskaafdheid en vooruitgang. Bevoegdheid in Engels is ook beskou as die sleutel tot sosiale en beroepsvooruitgang.

Die domein waar 'n taal gebruik word, verwys volgens Coulmas (2005:138) na 'n versameling plekke van kommunikasie en sluit in openbaar vs. privaat, die verhouding tussen deelnemers en die tipe interaksie bv. formeel vs. informeel. Tipiese domeine wat onderskei word, sluit in die huis, werk, skool, kerk, winkel, regering en ontspanning.

Volgens O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996:562) word Engels in die meeste meertalige lande in die wêreld gebruik in die formele onderrigomgewing en deur die regering in alle amptelike sake. Die onderskeie huistale van die gemeenskap asook Kaaps, word egter in die huis, vir inkopies, ontspanning en kulturele aktiwiteite gebruik. Dit is dan ook die geval in Suid-Afrika. Die invloed wat die dominante taal op die huistale of etniese variëteite het, word as volg deur O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996:562) opgesom:

The link between one's language and one's membership of a particular ethnic group is complex. ... In a complex speech community these varieties are in competition with whatever standard or official languages may be present. Often these ethnic varieties succumb to the overriding influence of the dominant language.

Die wedywering tussen verskillende tale en variëteite met die dominante taal kom ook voor in Suid-Afrika waar talle inheemse tale, insluitend Afrikaans en

Kaaps wat 'n sterk verband toon met 'n spesifieke etniese groep, voortdurend onderdruk word en stelselmatig in verskillende domeine deur die dominante taal, Engels, vervang word.

### **2.3.2 Taalkontak**

In 'n omgewing waar sprekers teenwoordig is wat bevoeg is in meer as een taal, vind daar volgens Coulmas (2005:108) taalkontak plaas. Soos bespreek by 2.2.6.1, was daar reeds met die aankoms van die Nederlanders aan die Kaap 'n taalkontaksituasie geskep waar Nederlands in kontak gekom het met Khoi. Met die geleidelike invoer van slawe uit verskeie lande soos Indië, Madagaskar, Indonesië, Sri Lanka, Maleisië, ens. het daar 'n diverse kultuur en taalgemeenskap in die Kaap ontstaan. Die gevolg was dat verskillende tale met mekaar in aanraking gekom het. Die tale sluit in Nederlands, Khoi, Maleis, Buganees, Maleis-Portugees, Duits, Frans, en na die bewindsoorname van Brittanje, ook Engels.

Die situasie het gelei tot akkulturasie wat deur Davids (1994:113) verstaan word as 'n "fenomeen wat ontstaan wanneer groepe of individue uit verskillende kulture in voortdurende direkte kontak met mekaar kom, met die gevolg dat veranderinge in die oorspronklike kultuurpatrone van albei groepe plaasvind." Die verandering het egter ook in die onderskeie tale plaasgevind en Davids (1994:113) voer aan dat die vroeë taalkontak die rede is waarom daar talle "vreemde" leksikale items of grammatikale konstruksies in Afrikaans voorkom. Volgens Klopper (1983:291) het Afrikaans juis ontwikkel uit die taalkontak tussen sewentiende-eeuse niestandaard Nederlands en ander Europese, Oosterse en inheemse tale. Op sy beurt beskou Davids (1994:116) Kaapse Afrikaans as een van die duidelikste voorbeelde van die "eindproduk" wat hierdie taalkontak en akkulturasie tot gevolg kan hê.

Die taalkontaksituasie wat reeds sedert die sestiende eeu in die Kaap aanwesig was, speel vandag steeds 'n rol in die taalsituasie in Suid-Afrika as gevolg van sy meertalige status. Wanneer verskillende tale in kontak kom met

mekaar, kan daar volgens O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996:561) drie dinge gebeur, naamlik taalbehoud, taalverskuiwing of 'n taal wat uitsterf.

In die geval van taalbehoud bestaan die onderskeie tale in 'n redelik stabiele verhouding saam en is die sprekers van die minder dominante en invloedryke taal in staat om hulle taal te laat voortbestaan en aan hulle kinders te leer. Dit gebeur in gemeenskappe waar die sprekers 'n afsonderlike identiteit wil behou en hulle taal wil aanwend vir kulturele of godsdienstige redes. Taalbehoud sal makliker plaasvind indien die minder dominante taal gebruik word in die media, ekonomie, opvoeding en politiek (O'Grady, Dobrovolsky en Katamba, 1996:561,562).

Taalverskuiwing vind plaas wanneer sprekers van die minder dominante taal toegee aan die druk van die dominante taal. In sulke gevalle word hulle huistaal wat vroeër in die huis en gemeenskap gebruik is, verdring deur die dominante taal. Gevolglik word al hoe meer kinders in die dominante taal grootgemaak en onderrig in plaas van die huistaal van hulle ouers (O'Grady, Dobrovolsky en Katamba, 1996:252). Dit is 'n tendens wat al hoe meer onder die bruin middelklas en op die Kaapse vlakke plaasvind waar Afrikaanse ouers hulle kinders na Engelse skole stuur, in Engels huistaalklasse sit en in Engels grootmaak. Le Cordeur (2011:760) voer as rede hiervoor aan dat ouers besorg is oor hulle kinders se "toegang tot hoër onderwys, werkgeleenthede of algemene sosioëkonomiese vooruitgang vir hulle kinders."

Hierdie tendens het volgens Bosch (2000:55) reeds in die 1980's onder "niewit" sprekers van Afrikaans begin plaasvind. Alhoewel die taalverskuiwing hoofsaaklik om pragmatiese en ekonomiese redes plaasgevind het, voer Bosch aan dat dit in sommige gevalle 'n doelbewuste keuse teen Standaardafrikaans was, wat as die taal van die onderdrukker bekend gestaan het. Die keuse van ouers om hulle kinders in Engels groot te maak en te laat onderrig, was dus 'n manier om hulleself te onderskei van die apartheidsideologie.



Indien die aantal sprekers van die minder dominante taal voortdurend verminder, is die uiteindelijke gevolg dat die taal uitsterf. Wardhaugh (2010:2) maak dit egter duidelik dat dit die sprekers van die taal is wat sterf en nie die taal nie aangesien die taal steeds bestaan, al is dit net gedeeltelik.

Die invloed van Engels op Afrikaans as gevolg van taalkontak, kan teruggevoer word na die Britse besetting van die Kaap. Ponelis (1994:121) dui op die “hoë koers waarteen Engelssprekendes (veral mans) in die negentiende eeu binne die Afrikaanse taalgemeenskap opgeneem is” asook die groot aantal huwelike wat tussen Britte en Afrikaanssprekendes gesluit is.

Taalkontak tussen Afrikaans en Engels is vandag duidelik sigbaar. Volgens Klopper (1983:292) is ’n “nie-standaard lekte van ’n taal (Maleier,-Kleurling- en Binnelandse Afrikaans (vgl. Rosseau 1937 en Van Rensburg 1980, 1983 m.b.t. die invloed van Engels op Binnelandse Afrikaans), veel geredeliker vatbaar vir die verandering onder die invloed van ’n ander, dominante taal (Engels), as die standaard (normatiewe) lek.” Ook Ponelis (1994:121) stel dit dat die omgangstaal ingrypend deur Engels beïnvloed word. Die taalsisteemverandering wat taalkontak tot gevolg het, is hoofsaaklik dat die niestandaardvariëteit leenvorme uit die dominante taal oorneem. Die verskynsel is duidelik in die taalmengsels van Afrikaans en Engels wat voorkom in die niestandaardvariëteit van Afrikaans, nl. Kaaps. Soos bespreek by 2.2.6.3, is die spontane vervlegting van Afrikaanse en Engelse woorde kenmerkend van Kaaps.

Die Afrikaanse taalgemeenskap is volgens Ponelis (1994:122) tweetalig. Ponelis (1994:122) praat van ’n “passiewe tweetaligheid” waar dit gaan om Engels lees en na Engels luister. Engels dring die Afrikaanse huis al hoe meer binne deur Engelse koerante, tydskrifte, boeke, radiostasies, TV- en rekenaarprogramme, rekenarspeletjies, die internet, selfone, ens. Volgens Ponelis het die noue kontak met Engels verreikende gevolge vir Afrikaans deurdat daar ’n al groter invloed van Engels op informele Afrikaans plaasvind.

Buiten die hoë frekwensie waarteen sekere Engelse woorde wat verband hou met spesifieke sosiokulturele domeine gebruik word, soos vroeër bespreek, is die ontlennings uit Engels ook sigbaar in naamgewing. Volgens Ponelis (1994:124) word Engelse voorname onder die bruin gemeenskap byna sonder uitsondering gehoor, bv. Portia, Caitlin, Megan, Brad, Robin, Ashton, ens. Ook vanne word gereeld verengels, bv. *Abrahams, Joubert* (djoebê), *Fortune* in plaas van *Fortuin* ens.

Selfs die grammatiese struktuur van Afrikaans en Kaaps word deur Engels beïnvloed. Ponelis (1994:126) dui op die volgende. Die wederkerende voornaamwoord wat saam met *–self* gebruik word in *jouself bedink, haarself afvra*, in plaas van *jou bedink* en *haar afvra*. Maatnaamwoorde word gereeld in die meervoudsvorm gebruik, bv. *vyf liters wyn* in plaas van *vyf liter wyn*. Setselskeiding kom ook in Kaaps voor onder die invloed van Engels, bv. *Dit hou sy van teenoor Daarvan hou sy* en *Wat werk hy mee* teenoor *Waarmee werk hy*.

Die invloed van Engels op niestandaardvariëteite van Afrikaans raak dus stelselmatig al groter en die gevolg hiervan is volgens Ponelis (1994:123) dat 'n kloof ontstaan het tussen die hiperkonserwatiewe skryftaal en die omgangstaal. Hierdie kloof is ook duidelik tussen Standaardafrikaans en Kaaps.

### **2.3.3 Kodewisseling**

Soos vroeër genoem bestaan daar in 'n meertalige samelewing 'n dominante taal en ondergeskikte tale oftewel 'n hoë variëteit en lae variëteite. Coulmas (2005:109) stel dit dat die tale wat in 'n meertalige samelewing saambestaan, nooit gelyk is nie aangesien dit geassosieer word met demografiese sterkte, mag en prestige. Wanneer een taal bo 'n ander gekies word, of wanneer dele van 'n taal bo 'n ander gekies word, hou dit dus sosiale betekenis in.

McCormick in Bowers (2006:31) onderskei tussen kodevermenging en kodewisseling waar 'n kode kan verwys na 'n taal of 'n variëteit van 'n taal

(Coulmas 2005:110). Kodewisseling is volgens Bowers (2006:31) die wisseling van frases of langer dele in een kode of taal met 'n ander terwyl kodevermenging verwys na die invoeging van 'n enkele leksikale item van een taal in frases van 'n ander taal asook die byvoeging van morfeme uit een taal aan morfeme van 'n ander taal. Volgens Muysken in Bowers (2006:32) dui kodevermenging op alle gevalle waar leksikale items en grammatiese kenmerke van twee tale in een sin voorkom. Coulmas (2005:109) se beskouing van kodevermenging som die verskynsel goed op.

Bilingual individuals living in bilingual communities are regularly faced with the question of which language to use. In many cases, the answer is not that they choose either one language or the other, but rather that they select now portions of one language and then of the other, alternating back and forth .... The resulting admixture has, therefore, often been considered a deficient and bastardized blend.

Kodevermenging is duidelik sigbaar in Kaaps. Soos vroeër genoem, is die spontane vermenging van Engels en Afrikaans, waar Engelse woorde teen 'n hoë frekwensie in Afrikaanse uitinge gevoeg word, baie algemeen. Volgens Hendricks (2012a:103) kan die ontlenings direkte ontlenings wees of leksikale items wat klankmatig verafrikaans is, bv. *kompliet* x *complete*. Ook die byvoeging van die verledetydsmorfeem *ge-* aan 'n Engelse werkwoord is 'n algemene verskynsel in Kaaps, bv. *gephone*, *geexplain* ens., sien weer 2.2.6.3.

Alhoewel daar 'n onderskeid getref kan word tussen kodewisseling en kodevermenging, sal die term kodewisseling voorts vir die doel van die studie gebruik word om na albei dié verskynsels te verwys.

Volgens Coulmas (2005:113) is die ideale sprekers wat kodewissel, persone wat ten minste twee tale wat gereeld in hulle gemeenskap gepraat word, kan praat. Die sprekers is vlot in albei tale alhoewel hulle nie noodwendig gebalanseerde tweetaliges is nie. Kodewisseling vind volgens Coulmas (2005:110) plaas wanneer sprekers bewus is dat die twee kodes van mekaar

verskil en in staat is om hulle apart te hou alhoewel hulle dit nie uit gewoonte doen nie en nie noodwendig van elke wisseling bewus is nie. Kodewisseling word daarom beskou as 'n beheerbare strategie wat met sekere funksies verband hou.

Holmes (1992:23) dui daarop dat sekere sosiale faktore 'n belangrike rol speel in kodewisseling en bepaal watter taal of kode in 'n spesifieke gesprek gebruik gaan word. Die term "domein" word deur Holmes gebruik om na die sosiale faktore te verwys en sluit faktore in soos die deelnemers aan die gesprek, die ligging en die onderwerp onder bespreking. In 'n meertalige samelewing bepaal die sosiale faktore die keuse vir die gebruik van 'n spesifieke kode.

Die gevolg is dat sprekers binne verskillende domeine verskillende kodes of tale gebruik en sodoende kodes wissel tussen die onderskeie domeine. Gevolglik sal Kaapssprekendes 'n keuse uit drie kodes kan maak, nl. Standaardafrikaans, Kaaps en Engels. In die huis en in die familie of gesin sal Kaaps gebruik word en in die kerk of vir religieuse doeleindes sal Standaardafrikaans en/of Engels gebruik word. Kaaps word egter as godsdienstaal gebruik in die Moslemgemeenskap (Hugo in Le Cordeur 2010). In die werkomgewing sal Engels of Standaardafrikaans gebruik word en by die skool of opvoedkundige instansies sal Engels of Standaardafrikaans gebruik word.

In gevalle waar beide deelnemers meer as een kode deel, is daar volgens Holmes (1992:29,45) ander faktore wat bydra tot die keuse vir die geskikte kode. Die faktore sluit in sosiale afstand, kodewisseling om affektiewe funksies te verrig, die statusverhouding tussen deelnemers en die formaliteit van die gesprek. Appel en Muysken (1987) in Bowers (2006:35,36) sluit hierby aan deur 'n funksionele model vir kodewisseling aan te bied wat gebaseer is op die werk van Jakobson (1960) en Halliday (1964). Dit veronderstel dat kodewisseling vir verskeie funksies in interaksie tussen individue aangewend word, nl. 'n gerigte funksie, ekspressiewe funksie, fatiese funksie, verwysende funksie en 'n metalinguistiese funksie.

Sosiale afstand (Holmes 1992) oftewel Appel en Muysken (1987) se gerigte funksie, het te make met hoe goed die deelnemers mekaar ken. Volgens Appel en Muysken in Bowers (2006:36) kan 'n spesifieke kode gebruik word om 'n spesifieke persoon aan te spreek of om sekere individue van 'n gesprek uit te sluit. Soos bespreek by 2.2.6.3, gebruik Kaapssprekendes Engelse woorde om na spesifieke sosiokulturele domeine te verwys, maar die Engelse woord word met die Afrikaanse ekwivalent vervang wanneer 'n wit persoon aangespreek word (Klopper 1983:286).

Mense gebruik ook soms volgens Holmes (1992:41) 'n spesifieke kode om uitdrukking te gee aan 'n gevoel van solidariteit. Kodewisseling kan dus verband hou met 'n spesifieke deelnemer of aangesprokene en die wisseling van een kode na 'n ander kan ook 'n aanduiding wees van groeplidmaatskap en 'n gedeelde etnisiteit met 'n deelnemer. Kodewisseling het dus nie net te make met die beklemtoning van inligting nie, maar dui ook op etniese identiteit en daarom stel Holmes (1992:45) dit dat kodewisseling 'n affektiewe en 'n verwysende funksie het.

Aangesien elke kode geassosieer word met 'n spesifieke etniese identiteit, stel Appel en Muysken in Bowers (2006:36) dit dat kodewisseling 'n ekspressiewe funksie vervul wat sprekers toelaat om 'n gemengde identiteit te beklemtoon deur die gebruik van twee kodes in 'n gesprek. Die vermoë om twee tale of kodes te gebruik, laat 'n spreker dus toe om twee verskillende identiteite te openbaar. Deur van Engels na Afrikaans of Kaaps te wissel, kan kodewisseling dus 'n Kaapssprekende in staat stel om 'n gedeelde identiteit met die aangesprokene uit te lok of te bevestig.

Holmes (1992:46) dui daarop dat kodewisseling gebruik kan word vir affektiewe funksies. Appel en Muysken in Bowers (2006:84) praat van die fatiese funksie van kodewisseling wat dui op 'n verandering in toon en dikwels aangewend word om humor in 'n gesprek weer te gee. Holmes (1992:46) dui daarop dat die wisseling na 'n lae variëteit aangewend kan word vir vermaak of dramatiese effek. Die lae variëteit word in verskillende lande soos Paraguay as die geskikte kode beskou vir grappe en snaakse staaltjies en

word ook gebruik wanneer emosie uitgedruk word, bv. woede, afkeur, ens. Daarenteen word die hoë variëteit vir ernstige sake soos die politiek gebruik.

In aansluiting by Holmes stel Bowers (2006:84) dit dat Engels dikwels deur Kaapssprekendes gebruik word wanneer hulle ernstig opgeneem wil word of gesag wil bevestig. Dit kan beskou word as 'n reaksie op die stigma wat steeds aan Kaaps kleef as gevolg van die uitbeelding van sprekers van Kaaps in die literatuur. Soos vroeër genoem is Kaaps dikwels in die verlede deur wit skrywers gebruik om bruin mense as lagwekkend en karikatuuragtig uit te beeld (Coetzee 2005:37 en Willemse 2012). Willemse (2012: 3) dui ook op die aanwending van Kaaps vir humor in die Gatiepie-grappe. Volgens hom word die "handelende karakter dikwels beklee (...) met die inherente vermoë tot pittige sêgoed, soms ontblotende insig en kommentaar."

Die statusverhouding tussen deelnemers en die formaliteit van 'n gesprek kan ook 'n wisseling in kode tot gevolg hê. Elkeen van die verskillende verhoudings sal gevolglik verskillende kodes gebruik. In formeler verhoudings sal die hoë variëteit of die variëteit met 'n hoë status gebruik word, terwyl die lae variëteit of variëteit met 'n lae status gebruik word in vriendskaplike verhoudings (Holmes 1992:42). Kaaps sal gevolglik gebruik word in informele, sosiale verhoudings, terwyl Standaardafrikaans of Engels in formeler verhoudings gebruik sal word.

In dié opsig sluit kodewisseling tot 'n mate aan by register aangesien die formaliteit van die gesprek 'n invloed het op die vorm van die taal wat gebruik word. Die verskil tussen kodewisseling en register is egter dat kodewisseling te make het met 'n wisseling tussen twee tale, na gelang van die sosiale konteks waarbinne die spreker hom bevind, terwyl register te make het met die wisseling van 'n formele na 'n informele register binne een taal. Register het dus, anders as kodewisseling, te make met die wisseling in uitspraak, sintaksis en leksikale items binne een taal om 'n geskikte kode te gebruik binne 'n formele of informele situasie, sien weer 2.2.3.

Kodewisseling word volgens Appel en Muysken in Bowers (2006:35) ook aangewend om 'n verwysende rol te speel wanneer sprekers nie bevoeg is om 'n gesprek in slegs een kode te voer nie of wanneer hulle voel dat een van die kodes wat hulle ken, meer geskik is vir 'n spesifieke onderwerp. Volgens Holmes (1992:44) vind tweetaliges dit makliker om sekere onderwerpe in 'n spesifieke kode te bespreek. Volgens haar wissel tweetaliges dikwels na Engels wanneer 'n tegniese onderwerp onder bespreking is of wanneer studente hulle studies bespreek aangesien hulle die woordeskat van vakke soos ekonomie, linguistiek of fisika in Engels geleer het. Kaaps word ook, soos vroeër genoem, gekenmerk deur die gebruik van Engelse woorde in Afrikaanse uitinge wat verband hou met spesifieke konsepte of spesifieke sosiokulturele domeine.

Kodewisseling vind ook plaas wanneer 'n persoon aangehaal word, maar dié wisseling behels net die woorde wat deur die aangehaalde persoon gesê is. Die kodewisseling tree dus op soos 'n stel aanhalingstekens (Holmes 1992:440).

Laastens kan kodewisseling volgens Appel en Muysken in Bowers (2006:36) 'n metalinguistiese funksie hê wanneer dit gebruik word om direk of indirek kommentaar te lewer op een van die tale of kodes wat betrokke is. Dit kan ook deur sprekers gebruik word om met hulle linguistiese vaardighede te spog.

Hendricks (2012b:4) dui daarop dat Kaapssprekendes, Kaaps kan gebruik as 'n primêre taalkode of moedertaal in byna alle omstandighede terwyl ander dit gebruik as 'n sekondêre of geleentheidskode wat gebruik word vir informele kommunikasie. Kaaps figureer in die Kaapse Skiereiland binne 'n meertalige samelewing en word gevolglik gebruik in "wisselwerking met ander taalkodes (waar die) talige aspekte daagliks in allerlei lokale en sosiale ruimtes aangesny (word) in 'n uitgebreide kodewisselingspraktyk." Kaaps word daarom deur Hendricks (2012b:5) beskou as 'n taalkode wat weggesit en uitgehaal kan word ooreenkomstig die situasionele gepastheid daarvan.

### 2.3.4 Diglossie

Soos reeds bespreek onder kodewisseling, het sprekers in tweetalige gemeenskappe sowel as in eentalige gemeenskappe voortdurend 'n keuse oor watter kode hulle kan of wil gebruik. Waar tweetaliges 'n keuse uit twee tale kan uitoefen, kan eentaliges 'n keuse uitoefen tussen twee variëteite van 'n taal. Die situasie wat ontstaan wanneer hierdie keuse van eentaliges primêr bepaal word deur funksie en konteks, staan bekend as diglossie (Coulmas 2005:126).

Holmes (1992:36) stel dit dat diglossie 'n eienskap is van spraakgemeenskappe eerder as individue. Dit beskryf die gemeenskapstweetaligheid waar twee variëteite nodig is om al die gemeenskap se domeine te dek.

In die oorspronklike betekenis het diglossie volgens Holmes (1992:32) drie belangrike kenmerke of kriteria. Twee afsonderlike variëteite van dieselfde taal word in gemeenskappe gebruik waarvan een 'n "hoë variëteit" is en die ander 'n "lae variëteit". Elke variëteit word vir 'n bepaalde funksie gebruik en die hoë en lae variëteite komplementeer mekaar. Die laaste kenmerk van diglossie is dat niemand die hoë variëteit in alledaagse gesprekke gebruik nie.

Volgens Ponelis in Odendaal (2012a:1,2) is die rede vir die toestand van diglossie in Afrikaans, die groot gaping wat tussen Standaardafrikaans en die omgangstaal van Afrikaans bestaan. Soos bespreek by 2.2.4 onder die standaardisering van Afrikaans, is die rede vir die groot verskil tussen die twee vorme van Afrikaans, die oorgekultiveerdheid van Standaardafrikaans deur die miskenning van die Engelse invloed op Afrikaans, die swaar steun op Nederlands as voedingsbron en die uitsluiting van die variëteite van Afrikaans.

Ponelis (2009:2) definieer diglossie as volg: "Dit dui op twee skerp verskillende taalvorme wat in afwisseling, naas mekaar, deur 'n taalgemeenskap gebruik word, een vorm meer formeel, die klassieke variëteit en die ander, die demotiese variëteit, minder formeel." Die gevolg is twee wyd



uiteenlopende variëteite binne 'n taal. Voortaan sal daar na die “lae variëteit” (Holmes 1992 en Coulmas 2005) verwys word as die demotiese variëteit en na die “hoë variëteit” as die klassieke variëteit.

Ponelis (2009:1) dui op die oorsprong van die woord “demoties”. Dit is “afgelei van die Griekse woord ‘demos’ wat ‘volk’ beteken. Onder ‘demoties word dus verstaan ‘volksaardig, populêr’.” 'n Demotiese variëteit of taal kan dus beskou word as 'n populêre taal wat volgens Coulmas (2005:127) en Holmes (1992:34,37) as 'n omgangstaal by die huis, in die straat, vir skinderpraatjies, inkopies en in ander informele kontekste gebruik word. Dit is die taalvorm wat gewoonlik in die gesproke vorm voorkom en gebruik word vir storievertelling, maar kan ook in die geskrewe vorm voorkom. Dit vertoon intimiteit en solidariteit tussen die sprekers.

Daarenteen is die klassieke variëteit die formele taalvorm wat geassosieer word met mag. Dit is die taalvorm wat gestandaardiseer is en gebruik word in die geskrewe vorm, in openbare toesprake, vir religieuse doeleindes, in die opvoedkunde, normaalweg in die koerant en in nuusberigte en in ander formele kontekste. Literatuur word ook gewoonlik in die klassieke variëteit geskryf en dit is die taalvorm wat gestandaardiseer is en voortdurend gekodifiseer word in woordeboeke en taalhandboeke.

Volgens Holmes (1992:33) is die woordeskat van die klassieke variëteit en die demotiese variëteit grotendeels dieselfde, maar die hoë variëteit bevat baie meer formele en tegniese terme aangesien dit in formele domeine gebruik word. Daarenteen het die demotiese variëteit weer woorde vir alledaagse voorwerpe.

'n Groot verskil tussen die klassieke variëteit en die demotiese variëteit is die manier hoe dit aangeleer word. Volgens Coulmas (2005:127) word die demotiese taal spontaan by die huis geleer terwyl die hoë variëteit deur onderrig aangeleer word. Dit sluit dus aan by die kenmerk van diglossie dat die klassieke variëteit deur niemand as 'n moedertaal gepraat word nie.

Holmes (1992:35) dui daarop dat alhoewel mense nie altyd die klassieke variëteit kan verstaan of praat nie, hulle gewoonlik die taalvorm bewonder. As gevolg van die prestige en hoë status van die taalvorm, is mense se houdings jeens die klassieke variëteit gewoonlik respekvol. Houdings teenoor die demotiese taal verskil egter van gemeenskap tot gemeenskap en is dikwels ambivalent. Sommige mense sal die bestaan van 'n demotiese variëteit probeer ontken terwyl ander dit kan beskou as die beste manier om hulleself en hulle ware gevoelens uit te druk.

Ponelis (2009) se beskouing van diglossie verskil egter van Holmes (1992:32) se definisie deurdat hy die diglossietaalvorme ook as twee verskillende tale beskou en nie net as twee variëteite van een taal nie. Joshua Fishman (1967) in Coulmas (2005:133) het ook die definisie van diglossie uitgebrei om gevalle van tweetaligheid in te sluit. Coulmas maak dit egter duidelik dat diglossie 'n soort gemeenskapstweetaligheid is, maar dat tweetaligheid nie noodwendig as diglossie beskou kan word nie.

Ponelis (2009:2) stel dit dat diglossie algemeen in Suid-Afrika en die res van Afrika voorkom waar Engels die klassieke variëteit is en 'n inheemse moedertaal die demotiese variëteit. In so 'n geval sal Xhosa, Zoeloe, Venda ensovoorts as die demotiese variëteit optree terwyl Engels die klassieke variëteit is.

Ook in die Afrikaanse gemeenskappe vind diglossie plaas, deurdat baie Afrikaanssprekendes volgens Ponelis (2009:2) Afrikaans net as 'n demotiese variëteit in hulle vriendekring, familie, die buurt ens. gebruik. Engels funksioneer gevolglik as die klassieke variëteit, die onderrigtaal, werkstaal, lees- en skryftaal en taal van die geloofslewe. Dit is dan ook die geval in die Kaapssprekende gemeenskappe waar Kaaps of Afrikaans as demotiese variëteit optree, met Engels wat as klassieke variëteit funksioneer. Die gebruik van Engels as 'n klassieke variëteit kan egter verskil van gemeenskap tot gemeenskap. Waar dit in sommige gevalle meer beperk funksioneer,

byvoorbeeld net as werkstaal, word dit vir meer funksies gebruik in ander gemeenskappe.

In dié opsig stem diglossie volgens Ponelis tot 'n groot mate ooreen met kodewisseling aangesien twee tale in afwisseling met mekaar gebruik word binne verskillende domeine. Die verskil is dat Ponelis die een taal, in hierdie geval die Afrikataal, in ooreenstemming met die oorspronklike betekenis van diglossie volgens Holmes (1992:32), beskou as 'n demotiese of lae variëteit, terwyl die ander taal, Engels, as die hoë variëteit beskou word. Die keuse van die taal wat gebruik word, word dus primêr bepaal deur die funksie en konteks. Om verwarring te voorkom, sal diglossie in hierdie studie voorts beskou word as die afwisseling tussen twee variëteite in een taal. In gevalle waar twee tale in afwisseling met mekaar gebruik word, sal daar in ooreenstemming met die bespreking by 2.3.3 na die verskynsel as kodewisseling verwys word.

In aansluiting by Holmes (1992) se definisie word demotiese Afrikaans deur Ponelis (2009:3,4) ook as 'n streekstaal gedefinieer, met ander woorde as 'n variëteit van Afrikaans. Demotiese Afrikaans het baie vorme, waarvan Kaapse Afrikaans slegs een is. Een van die prominentste kenmerke van demotiese Afrikaans is die hoë mate van Engelse invloed en alhoewel die meeste omgangstaalvorme van Afrikaans Engelse invloed toon, dui Ponelis (2009:4) daarop dat die graad van Engelse invloed op demotiese Afrikaans, veel hoër is as in die gewone omgangstaal. Die hoë mate van Engelse invloed is dan ook 'n kenmerk van Kaapse Afrikaans.

Alhoewel demotiese Afrikaans aanvanklik 'n mondelinge taalvorm was, dui Ponelis (2009:4) daarop dat dit in die redelik onlangse verlede tot 'n geskrewe taalvorm ontwikkel het. Dit het aanvanklik in die literatuur neerslag gevind in die werke van Adam Small wat in een van die vorme van demotiese Afrikaans, nl. Kaaps, geskryf het. Heelwat ander skrywers soos Peter Snyders en Loit Sôls het in sy spore gevolg. Vandag vind die gebruik van demotiese Afrikaans ook in die media neerslag deur die gebruik van Kaaps in *Son*. Diglossie vind egter ook in die geskrewe vorm plaas deurdat die demotiese

variëteit in *Son* afgewissel word met die klassieke variëteit, nl. Standaardafrikaans.

Van der Rheede (2011:4) bespreek die diglossieverhouding wat in *Son*-artikels voorkom. Enkele voorbeelde wat hy aanhaal is: “Sanger glo *los klos* (*Son*, 23 Jan 2011, p 1)”, “Snotkop *lem* vir twakpil (*Son*, 18 Jan 2011, p 1) en “Dié talent sal deur die jaar by talentfeeste *ge-showcase* word (*Son*, 24 Jan 2011).” Hy stel dit dat “klassieke Afrikaans oorwegend deur joernaliste geskryf of geuter is deur staatsamptenare soos onderwysers, onderwysamptenare, polisiebeamptes en munisipale amptenary. Die direkte woorde van lesers en ander kommentators is oorwegend demoties van aard.”

Die diglossieverhouding wat in *Son* bestaan, kom ook voor by die Kaapssprekende gemeenskappe. Dit bestaan deur die diglossieverhouding tussen 'n omgangstaal of streeksvariëteit van Afrikaans, naamlik Kaaps en Standaardafrikaans. Die omgangsvariëteit tree in hierdie geval op as die demotiese variëteit in die huis, in vriendekringe, ens. en Standaardafrikaans as die klassieke variëteit wat gebruik word vir onderrig, by die werk, vir religieuse doeleindes, ens.

Holmes (1992:38) gebruik die term poliglossie om te verwys na die verskynsel wat voorkom in gemeenskappe wat gereeld meer as twee tale of kodes gebruik vir onderskeie funksies en situasies. Sy beskryf die situasie wat voorgekom het in die eerste helfte van die negentiende eeu in Nieu-Seeland toe baie Maori's tweetalig was in Engels en Maori, maar 'n omgangstaalvorm van Maori gebruik het in informele situasies. Die demotiese variëteit wat hulle in alledaagse interaksies gebruik het, was dus die omgangstaalvorm van Maori terwyl hulle twee klassieke variëteite gebruik het vir formele omgang, naamlik die formele variëteit van Maori en Engels.

Poliglossie is 'n verskynsel wat duidelik voorkom aan die Kaapse Skiereiland deurdat Kaaps gebruik word as 'n demotiese variëteit in informele situasies, by die huis, tussen vriende ens. terwyl twee klassieke variëteite nl.

Standaardafrikaans en Engels gebruik word in formele situasies by die werk, vir onderrig, vir religieuse doeleindes, ens.

### **2.3.5 Taal en Identiteit**

Verskeie linguïste is dit eens dat daar 'n nou verband is tussen 'n spreker se moedertaal en sy identiteit. Volgens Coulmas (2005:171) word identiteit nie net openbaar deur wat gesê word nie, maar ook deur hoe dit gesê word. Die taal of variëteit van die taal wat gebruik word, moet dus ooreenstem met die boodskap. Sterling (2000:2) sluit hierby aan deur te sê dat 'n enkele uitdrukking inligting oor 'n persoon se agtergrond, sy geboorteplek, nasie of oorsprong, sosiale klas of selfs sy sosiale voorneme, dit wil sê of hy vriendelik of afsydig, familiêr of terughoudend, ens. wil wees. Daarom dat Saville-Troike (2005:199) taal as 'n "identification badge" vir die self en buite-persepsies beskou.

'n Persoon se taal is ook 'n aanduiding van groeplidmaatskap. Mense wat tot dieselfde groep behoort, praat dikwels dieselfde. Soos Sterling (2000:1) dit stel:

Language expresses much more than what is signified by its words. It expresses the "way individuals situate themselves in relationship to others, the way they group themselves, the powers they claim for themselves and the powers they stipulate to others." People use language to indicate social allegiances, that is, which groups they are members of and which groups they are not. In addition, they use language to create and maintain role relationships between individuals and between groups in such a manner that the linguistic varieties used by a community form a system that corresponds to the structure of the society.

Taal word gevolglik gebruik om solidariteit tussen sprekers wat 'n taal deel, te vestig. Daarom dat Coulmas (2005:173) taal beskou as 'n simbool van "us-ness". Dit dui dus aan tot watter groep 'n persoon behoort deurdat lede van

die groep taal op dieselfde manier gebruik. Die manier waarop 'n persoon taal gebruik, onderskei hom gevolglik volgens Sterling (2000:3) van mense wat taal op 'n ander manier gebruik. Sodoende kan 'n persoon ook taal op 'n spesifieke manier gebruik om homself te distansieer van 'n groep waarvan hy nie deel wil wees nie. Spraakpatrone word gevolglik 'n instrument wat sprekers kan manipuleer om hulleself te groepeer en ander met wie hulle kommunikeer, te kategoriseer.

Sterling (2000:4) dui egter daarop dat 'n spreker van 'n gemeenskap verskeie groepe kan hê waarmee hy/sy op enige gegewe oomblik sal wil identifiseer. Saville-Troike in Sterling (2000:4) praat van 'n persoon se "repertoire van sosiale identiteit". Mense skep gevolglik linguistiese sisteme om ooreen te stem met die groepe waarmee hulle wil identifiseer. Om die rede stel Coulmas (2005:178) dit dat identiteit 'n dinamiese proses is wat uit verskillende lae bestaan eerder as wat dit 'n onveranderlike eienskap is waarmee 'n persoon gebore word. Identiteite word dus deels gegee en deels geskep.

Hall (2003:31) sluit aan by die idee deur identiteit te beskou as 'n sosiaal saamgestelde refleksiewe, dinamiese produk van die sosiale, historiese en politiese kontekste van 'n individu se belewenisse. 'n Persoon se agtergrond en ervarings bepaal dus sy identiteit tot 'n groot mate. Alhoewel ons veelvoudige, oorvleuelende sosiale identiteite het, is al die identiteite nie altyd relevant nie. Dit is eerder 'n reaksie op die kontekstuele toestande waarin die spreker hom/haar bevind (Holmes 2003:33).

Verskillende variëteite kan verder volgens Giles in Saville-Troike (2005:70) onderhou en gekultiveer word as linguistiese merkers van etniese identiteit. In 'n meertalige samelewing of wanneer 'n spreker tweetalig is, is dit volgens Holmes (1992:190) vir 'n spreker moontlik om sy etniese groepering aan te dui deur die taal wat hy kies om te gebruik. Bosch (2000:58) dui daarop dat verskille in uitspraak en woordeskat, belangrike merkers van etniese groeperinge is. Die gebruik van 'n etnies gemerkte variëteit vereis egter volgens Saville-Troike (2005:71) dat 'n persoon gebore word in so 'n groeplidmaatskap. Dit sluit gevalle uit waar die doel is om die spot te dryf met

die sprekers van die variëteit of 'n grappie te vertel aangesien etniese variëteite ook dikwels gestereotipeer, gestigmatiseer en gebruik word as taalmerkers wanneer etniese grappe vertel word.

Die stereotipering en stigmatisering van etnies gemerkte variëteite dui op die verband wat bestaan tussen taalgebruik en sosiale strukture. Volgens Sterling (2000:7) het taalgebruik nie opsigself enige sosiale betekenis nie, maar gemeenskappe koppel sosiale waarde aan spesifieke linguistiese vorme of kodes wat ooreenstem met die groepe wat die vorme of kodes gebruik. Daarom word sekere variëteite as verhewe beskou wanneer dit deur persone in magposisies gebruik word. Die gevolg is dat groepe met sosiale prestige ook linguistiese prestige verkry terwyl die gestigmatiseerde sosiale groepe ook linguisties gestigmatiseer word.

Variëteite van 'n taal, insluitende Afrikaans, wat geassosieer word met 'n spesifieke area, ras of etniese groep word gevolglik maklik gestigmatiseer aangesien hulle sprekers deel vorm van 'n lae sosiale groep. Linguistiese stereotipes is volgens Lippi-Green in Sterling (2000:9) 'n geskikte basis om nie net die inhoud van die boodskap te beoordeel nie, maar ook die karakter en intelligensie van die spreker.

Alhoewel sekere variëteite wat verbind word met 'n spesifieke etniese groep of area gestigmatiseer of gestereotipeer word, word dit nie deur die sprekers daarvan verwerp of deur 'n variëteit met 'n hoër prestige waarde vervang nie aangesien dié gestigmatiseerde variëteit 'n belangrike simbool is van identiteit op verskeie vlakke, nl. individueel, sosiaal, etnies en nasionaal (Coulmas 2005:177). Volgens Coulmas is die identiteitsverklaring deur die keuse van 'n bepaalde variëteit deur veral benadeelde groepe, dikwels 'n optrede van uitdaging of uittarting wat slegs teen die sosiohistoriese agtergrond verstaan kan word.

Dyers (2007:97) sluit aan by Coulmas deur daarop te wys dat sprekers steeds identifiseer met hulle huistale, ongeag die aanwesigheid van 'n sterk en invloedryke taal in die wyer gemeenskap, veral wanneer dit hulle persoonlike

en groepsidentiteit versterk of 'n merker van hulle etnolinguistiese eiesoortigheid is. Selfs al het die betrokke variëteit 'n lae status, is dit steeds 'n sterk aanduiding van mikro-netwerke, in-groepidentiteit en die moontlike uitsluiting van diegene wat nie die variëteit praat nie.

Taal kan verder ook volgens Sterling (2000:5) dien as 'n simbool van eenheid op nasionale vlak en dus 'n belangrike politiese funksie vervul. Taal speel dus 'n belangrike rol in die nasionale identiteit van 'n persoon. Edwards (1995:129) stel dit dat politisering etniese identiteit verander na 'n nasionaliteitsgevoel of volksgevoel. 'n Nasie is dus volgens hom 'n selfbewuste etniese groep. So word die gebruik van enige ander taal as Engels in Amerika volgens Saville-Troike (2005:200) beskou as nie-Amerikaans.

Ook in Suid-Afrika is Afrikaans tydens die opbloei van Afrikanernasionalisme as 'n politieke instrument aangewend om 'n volksgevoel onder wit Suid-Afrikaners aan te wakker. Hierdie volksgevoel wat taal insluit, veral wanneer dit gepaard gaan met 'n trots in etniese groepering, kan egter volgens Saville-Troike (2005:200) verdeeldheid en segregasie veroorsaak wanneer dit burgers van 'n ander etnisiteit wat ander tale praat, uitsluit. Dit was die gevolg by Afrikanernasionalisme en Apartheid waar alle burgers wat nie wit en Afrikaans was nie, gemarginaliseer is. Afrikaans of Standaardafrikaans is gevolglik volgens Le Cordeur (2011:762) gevestig as 'n witmanstaal en deel gemaak van die karakter van die Afrikaner se identiteit.

Dit is die rede waarom die meeste bruin mense in Suid-Afrika volgens Dyers (2007:86) nog nooit met wit Afrikaanssprekendes geïdentifiseer het nie. Willemse (2010:30) stel dit dat sosiale identiteit in Suid-Afrika nie gekenmerk word deur "vrye of oop assosiasie nie", maar dat identiteit aan persone toegeskryf is onder kolonialisme, separatisme en apartheid. Om die rede investeer bruin mense in Suid-Afrika ook nie op dieselfde emosionele vlak in die behoud van 'n suiwer Afrikaans nie, maar die meeste identifiseer sterk met die vernakulêre Afrikaans (Kaaps) wat hulle gebruik (Dyers, 2007:86). Bosch (2000:51) argumenteer dat die variëteite van Afrikaans binne dié konteks as simbole van solidariteit optree, maar ook van segregasie.



As gevolg van die lae status van bruin mense gedurende die apartheidstydperk, en ook vroeër onder kolonialisme, is 'n lae status ook aan Kaaps as 'n kleurvariëteit van Afrikaans toegeskryf. Hendricks (2012b:6) stel dit dat Kaaps vir die “grootste deel van sy bestaan geminag en uitgerangeer, dus gestigmatiseer en gemarginaliseer” is. Daar is vroeër verwys na die neerhalende wyse waarop daar in die verlede na Kaaps verwys is, bv. “die krom taal van die kleurling” (Weideman, 1964), “die bruinmens se eie seggens” (Kannemeyer, 1965), “Kleurlingtaal”, “Kleurling-Afrikaans”, “Capy” of “Gammat-taal” (Small, 1972). Hendricks (2012b:6) dui daarop dat Kaaps gevolglik ook deur sy sprekers beskou is as 'n minderwaardige taal.

McCormick in Saal en Blignaut (2011:354, 355) beweer egter dat die bruin sprekers van Kaaps se negatiewe beskouing van Kaaps, sedert die negentigerjare van die vorige eeu, meer positief verander het as gevolg van meer blootstelling aan Afrikaanse variëteite op TV en op radio asook die erkenning van taalvariëteite in taaldebate.

Die identifisering met Kaaps is volgens Le Cordeur (2011:773) duidelik in die sterk sentiment wat die sprekers van Kaaps koppel aan die werk van Adam Small, die populariteit van kletsrym (rap) en hip-hop kunstenaars soos Brasse vannie Kaap en die sukses van produksies soos *District Six*, *Joe Barber* en *Ghoema!*

'n Kaapse Vernakulêre Afrikaans is reeds in die vroeë 1900's ingespan as skryftaal in die African Political Organization (APO) se nuusblad in die satiriese rubriek, *Straatpraatjies*, wat direk gemik was op bruin mense. Die rede vir die gebruik van dié variëteit was volgens Adhikari (1996:5) juis om 'n emosionele band tussen die skrywer en die lesers te vestig, die lesers se vertroue te wen en 'n beroep te doen op die lesers se bruin identiteit. Dit is egter ook vir komiese effek gebruik.

Groepsidentiteit word volgens Extra in Dyers (2007:87) aangedui deur 'n gedeelde taal, kultuur, religie, afkoms of ras. Juis as gevolg van die

afwesigheid van 'n duidelike kultuur en identiteit onder die bruin gemeenskappe in die Kaap, speel taal, naamlik Afrikaans of Kaaps 'n belangrike rol in die gemeenskappe en dit is volgens Dyers (2008:55) seker die duidelikste merker van identiteit as gevolg van die diversiteit in oorsprong van die gemeenskap.

In Suid-Afrika en meer spesifiek op die Kaapse Vlakte, speel taal dus ook 'n belangrike rol om die identiteit van 'n persoon te reflekteer. Le Cordeur (2011:760) argumenteer dat “alle variëteite van Afrikaans inherente waarde het vir die sprekers van daardie taal” en die spesifieke variëteit wat 'n spreker gebruik die enigste manier is om hulle diepste emosies uit te druk en te verwoord. Die verskillende variëteite van Afrikaans het volgens Le Cordeur (2011:774) vandag steeds 'n belangrike funksie om te vervul deurdat dit 'n taal is waarin mense sing oor hulle hartseer, kan toi-toi, teleurstellings kan verwerk, liefde aan iemand kan verklaar, 'n effektiewe taal is om op te staan teen politieke onreg, 'n geloofstaal is waarin aanbid word, 'n familietaal is en 'n taal is waarin mens nostalgies kan raak en na die ou dae verlang.

## **2.4 Slotopmerkings**

In hierdie hoofstuk is taalverskeidenheid as 'n linguistiese begrip bespreek asook taalverskeidenheid soos wat dit voorkom in Afrikaans. Daarna is een van die variëteite van Afrikaans, nl. Kaapse Afrikaans in diepte bespreek en daar is ook verwys na sosiolinguistiese fenomene soos meertaligheid, taalkontak, kodewisseling en diglossie en die invloed wat dit op Kaapse Afrikaans het. Die hoofstuk is afgesluit deur te verwys na die verband wat bestaan tussen taal en identiteit en meer spesifiek hoe Kaapse taalgebruik 'n belangrike rol speel in die konstruksie van Kaapssprekendes se identiteit.

Uit die besprekings is dit duidelik dat variasie binne enige taal en ook binne Afrikaans 'n taalwerklikheid is en dat taal nie as 'n abstrakte verskynsel beskou kan word nie, maar altyd optree binne 'n sosiale konteks en in verband gebring kan word met dié sosiale konteks en die gemeenskap waarbinne dit voorkom.

In die hoofstuk wat volg, sal die empiriese navorsing van die studie bespreek word. Eerstens sal die prosedure en vraelys wat onder 'n groep Kaapssprekende tieners afgeneem is, bespreek word, waarna die resultate wat die empiriese navorsing opgelewer het, in die vorm van tabelle gegee sal word en 'n bespreking van die resultate sal volg.

## Hoofstuk 3

### Navorsingsprosedure en Data-analising

#### 3.1 Inleiding

Die taalgebruik van die poniekoerant, *Son*, word in hierdie studie ondersoek in 'n poging om te bepaal of die taal wat *Son* gebruik wel 'n ware weerspieëling is van Kaaps soos gepraat deur die sprekers van Kaaps, asook om te bepaal of die Kaapssprekende tienerleser met die taalgebruik van *Son* kan identifiseer. In 'n poging om antwoorde op die vrae te vind, is 'n vraelys ontwerp wat by 'n groep Kaapssprekende tieners afgeneem is.

Die doel van die hoofstuk is eerstens om die prosedure van die empiriese navorsing sowel as die vraelys te bespreek. Tweedens word die resultate wat die vraelys opgelewer het onder die loep geneem.

#### 3.2 Prosedure en Vraelys

'n Vraelys (sien Addendum B) is ontwerp om die effektiwiteit van die taalgebruik in die poniekoerant, *Son*, te bepaal. Die vraelys is tydens twee normale klasperiodes afgeneem aan 'n hoërskool in die suidelike voorstede van Kaapstad. Twee graad 12 klasse is by die navorsing betrek en het uit 71 deelnemers bestaan.

'n Koerantartikel, *Weermag pak tik-merchants*, wat op 16 Februarie 2012 in *Son* verskyn het, is in die vraelys gebruik. Die rede vir die gebruik van die spesifieke teks is omdat die taalgebruik opmerklik verskil van Standaardafrikaans-artikels wat in ander koerante soos *Die Burger* verskyn. Die vermenging van Afrikaans en Engelse woorde in die teks is volop en dit bevat ook 'n aantal Kaapse woorde.

Vir die doel van die navorsing is die koerantartikel in Standaardafrikaans oorgeskryf deur 'n Rapport joernalis, AJ Opperman, in 'n poging om 'n vergelykende studie te doen tussen die *Son*-artikel en 'n artikel wat in Standaardafrikaans geskryf is. Die Standaardafrikaans teks (Teks 2), tesame met die oorspronklike artikel soos dit in *Son* verskyn het (Teks 1), is by die

vraelys aangeheg (sien Addendum C en D) en die vrae in die vraelys is op die twee tekste gebaseer. Die twee tekste stem ooreen in terme van inhoud en betekenis, maar die taal en woordgebruik, sinstrukture en styl verskil. Die vraelys wou bepaal met watter taalgebruik die deelnemers meer identifiseer en watter taalgebruik hulle in koerantartikels verkies, naamlik Standaardafrikaans of die taalgebruik wat in *Son*-artikels gebruik word. 'n Grappie waarin die Kaapse uitspraak in die spelling weergegee word en wat op 15 Desember 2011 in *Son* verskyn het, is ook in die vraelys ingevoeg om te bepaal of die deelnemers die Kaapse spelling bo die Standaardafrikaanse spelling verkies (sien Addendum B).

Die vraelys bestaan uit twee dele. Die eerste gedeelte, Afdeling A, se vrae hou verband met biografiese inligting soos die deelnemer se ouderdom, geslag, ras, geloof, woonbuurt, hulle ouers se huistaal, sowel as hulle eie huistaal. Twee Likert skale is ook ingevoeg om die soort Afrikaans te bepaal wat deur die deelnemers gebruik word.

Die tweede gedeelte van die vraelys, Afdeling B se vrae het betrekking op die twee koerantartikels en wil bepaal watter teks se taalgebruik hulle verkies en met watter taalgebruik hulle meer identifiseer. Uiteindelik wil die vraelys bepaal of die taalgebruik in *Son* beter kommunikeer met die Kaapssprekende tieners as 'n artikel wat in Standaardafrikaans geskryf is.

Die vrae in Afdeling B bestaan uit keusevrae om te bepaal tot watter mate die deelnemers die taalgebruik in Teks 1 as Kaapse Afrikaans identifiseer en die taalgebruik in Teks 2 as Standaardafrikaans. 'n Oop vraag is voorts ingevoeg waar die deelnemers die taalgebruik in Teks 1 met twee afsonderlike woorde kon beskryf om te bevestig of hulle die taalgebruik in Teks 1 wel as Kaaps beskou en om verdere insig te verkry oor hulle houding ten opsigte van die taalgebruik in *Son*.

Die aantreklikheid van die taalgebruik in die *Son*-artikel is gemeet deur 'n Likert-skaal wat die stelling maak *Ek hou van die taalgebruik in Teks 1*. Voorts is keusevrae *Van watter teks se taalgebruik hou jy die meeste* en *Dink jy jy sal*

*van die skrywer hou* ingevoeg om te bepaal watter taalgebruik, naamlik die taalgebruik in *Son* of Standaardafrikaans, meer tot die deelnemers spreek. 'n Oop vraag is ook ingesluit om te bepaal wat die deelnemers se houding jeens die vermenging van Afrikaans en Engels in koerantartikels is.

Oop vrae sowel as keusevrae is ingesluit om te bepaal tot watter mate die deelnemers identifiseer met die taalgebruik in albei tekste deurdat hulle die skrywer moes bespreek of identifiseer as deel van hulle groep in terme van ras, woongebied en taalgebruik. Dit het vrae ingesluit soos *Waar dink jy woon die skrywer*, *Dink jy die skrywer woon in dieselfde area as jy*, *Watter ras dink jy is die skrywer*, en *Identifiseer jy met die taal wat in die teks gebruik word*.

Ses Likert-skaal items is ingevoeg om te bepaal of die deelnemers kan identifiseer met die taalgebruik van Teks 1 en Teks 2 en of die taalgebruik ooreenstem met die deelnemers se eie taalgebruik. Verder wou dit ook die aantreklikheid van die tekste bepaal. Die volgende stellings is hier ingesluit: *Die skrywer praat soos ek met my vriende praat*, *As ek met my vriende praat, gebruik ek dieselfde woorde as die skrywer*, *Die skrywer praat soos die mense in my gemeenskap*, *Die skrywer praat soos ek by die skool in die Afrikaanse klas praat*, *Die skrywer praat soos my onderwysers praat* en *Ek voel ek sal dit geniet om saam met die skrywer te kuier*.

Vyf Semantiesedifferensiaalskaal-items is ingesluit om aantreklikheid, houding en begrip van die taalgebruik in beide tekste te meet. Die aantreklikheid is gemeet deurdat die deelnemers die taalgebruik in die tekste as vervelig of opwindend moes identifiseer terwyl houding gemeet is deurdat die teks as ernstig of grappig en goed of swak identifiseer moes word. Die deelnemers moes ook die verstaanbaarheid van die tekste en die moeilikheidsgraad van die lees daarvan aandui.

Vyf keusevrae is verder in die vraelys ingevoeg om die ooreenkoms in woordgebruik van die *Son*-artikel (Teks 1) en die deelnemers se omgangstaal te bepaal. Deelnemers moes die woord aandui wat hulle oorwegend gebruik in sosiale omstandighede en moes 'n keuse maak tussen die Engelse of

Kaapse woord, soos wat dit in die *Son*-artikel voorkom, en die ooreenstemmende Afrikaanse woord.

Laastens is die deelnemers se voorkeur ten opsigte van die spelling van woorde getoets deur vrae wat geskoei is op 'n grappie wat in *Son* verskyn het. Oop vrae sowel as keusevrae en 'n Likert-skaal is ingevoeg wat daarop gemik was om te bepaal of die deelnemers dit sal verkies indien woorde gespel word soos wat dit in Kaaps uitgespreek word, en of hulle die standaardtaalspelling verkies.

Twee Likert skale is ook ingevoeg om te bepaal hoe gereeld die deelnemers wel koerant lees. Die eerste skaal wil bepaal hoe gereeld die deelnemers *Son* lees terwyl die tweede skaal wil bepaal hoe gereeld *Die Burger* gelees word.

### **3.3 Resultate**

#### **Afdeling A: Persoonlike inligting**

71 Graad 12 leerders tussen die ouderdom 17 en 20 het aan die studie deelgeneem waarvan die meerderheid 17 (42%) en 18 (44%) jaar oud was. 55% van die deelnemers was meisies terwyl 45% seuns was. Die oorgrote meerderheid van die deelnemers was bruin (87%) met 'n klein persentasie wit deelnemers (11%) en slegs 1 swart (Afrikataalspreker) deelnemer.

Die meeste van die deelnemers woon in Retreat (n=15%), Steenberg (14%) en Grassy Park (6%) en die meeste van hulle is Christene (87%) terwyl slegs 10% Moslems is.

63% van die deelnemers het hulle huistaal as Engels aangedui terwyl 35% Afrikaans as hulle huistaal aangedui het. Slegs 1 deelnemer se huistaal is nie Afrikaans of Engels nie, maar Zoeloe. Die Engelssprekende deelnemers het almal Afrikaans aangedui as hulle tweede taal terwyl die Afrikaans en Zoeloesprekende deelnemers Engels as hulle tweede taal aangedui het.

Alhoewel die meerderheid van die deelnemers hulle huistaal as Engels aangedui het, kom meeste van hulle uit Afrikaanse huishoudings. 76% van die deelnemers het hulle moeder se huistaal as Afrikaans aangedui terwyl 67% Afrikaans aangedui het as die huistaal van hulle vader.

In reaksie op die stelling wat gemaak word: *Wanneer ek Afrikaans praat, gebruik ek goeie Standaardafrikaans*, voel die meerderheid van die deelnemers (39% verskil en 13% verskil volkome) dat hulle nie Standaardafrikaans praat nie. Redes wat hiervoor aangevoer kan word, soos verkry uit die oop vraag, is dat die deelnemers voel hulle gebruik nie “goeie” Afrikaans nie (n=14), dat hulle baie Engelse woorde gebruik (n=9) en dat hulle Kaapse Afrikaans praat (n=6). Op 'n vraag oor hoe gereeld hulle Engelse woorde gebruik wanneer hulle Afrikaans praat, het 60% aangedui dat hulle dit soms gebruik, 27% dat hulle dit baie gebruik en 11% dat hulle altyd Engelse woorde gebruik. Response op die oop vraag waar die deelnemers die soort Afrikaans wat hulle praat, moes beskryf, sluit aan by bogenoemde resultate en dui daarop dat bitter min van hulle Standaardafrikaans praat, maar dat die meerderheid van hulle 'n vorm van Kaapse Afrikaans praat. Die mees frekwente response is dat hulle Kaapse Afrikaans (n=28), informele Afrikaans (n=7) of *kombuis Afrikaans* (n=6) praat. Dit is dus duidelik uit die response dat die deelnemers nie hulle taalgebruik as Standaardafrikaans beskou nie, maar eerder as Kaaps. Hulle het ook 'n negatiewe persepsie oor hulle Afrikaanse taalgebruik deur dit as *nie goeie Afrikaans*, *kombuis Afrikaans* of *gham* te beskou. Een respondent se antwoord by die betrokke vraag reflekteer die persepsie goed: (Ek praat) *Kaapse Afrikaans, kombuis afrikaans waar daar engels se woorde in afrikaans taal praat, dis ook Gamafrikaans*.

Wat die lees van koerante betref, dui die response op die Likert-skaal daarop dat die deelnemers meer gereeld die koerant *Son* lees as *Die Burger*. Die resultate toon dat 54% van die deelnemers soms *Son* lees terwyl 10% dit baie lees en 3% van die deelnemers dit altyd lees. Daarenteen het 41% van die deelnemers aangedui dat hulle soms *Die Burger* lees en 4% dat hulle dié koerant baie lees. Alhoewel die deelnemers nie self baie gereeld koerant lees



nie, toon die resultate dat die deelnemers in gemeenskappe woon waar *Son* wel meer gereeld gelees word as *Die Burger*.

### **Afdeling B: Gee jou mening oor die koerantartikel**

Die vrae in hierdie afdeling van die vraelys het betrekking op die twee koerantartikels, die *Son*-artikel (Teks 1) en die Standaardafrikaans-artikel (Teks 2). Soos vroeër genoem was die vrae daarop gemik om te bepaal tot watter mate die deelnemers die taalgebruik in die *Son*-artikel as Kaaps identifiseer, wat hulle houding jeens Kaaps is, sowel as hulle houding jeens die taalgebruik in *Son*, die aantreklikheid van die taalgebruik in *Son*, die mate waarin hulle met die taalgebruik kan identifiseer sowel as die mate waarin hulle eie woordgebruik ooreenstem met die woordgebruik in *Son*. Laastens wou dit bepaal tot watter mate die deelnemers dit sal verkies indien die spelling van woorde in *Son* ooreenstem met die Kaapse uitspraak daarvan, in plaas van die standaardspelling.

Beskrywende resultate<sup>4</sup> word voorgestel deur histogramme met gepaardgaande persentasie. Verskille in die persentasie ja/nee antwoorde tussen die twee koerantartikels is getoets deur van die McNemar toets<sup>5</sup> gebruik te maak. Verskille in ordinale Likertskaalresponse is getoets deur 'n model van gemengde herhaalde analise van variansie te doen. Gemiddeldes is vir ordinale veranderlikes gerapporteer vir beskrywende doeleindes. Beduidende verskille is beoordeel op 'n 5%-betekenispeil ( $p < 0.05$ ). Statistica 11 is gebruik vir die statistiese berekeninge.


In die eerste twee vrae moes die deelnemers die taalgebruik in die artikels identifiseer as Standaardafrikaans, Kaaps, informele Afrikaans of 'n ander

---


<sup>4</sup> Statistiese berekeninge en analise van data is gedoen deur prof. M. Kidd, direkteur en statistiese konsultant van die Sentrum vir Statistiese Konsultasie aan die Universiteit van Stellenbosch.

<sup>5</sup> Die McNemar toets toets die hipotese dat twee persentasies wat op dieselfde persone uitgewerk is dieselfde is. So byvoorbeeld vra jy vir mense 2 vrae waarop hulle ja of nee kan antwoord. Indien jy wil weet of die persentasie ja-antwoorde vir die een vraag dieselfde is (of verskil van) as die tweede vraag, dan word die McNemar toets gebruik. Die % ja-antwoorde op die eerste vraag asook die % ja-antwoorde op die tweede vraag is vir dieselfde persone bereken.

soort Afrikaans. Die deelnemers kon meer as een soort Afrikaans uit die meerkeusevraag selekteer. Figuur 3.1 en 3.2 toon die resultate.




Figuur 3.1: Identifisering van die taalgebruik in die Standaardafrikaans-artikel



Figuur 3.2: Identifisering van die taalgebruik in die *Son*-artikel

Die figure toon dat die oorgrote meerderheid (93%) die taalgebruik in TEKS 2 korrek as Standaardafrikaans identifiseer het. In direkte teenstelling hiermee het 93% van die deelnemers die taalgebruik in die *Son*-artikel as Kaaps identifiseer. Daar was egter ook 'n groot persentasie (41%) wat die taalgebruik in die betrokke artikel ook as informele Afrikaans aangedui het. Die meerderheid van die deelnemers het dus 'n onderskeid getref tussen die taalgebruik van die twee tekste en beskou die taalgebruik in *Son* dus as 'n afwyking van Standaardafrikaans, hetsy Kaaps of informele Afrikaans.

'n Likert-skaal is gebruik om die antwoorde op bogenoemde vraag omtrent die taalgebruik in die *Son*-artikel te bevestig. Die respondente het as volg reageer op die stelling *Die taal wat in Teks 1 gebruik word is Kaaps*: Die getal response sowel as die persentasie van die response word in die figuur aangetoon.




Figuur 3.3: Die identifisering van die taalgebruik in die *Son*-artikel as Kaaps

Die antwoorde op die Likert-skaal bevestig die data, soos getoon in figuur 3.3, deurdat 63% van die deelnemers volkome saamstem en 27% saamstem dat die taalgebruik wel Kaaps is.

Response op die oop vraag waar deelnemers die taalgebruik in die *Son*-artikel met twee afsonderlike woorde moes beskryf, ondersteun die resultate en bied verdere insig tot bogenoemde data. Die meerderheid van die deelnemers het die taalgebruik weereens as *Kaaps* (n=19) en *informele Afrikaans* (n=18) beskryf. In aansluiting met die negatiewe persepsie wat hulle jeens hulle eie Kaapse taalgebruik het, soos vroeër bespreek, toon baie van die beskrywings weereens dieselfde negatiewe houding wat hulle ook jeens die taalgebruik in die *Son*-artikel toon met beskrywings soos *slegt/swak/verkeerde Afrikaans* (n=14), *Ghamlgham* (n=10) en *kombuisafrikaans* (n=9).


Die aantreklikheid van die taalgebruik in die *Son*-artikel is voorts ondersoek deur 'n Likert-skaal wat die stelling maak: *Ek hou van die taalgebruik in TEKS 1*. Die response op die vraag word in figuur 3.4 getoon.



Figuur 3.4: Aantreklikheid van die taalgebruik in die *Son*-artikel

Die resultate in figuur 3.4 toon dat die aantreklikheid van die taalgebruik in die *Son*-artikel nie eenduidig positief of negatief deur die deelnemers ervaar word nie. Alhoewel 25% van die deelnemers van die taalgebruik hou en 10% baie daarvan hou, is daar 18% van die deelnemers wat nie van die taalgebruik hou nie en 21% wat glad nie daarvan hou nie.

In ooreenstemming met bogenoemde response, was daar geen eenduidige voorkeurtaks onder die deelnemers nie. In reaksie op die vraag *Van watter teks se taalgebruik hou jy die meeste*, het die deelnemers as volg geantwoord:




Figuur 3.5: Deelnemers se voorkeurtaks

Die resultate in figuur 3.5 toon dat 49% van die deelnemers die *Son*-artikel verkies terwyl 51% die Standaardafrikaans-artikel verkies. Die oop vraag waar die deelnemers hulle antwoorde moes motiveer, bied egter verdere insig op die response aangesien die redes verskil waarom hulle die afsonderlike tekste geselekteer het. Die mees frekwente rede wat die deelnemers aangevoer het

waarom hulle die *Son*-artikel verkies, is omdat hulle daarmee kan identifiseer deurdat hulle, hulle familie en hulle gemeenskap so praat (n=16) en dat hulle die taal in die artikel beter verstaan (n=14). Die mees frekwente redes wat aangevoer is vir die voorkeur van die Standaardafrikaans-artikel is dat die taalgebruik in die artikel goeie of korrekte Afrikaans is wat beter klink (n=11) en dat dit hulle Afrikaanse taalgebruik sal verbeter (n=8).

Die response op die keusevraag of die deelnemers van die skrywer van die *Son*-artikel hou, sluit verder aan by bogenoemde resultate en word aangedui in figuur 3.6:



Figuur 3.6: Die sosiale aantreklikheid van die skrywer


Soos gesien kan word in die grafiek is daar geen beduidende verskille tussen die twee tekste se sosiale aantreklikheid nie ( $p=1.00$ ). Alhoewel 71% van die deelnemers voel hulle sal van die skrywer van die *Son*-artikel hou, voel 70% van die deelnemers dat hulle ook van die skrywer van die Standaardafrikaans-artikel sal hou. Weereens werp die response by die oop vrae waar deelnemers hulle keuses moes motiveer, lig op die keuses. Die

mees algemene redes wat by die oop vrae verskaf is waarom die respondente nie van die taalgebruik in die *Son*-artikel hou nie, is omdat dit verkeerde taal is wat moeilik lees en die leser verwar. Die karakter van die spreker word ook deur sommige deelnemers op grond van sy taalgebruik as negatief ervaar. Hiervolgens word die skrywer beskryf as *onbeskof, nie ordentlik nie, 'n slegte mens* en iemand met *vuil maniere*. Die negatiewe persepsie wat sommige deelnemers dus nog van Kaaps het, word dus ook hier weerspieël. Daarenteen is die mees frekwente redes waarom deelnemers voel dat hulle wel van die skrywer sal hou omdat hulle met die taalgebruik kan identifiseer aangesien hulle of hulle vriende en gemeenskap so praat (n=20) en omdat hulle die taal beter verstaan (n=15).

Die redes waarom 30% van die deelnemers voel dat hulle nie van die Standaardafrikaans-artikel se skrywer sal hou nie, is oorwegend omdat hulle nie sy taalgebruik goed verstaan nie (n=13) en hulle sy taalgebruik vervelig vind (n=5). Daarenteen voel 70% van die deelnemers dat hulle wel van die skrywer van die teks sal hou. Die mees frekwente redes wat aangevoer is, is dat die deelnemers voel hulle baie sal kan leer by die skrywer en hulle Afrikaans sal verbeter (n=11), dat die skrywer 'n mooi en goeie Afrikaans gebruik (n=10) en dat die skrywer waarskynlik "ordentlik" is en professioneel en kundig voorkom (n=9).

Alhoewel die deelnemers dus van albei tekste hou en van albei skrywers van die tekste hou, verskil die redes vir die response. In ooreenstemming met die vorige vrae wat die aantreklikheid van die taalgebruik ondersoek het, is die algemeenste rede waarom die deelnemers van die *Son*-artikel se taalgebruik hou omdat hulle daarmee kan identifiseer en self so praat. Gevolglik is die teks ook meer verstaanbaar. Daarenteen beskou hulle die taalgebruik van die Standaardafrikaanse artikel as korrekte en goeie Afrikaans waarby hulle kan leer en wat hulle Afrikaanse taalgebruik sal verbeter. Die omgewing waar die vraelys voltooi is, naamlik in die klaskamer van 'n hoërskool, kon moontlik 'n invloed gehad het op dié respons. Alhoewel hulle dus van albei tekste se taalgebruik hou, identifiseer hulle beter met die *Son*-artikel se taalgebruik.

Die mate waarin die deelnemers met die *Son*-artikel se taalgebruik identifiseer is getoets deur 'n aantal meerkeusevrae wat gefokus het op die skrywer van albei artikels se ras, die area of plek waar hy/sy woon, en vrae wat spesifiek daarop gerig is om te bepaal of die deelnemers met die taalgebruik kan identifiseer. Die response op bogenoemde vrae kan gesien word vanaf figuur 3.7 tot 3.9.




Figuur 3.7: Identifisering met die skrywer in terme van ras

Uit bostaande figuur is dit duidelik dat die deelnemers sterk identifiseer met die taalgebruik in die *Son*-artikel aangesien 94% die skrywer van die teks as 'n bruin persoon beskou en hom/haar dus as deel van hulle groep beskou in terme van ras. Daar is ook 'n statisties beduidende verskil tussen die twee artikels ( $p < 0.01$ ) wat daarop dui dat hulle beter identifiseer met die *Son*-artikel as met die Standaardafrikaans-artikel. Die response op die oop vrae waar deelnemers hulle antwoorde moes motiveer, dui hoofsaaklik daarop dat die deelnemers die spreker van beide artikels se ras bepaal op grond van sy/haar taalgebruik. Die skrywer van die Standaardafrikaans-artikel word as wit



beskou aangesien Standaardafrikaans deur feitlik al die deelnemers met wit mense geassosieer word. Daarenteen het feitlik al die deelnemers wat die spreker van die *Son*-artikel as 'n bruin persoon beskou, hulle respons motiveer deur te sê dat die spreker se taalgebruik ooreenstem met dié van 'n bruin persoon, bv. *Dis gewoonlik hoe mense in bruin gemeenskappe praat*. Die response dui dus daarop dat hulle die taalgebruik in die *Son*-artikel as 'n refleksie van die taalgebruik van bruin mense en as Kaaps beskou.




Figuur 3.8: Identifisering met die skrywer in terme van woongebied

Insgelyks toon die resultate in figuur 3.8 dat die deelnemers die skrywer van die *Son*-artikel beskou as deel van hulle groep deurdat 69% van hulle voel hy woon in dieselfde area as hulle. Daar is weereens 'n statisties beduidende verskil tussen die twee tekste ( $p < 0.1$ ). Dis belangrik om daarop te let dat alhoewel die oorgrote meerderheid van die leerders bruin is en op die Kaapse Vlakte woon, daar ongeveer 13% van die deelnemers is wat nie op die Kaapse Vlakte woon nie, maar in meer gegoede en voormalige “wit” woongebiede. Die feit dat 31% van die deelnemers dus nie saamstem met die

feit dat die skrywer in dieselfde area as hulle woon nie, is dus nie noodwendig 'n aanduiding dat die skrywer nie 'n bruin Kaapssprekende persoon is nie.

Response op die oop vrae *Hoe sal jy die skrywer van Teks 1 beskryf* en *Waar dink jy woon die skrywer van Teks 1*, sluit aan by bogenoemde response. Die mees frekwente antwoorde waar die skrywer beskryf moes word, was dat die skrywer 'n persoon is wat in die Kaap of op die Kaapse Vlakte woon (n=24) en 'n bruin persoon is wat *Kaaps/gham/kombuis afrikaans* praat (n=23). Die volgende respons bevestig die deelnemers se identifisering met die taalgebruik van die *Son*-artikel en hulle beskouing daarvan as Kaaps: *Ek sal sê hy is van Lavender Hill en hy skryf soos die mense praat in sy gemeenskap*. Al die deelnemers beskou die skrywer van die *Son*-artikel as 'n persoon wat in die Kaap woon. Die mees frekwente response was dat die skrywer in Steenberg (n=26), op die Kaapse Vlakte (n=12) en Lavender Hill (n=7) woon. Die skrywer van die *Son*-artikel word dus oorwegend beskou as 'n bruin persoon, wat Kaaps praat en iewers op die Kaapse Vlakte woon. Om die rede word hy/sy deur die oorgrote meerderheid van deelnemers beskou as deel van die groep en kan hulle dus identifiseer met die taalgebruik wat in die artikel voorkom.

Op die meerkeuse vraag, *Identifiseer jy met die taal wat in die teks gebruik word*, is die response as volg:



Figuur 3.9: Identifisering met die taalgebruik in die artikels

Weereens toon die resultate dat die deelnemers tot 'n groot mate identifiseer met die taalgebruik in die *Son*-artikel. 'n Groot aantal deelnemers (86%) identifiseer met die taalgebruik in die *Son*-artikel terwyl minder van die deelnemers (59%) met die Standaardafrikaans-artikel identifiseer. Die resultate toon verder ook 'n statisties beduidende verskil tussen die twee tekste ( $p < 0.01$ ). Die redes wat die deelnemers verskaf waarom hulle met die taalgebruik in die *Son*-artikel identifiseer, is hoofsaaklik omdat dit die taal is wat hulle, hulle vriende, familie en gemeenskap gebruik. Dit is ook die taal wat hulle beter verstaan. Die volgende respons dui op die identifisering: *Mense by my praat altyd soe.*

Daarenteen is daar ook 'n relatiewe groot groep (59%) wat voel dat hulle ook met die Standaardafrikaans-artikel identifiseer. Die mees frekwente rede wat hiervoor aangevoer word, verskil egter van die redes wat vir die identifisering met die *Son*-artikel se taalgebruik aangevoer is. In hierdie geval word aangevoer dat dit die taal is wat hulle in die skool leer en by die skool moet

gebruik (n=17). Alhoewel die deelnemers dus ook Standaardafrikaans by die skool gebruik, is die taalgebruik soos weerspieël in die *Son*-artikel, die vorm van Afrikaans wat hulle by die huis en in hulle gemeenskappe gebruik wanneer hulle sosialiseer en om dié rede is die identifisering met die taalgebruik in die *Son*-artikel sterker as die van die Standaardafrikaans-artikel.

Alhoewel die deelnemers sterk identifiseer met die taalgebruik in die *Son*-artikel waar die vermenging van Afrikaans en Engels tot 'n groot mate voorkom, dui die response op die oop vraag *Wat dink jy van Afrikaanse koerantartikels wat Engelse woorde gebruik*, op 'n negatiewe houding teenoor die tendens. 43 deelnemers is gekant teen die gebruik van Engelse woorde in Afrikaanse koerantartikels aangesien dit volgens hulle onprofessioneel is om die tale te meng, die vermenging van die tale die leser verwar en dit verkeerd is om die twee tale te meng in 'n koerantartikel. Daarenteen is 25 deelnemers ten gunste daarvan en voer as mees frekwente rede aan dat die artikel dan makliker verstaanbaar is (n=13).

'n Likert-skaal van ses items is gebruik om die identifisering met die taalgebruik en die aantreklikheid van die taalgebruik in beide die *Son*-artikel en die Standaardafrikaans-artikel te toets. Die resultate word getoon in tabel 3.1.

Tabel 3.1: Gemiddeldes vir die identifisering met en die aantreklikheid van die taalgebruik (minimum 1; maksimum 5)

Stelling	Son-artikel	Standaard-afrikaans-artikel	p-waarde
Die skrywer praat soos ek met my vriende praat.	3.70	1.93	p < 0.01
As ek met my vriende praat, gebruik ek dieselfde woorde as die skrywer.	3.35	1.97	p < 0.01
Die skrywer praat soos die mense in my gemeenskap praat.	3.76	2.13	p < 0.01
Die skrywer praat soos ek by die skool in die Afrikaansklas praat.	1.99	3.39	p < 0.01
Die skrywer praat soos my onderwysers praat.	1.30	4.49	p < 0.01
Ek voel ek sal dit geniet om saam met die skrywer te kuier.	2.92	3.03	p = 0.56

Hoogs beduidende verskille is gevind vir die identifisering met die taalgebruik. Die resultate van die eerste vyf stellings toon dat die deelnemers tot 'n groot mate identifiseer met die *Son*-artikel. Daar is ook 'n statisties beduidende verskil tussen die *Son*-artikel en die Standaardafrikaans-artikel ( $0 < 0.01$ ) wat daarop dui dat die deelnemers meer identifiseer met die *Son*-artikel as met die Standaardafrikaans-artikel. Volgens die resultate gebruik die deelnemers oorwegend dieselfde taal in sosiale omstandighede as die *Son*-artikel (3.70). Insgelyks voel die meerderheid van die deelnemers dat hulle woordgebruik in sosiale omstandighede ooreenstem met die woordgebruik van die *Son*-artikel (3.35). Die deelnemers beskou ook die taalgebruik in die *Son*-artikel as 'n weerspieëling van die taalgebruik in die gemeenskap waar hulle woon (3.76). Daarenteen verskil hulle van die stelling dat die taal soos gebruik in die *Son*-artikel ooreenstem met die taal wat hulle by die skool in die Afrikaansklas praat (1.99) en die taal wat hulle onderwysers gebruik (1.30). Die taal wat voorkom in die Standaardafrikaans-artikel is dus die taal wat hulle assosieer

met en gebruik in skoolomstandighede en vir formele onderrig, terwyl die taalgebruik soos weerspieël in die *Son*-artikel geassosieer word met hulle taalgebruik in sosiale omstandighede.

Alhoewel die deelnemers meer identifiseer met die taalgebruik in die *Son*-artikel as met die taalgebruik in die Standaardafrikaans-artikel, toon die resultate wat die aantreklikheid van die taalgebruik toets, nie 'n beduidende verskil tussen die twee artikels nie ( $p=0.56$ ). Inteendeel, die resultate toon dat die deelnemers die Standaardafrikaans-artikel effens aantrekliker vind as die *Son*-artikel, maar dit is nie statisties beduidend nie. Dit sluit weereens aan by die vorige response waar die aantreklikheid van die twee artikels getoets is en deelnemers effens gunstiger ten opsigte van die Standaardafrikaans-artikel gereageer het as gevolg van die negatiewe persepsie wat hulle van Kaaps het.

'n Semantiesedifferensiaal-skaal van vyf items is gebruik om die aantreklikheid van die taalgebruik in beide artikels, die houding jeens die taalgebruik in die *Son*-artikel sowel as die Standaardafrikaans-artikel, en die teksbegrip van albei artikels te meet. Die resultate word in tabel 3.2 gegee.

Tabel 3.2: Gemiddeldes vir die aantreklikheid, houding en teksbegrip van die artikels (minimum 1; maksimum 5)

	<b>Son-artikel</b>	<b>Standaard-afrikaans-artikel</b>	<b>p-waarde</b>
Aantreklikheid (vervelig vs opwindend)	3.54	2.87	$p < 0.01$
Houding (ernstig vs grappig)	3.68	1.59	$p < 0.01$
Houding (goed vs swak)	3.73	1.61	$p < 0.01$
Teksbegrip (maklik vs moeilik verstaanbaar)	1.73	2.89	$p < 0.01$
Teksbegrip (maklik vs moeilik leesbaar)	1.82	2.75	$p < 0.01$

Statisties beduidende resultate is gevind vir die aantreklikheid, houding en teksbegrip van die artikels. Soos die resultate in tabel 3.2 toon, ervaar die deelnemers die *Son*-artikel as opwindender en die artikel en taalgebruik is dus aantrekliker. Dit is in teenstelling met die resultate wat bespreek is by figuur 3.4 waar die deelnemers nie die *Son*-artikel as aantrekliker as die Standaardafrikaans-artikel beskou het nie. Die taalgebruik is dus vir hulle aantrekliker aangesien dit opwindend is, maar nie omdat dit noodwendig volgens hulle goed is nie.

Wat houding betref, sluit die resultate aan by die bevindinge van die oop vrae waar die deelnemers die taalgebruik in *Son* met twee afsonderlike woorde moes beskryf deurdat die *Son*-artikel as grappig beskou word en die taalgebruik as swak. Daar bestaan dus 'n duidelike negatiewe persepsie van die taalgebruik wat in die *Son*-artikel gebruik word.

Laastens toon die resultate dat die deelnemers groter begrip het vir die *Son*-artikel deurdat dit vir hulle makliker verstaanbaar en leesbaar is as die Standaardafrikaans-artikel.

Daar is 'n duidelike ooreenkoms in die woordgebruik van die deelnemers en die woordgebruik van die *Son*-artikel. Dit word aangetoon in die resultate waarin deelnemers tussen twee woorde, 'n Engelse of Kaapse woord, soos gebruik in die *Son*-artikel, en die ooreenstemmende Standaardafrikaanse woord moes kies wat hulle meer gereeld in sosiale omstandighede gebruik. Hiervolgens gebruik 89% van die deelnemers die woord *army* in plaas van die Afrikaanse woord, *weermag*. 69% gebruik eerder die woord *gesearch* in plaas van *deursoek*, 61% praat van *drugs* eerder as *dwelms* en 61% van die deelnemers gebruik ook eerder die Kaapse woord, *laaities* in plaas van *seuns*<sup>6</sup>. 87% van die deelnemers praat van 'n *drug merchant* eerder as 'n *dwelmandelaar* en 61% van die deelnemers gebruik die Kaapse woord *boere* om na die polisie te verwys. Feitlik alle deelnemers, met die


---

<sup>6</sup> Alhoewel die gebruik van Engelse woorde soos *army* en *drugs* en die informele Afrikaanse woord, *laaities*, kenmerkend is van Kaaps, sal die meeste Afrikaanse sprekers ook dié woorde in informele situasies gebruik.

uitsondering van twee deelnemers, verstaan dat die woord *boere* gebruik word om na die polisie te verwys. Voorts gebruik 77% van die deelnemers die Kaapse woord *tikkop* om te verwys na 'n tikverslaafde en 99% van die deelnemers ken en verstaan die betekenis van die woord. Dit is dus duidelik uit die resultate dat die woordgebruik van die *Son*-artikel tot 'n groot mate ooreenstem met die woordgebruik van die deelnemers en dat die deelnemers ook tot 'n groot mate Afrikaanse en Engelse woorde in hulle sosiale omgangstaal meng.

Laastens is die deelnemers se houding getoets ten opsigte van die weerspieëling van die Kaapse uitspraak in die spelling van woorde in koerantartikels. Die vrae is gebaseer op 'n grappie uit *Son* waarin die spelling ooreenstem met die Kaapse uitspraak. Die response dui daarop dat die oorgrote meerderheid van die deelnemers (83%) die spelling van die woorde in die grappie beskou as 'n weerspieëling van die manier waarop hulle sekere woorde uitspreek. Tog is die deelnemers se houding ten opsigte van die gebruik van die Kaapse spelling redelik neutraal. Die onderstaande figuur toon die response wat die deelnemers se houding ten opsigte hiervan getoets het.





Figuur 3.10: Deelnemers se houding ten opsigte van die Kaapse spelling van woorde

Alhoewel die deelnemers nie 'n pertinente positiewe of negatiewe houding ten opsigte van die Kaapse spelling van woorde toon nie, verkies die oorgrote meerderheid (63%) van die deelnemers die gebruik van Standaardafrikaanse spelling in koerantartikels in plaas van die Kaapse spelling. Die mees frekwente redes wat hiervoor verskaf is, is dat die koerant die plek is waar mense leer om Afrikaans korrek te gebruik en indien die koerant woorde “verkeerd” spel, sal dit nie mense se taalgebruik verbeter nie en dit sal hulle “verkeerd” leer praat en spel ( $n=20$ ), soos gesien in die volgende ongeredigeerde respons: *Koerantartikels moet standaard wes van dit help vir my om my Afrikaans te verbeter.*

Die deelnemers het ook die geleentheid gehad om verdere kommentaar oor die koerantartikels en die grappie te skryf. Uit sommige van die response het die sterk identifisering met die taalgebruik na vore gekom in woordelike response soos: *Dis lekker en maklik om te verstaan, dis soes ek by die huis is*

*en met die mense in Steenberg praat en kuier en Mense in Michelles Plain praat prasies soos die koerantartikel dit geskryf het.*

Die negatiewe persepsie wat die deelnemers van Kaaps het, raak ook duidelik uit die response. Die gebruik van Kaaps om bruin mense te stigmatiseer en op 'n negatiewe manier uit te beeld, is ook deur sommige deelnemers raakgesien in woordelike response soos die volgende: *Ek voel dat die grappie 'n bietjie rassiesties is , Dit laat kleurling mense dom lyk en Die grappie was snaaks maar dit laat die Kaapse laaities so dom klink.*

### **3.4 Samevattend**

Die resultate van die vraelyste in hierdie studie toon dat die Kaapssprekende tienerleser die taalgebruik in sommige *Son*-artikels herken as 'n egte weerspieëling van die taal wat hulle self gebruik sowel as die taal wat deur hulle gemeenskap gebruik word. Daarom word die taalgebruik deur die oorgrote meerderheid van die deelnemers as Kaaps beskou. In dié opsig stem die resultate ooreen met Smith (2012) se navorsing dat die lesers van *Son* die taalgebruik in die koerant beskou as die taal wat hulle self praat. Dit sluit ook aan by De Vries (2012) se uitlating dat die taalgebruik in *Son* 'n "taaldokument van Kaaps as she is spoken" is, soos bespreek by 1.2.

Dit raak duidelik uit die resultate dat die tieners gereeld kodewissel. Soos bespreek in 2.3.3 gebruik die tieners wat deel gevorm het van die navorsingsgroep verskeie kodes, insluitend Engels, Standaardafrikaans en Kaaps, na gelang van die domein waarin hulle hulle bevind. Hulle verskil sterk van die stelling dat hulle in sosiale omstandighede Standaardafrikaans praat en dui aan dat hulle eerder 'n vorm van Kaaps praat by die huis en in sosiale omstandighede. Die invloed van Engels op Afrikaans is ook duidelik sigbaar in die hoë frekwensie waarteen Engelse woorde in 'n Afrikaanse gesprek deur die Kaapssprekende tieners gebruik word. Die spontane vermenging van Afrikaans en Engels is egter ook 'n kenmerk van Kaaps. Standaardafrikaans word wel ook gebruik, maar is die taal wat hulle assosieer met die skooldomein en wat gebruik word in formele onderrigsituasies. Daarenteen het 63% van die deelnemers aangedui dat hulle huistaal Engels is. Kaaps

word dus in wisselwerking met Standaardafrikaans en Engels gebruik waar elke kode gebruik word binne verskillende situasies en domeine. In dié opsig kan Kaaps beskou word as die demotiese variëteit wat in informele en sosiale situasies gebruik word teenoor die klassieke variëteite, Standaardafrikaans of Engels wat vir meer formele geleenthede gebruik word. Die bevinding sluit aan by die bespreking van diglossie by 2.3.4.

Die response op die vrae in die vraelys wat betrekking gehad het op Kaaps as 'n kleurvariëteit, maak dit duidelik dat Kaaps steeds deur die Kaapssprekende tieners as 'n kleurvariëteit bestempel word deurdat hulle dit assosieer met die taalgebruik van 'n bruin persoon. Juis om dié rede identifiseer hulle ook tot 'n groot mate met die taal wat in die *Son*-artikel gebruik is (sien figuur 3.7, 3.8 en 3.9) deurdat hulle die skrywer beskou as 'n bruin persoon wat iewers op die Kaapse Vlakte woon en wie se taalgebruik ooreenstem met hulle eie taalgebruik sowel as die taalgebruik van hulle gemeenskappe. Die skrywer word dus beskou as deel van hulle groep aangesien dit 'n persoon is wat dieselfde taal as hulle gebruik, van dieselfde etniese groep is en in dieselfde gebied woon. Die Kaapssprekende tieners beskou Kaaps dus as 'n aanduiding van groeplidmaatskap en 'n gedeelde etniese groepering. In aansluiting by Dyers (2007:97) identifiseer die Kaapssprekende tieners steeds sterk met Kaaps al is 'n sterker en meer invloedryke variëteit of taal, nl. Standaardafrikaans en Engels, aanwesig, sien weer 2.3.5. In teenstelling hiermee beskou hulle Standaardafrikaans steeds as 'n taalvorm wat deur wit mense gebruik word en om dié rede identifiseer hulle nie so sterk met die standaardvariëteit van Afrikaans nie.

As gevolg van die feit dat die *Son*-artikel se taalgebruik ooreenstem met hulle eie Afrikaanse taalgebruik, sien figuur 3.9 en tabel 3.1, kan die afleiding gemaak word dat hulle die taalgebruik beter verstaan as Standaardafrikaans. Die response in tabel 3.1 bevestig dié afleiding deurdat die deelnemers die taalgebruik in die *Son*-artikel makliker verstaanbaar en leesbaar vind as die Standaardafrikaans-artikel.

Tog bestaan daar steeds 'n negatiewe persepsie oor Kaaps onder die Kaapssprekende tieners soos afgelei kan word uit die response op die oop vrae en tabel 3.2. Kaaps word steeds beskou as verkeerde en swak Afrikaans teenoor Standaardafrikaans wat deur hulle bewonder word en as die “korrekte” vorm van Afrikaans beskou word. As gevolg van die negatiewe houding wat hulle van Kaaps het, verwys die Kaapssprekende tieners op 'n negatiewe wyse na hulle eie taalgebruik, nl. as *gham/gam* of *kombuisafrikaans*. Karaan (2009:1) se stelling dat Kaaps vandag steeds een van die mees gestigmatiseerde variëteite van Afrikaans is, soos bespreek in 2.2.6.2, word dus bevestig in hierdie studie.

Die negatiewe houding teenoor Kaaps vind ook neerslag in die manier waarop die deelnemers 'n Kaapssprekende persoon se karakter beoordeel. Uit die response op die oop vrae in die vraelys is dit duidelik dat linguistiese stereotipes steeds bestaan aangesien dit nie net die inhoud van die boodskap is wat beoordeel word nie, maar ook die karakter en intelligensie van die spreker. Die Kaapssprekende tiener beskou steeds 'n Kaapssprekende persoon as 'n onopgevoede persoon met swak maniere. Daar is in 2.2.6.2 verwys na Coetzee (2005:37) en Willemse (2012) se bespreking van die gebruik van Kaaps deur wit skrywers om die Hottentotte en bruin mense as karikatuuragtig, lagwekkend en onnosel uit te beeld. In die studie is bevind dat Kaaps steeds deur baie Kaapssprekende tieners as grappig beskou word. Die gebruik van Kaaps in die grappie dra ook daartoe by om bruin mense as dom en onnosel uit te beeld. Kaaps het dus steeds nie die waardigheid onder sy sprekers gekry wat dit verdien en waarvoor Willemse (2012) pleit nie.

As gevolg van die negatiewe houding wat die Kaapssprekende tieners van Kaaps het, sien weer tabel 3.2 sowel as die response op die oop vrae, is die gebruik van Kaaps of 'n taal wat ooreenstem met hulle eie taal in koerante, nie aantrekliker as die gebruik van Standaardafrikaans nie. Aangesien hulle Kaaps steeds beskou as 'n “verkeerde” vorm van Afrikaans, beskou hulle die gebruik daarvan in koerante as onprofessioneel. Daarenteen word Standaardafrikaans steeds as die variëteit met die sosiale prestige beskou wat geassosieer word met formele domeine soos die geskrewe media. Om

dieselfde rede verkies hulle ook die standaardspelling van woorde in koerante in plaas van 'n spelling wat die Kaapse uitspraak probeer weergee.

Die feit dat die deelnemers aan die studie nog leerders is, het ook 'n impak op die studie. Aangesien hulle "korrekte" Standaardafrikaans by die skool moet gebruik, is hulle geneig om hulle Afrikaanse taalgebruik te wil verbeter. Om die rede beskou hulle die gebruik van Kaapse taalgebruik en spelling in koerante as 'n struikelblok wat hulle verhinder om hulle Afrikaans te verbeter.

Alhoewel McCormick in Saal en Blignaut (2011:6) beweer dat die bruin sprekers van Kaaps vandag 'n meer positiewe beskouing van Kaaps het as gevolg van die gebruik van die variëteit op televisie en radio en die erkenning wat dit deesdae as 'n variëteit van Afrikaans geniet, toon die opname dat daar steeds 'n negatiewe houding teenoor Kaaps onder sy sprekers bestaan.

In die hoofstuk wat volg, sal 'n taalkundige ondersoek gedoen word deur die artikels in 12 uitgawes van *Son* te ontleed in 'n poging om te bepaal watter Kaapse merkers voorkom in die taalgebruik van *Son*-artikels. Die ondersoek is 'n poging om te bepaal tot watter mate *Son* die Kaapse taalgebruik, soos dit voorkom in die gesproke vorm, in sy beriggewing weerspieël. Verder stel dit ook ondersoek in na die diglossie-verhouding tussen Kaaps en Standaardafrikaans wat in die koerant voorkom.

## Hoofstuk 4

### Taalgebruik in die poniekoerant *Son*

#### 4.1 Inleiding

Die response op die vraelys wat betrekking het op die taalgebruik in 'n spesifieke *Son*-artikel, soos bespreek in hoofstuk 3, toon dat die deelnemers die taalgebruik in *Son* oorwegend as Kaaps beskou, sien weer figuur 3.2 en 3.3 asook die response op die oop vrae. Dit was veral die vermenging van Afrikaans en Engels waarmee die deelnemers kon identifiseer as 'n taalvorm wat deur hulleself gebruik word. Die vraelys het egter hoofsaaklik gefokus op die identifisering met die taalgebruik in *Son* en die deelnemers se houding teenoor die taalgebruik. Daar is ook net gefokus op 'n enkele artikel wat in *Son* verskyn het en nie die koerant in geheel nie.

In 'n poging om die taalgebruik wat in *Son* voorkom in meer diepte te ondersoek, volg 'n bespreking van die taalgebruik in verskeie *Son*-artikels van 12 verskillende uitgawes. Verskeie *Son*-artikels uit koerante wat verskyn het in die tydperk tussen Desember 2011 en Oktober 2013 is geanaliseer om te bepaal tot watter mate Kaapse merkers voorkom in die koerant en in die artikels en of die taalgebruik in *Son* beskou kan word as 'n ware weerspieëling van Kaaps. Die uitgawes is lukraak geselekteer en die koerant is in die geheel geanaliseer in 'n poging om te bepaal of die taal wat gebruik word in die artikels, verband hou met die inhoud of aard van die artikel.

#### 4.2 Linguistiese merkers van Kaaps in *Son*

##### 4.2.1 Leksikale verskynsels

Die vermenging van Afrikaans met Engelse woorde en uitdrukkings word beskou as een van die algemeenste kenmerke van Kaaps, soos bespreek in 2.2.6.3. Interessant is die feit dat dit ook een van die algemeenste kenmerke van die taalgebruik in *Son* is. Om die rede word die taalgebruik in *Son* deur lesers, akademië en joernaliste bloot as Kaaps aanvaar sonder dat dit krities geanaliseer word. Die gebruik van Engelse woorde en uitdrukkings in 'n teks

met 'n oorwegend Afrikaanse karakter, kan egter ook as demotiese Afrikaans beskou word.

Volgens Ponelis (2009:3) is die prominentste kenmerk van demotiese Afrikaans die “ontsettend hoë mate van Engelse invloed”. Alhoewel Kaaps beskou kan word as een vorm van demotiese Afrikaans, is die verskil tussen Kaapse Afrikaans en demotiese Afrikaans dat demotiese Afrikaans deur die hele gemeenskap voorkom (Van de Rhee 2011) terwyl Kaaps slegs deur 'n spesifieke groep sprekers gebruik word, sien weer 2.3.4. Die gebruik van Engelse woorde en uitdrukkings is volop in sommige *Son*-artikels en daarom kan die Afrikaans wat in die koerant gebruik word, in aansluiting met Van der Rhee (2011) ook as demotiese Afrikaans beskou word.

Die vervlegting van Afrikaans en Engels is egter slegs een kenmerk van Kaaps en die vraag wat gevolglik ontstaan, is of die taalgebruik wat in *Son* voorkom, Kaaps en nie bloot 'n informele demotiese Afrikaans is nie?

#### 4.2.1.1 Direkte ontlenings uit Engels

Engelse woorde en uitdrukkings wat direk uit Engels ontleen is, kom gereeld voor in sommige *Son*-artikels. Die onderstaande uittreksels uit *Son*-artikels, koppe en onderskrifte by foto's toon die verskynsel.

1. Hulle is nou wel klein, maar is gaga oor *Son* en die rol wat hulle **favourite** koerant in die **fight** teen **drugs** speel. (*Son*, 16 Februarie 2012, p.3)
2. Terwyl die **cops** verlede week ten minste vier **gang**-leiers gearresteer het, het tiener-bendelede na bewering verskeie jong mense vermoor. (*Son*, 8 Mei 2013, p.2)
3. “Die **council** kan mos ons **subsidy** wegvat en eerder vir ons grond gee.” (*Son*, 31 Oktober 2012, p. 6)
4. Departement wil 'n **meeting** hou oor **safety** (*Son*, 1 November 2012, p.1)

5. Russol sou gister in die Kaapse landdroshof aansoek doen om **bail**, maar sy **lawyer**, Juan Smuts, het landdros Jasthree Steyn versoek om die proses voorlopig uit te stel. (*Son*, 16 Februarie 2012, p. 5)
6. Haraam? Hassen en die Kaapstadse **mayor**, Patricia de Lille, by die opening van Burger King in Kaapstad. (*Son*, 14 Mei 2013, p. 5)
7. Terwyl die **cops** verlede week ten minste vier **gang**-leiers gearresteer het, het tiener-bendelede na bewering verskeie jong mense vermoor. (*Son*, 8 Mei 2013, p. 2)
8. Justin Bieber **likes** sy tattoos. (*Son*, 10 Januarie 2012, p. 12)
9. 'n **Disgrace!** (*Son*, 16 Februarie 2012, p.2)
10. Ons moet **duck and dive** in ons huise soos die koeëls vlieg. (*Son*, 7 Mei 2013, p.2)
11. Die enjin is 'n 4EFTE 1300GT Turbo **unit** met **dictator** enjin **management**, 63mm **exhaust** en 'n **front mounted intercooler**. Doni is ook trots op sy 50mm **boost pipes**, 60-2 **wasted spark setup** en twee **external** brandstofpompe. (*Son*, 11 Oktober 2013, Bylae: *Son wiele*, p.5)

Engelse woorde wat verband hou met spesifieke domeine of onderwerpe soos die regstelsel, die polisie, dwelmverwante onderwerpe en sosiale en maatskaplike kwessies, word gereeld in beriggewing gebruik eerder as die Afrikaanse ekwivalent. Dit sluit aan by Klopper (1983:286) se beskouing van die gebruik van Engelse woorde in Kaaps wat by 2.2.6.3 bespreek is. Engelse woorde wat frekwent in artikels gebruik word is *lawyer, bail, witness, cop, metro cop, van, drugs, gang, gangster, gun, rape, kids, council, officials, community, meetings, job*. Op die skinderblad word die Engelse woorde *fan, show, event, song* en *celebrity* gereeld bo die Afrikaanse ekwivalente gebruik. Verder word gevoelswoorde ook eerder in Engels geskryf as in Afrikaans, bv. *disgrace, useless, favourite*, ens. Die artikels in die bylae, *Son wiele*, toon veral 'n hoë mate van Engelse invloed deurdat woorde wat verband hou met motoronderdele en motordienste, direk uit Engels oorgeneem word. In sommige gevalle is die frekwensie waarteen Engelse woorde gebruik word, so hoog, dat die sin nie meer 'n Afrikaanse karakter toon wat die woordeskat



betref nie, maar eerder 'n Engelse karakter aanneem, sien nommer 11 by die voorbeeldsinne.

#### 4.2.1.2 Verafrikaansing van Engelse woorde en uitdrukking

Engelse woorde wat klankmatig verafrikaans is, vind ook neerslag in sommige artikels van *Son*, soos gesien kan word in die volgende voorbeelde uit verskillende uitgawes van *Son* :

1. Die **spietkop** is blykbaar gewurg en met 'n skêr gestee. (*Son*, 8 Mei 2013, p.5)
2. Niemand op die plaas-**lorrie** het die trein fluitjie gehoor nie. (*Son*, 31 Oktober 2012, p.2)
3. Toni eet net wit **tjoklits** (*Son*, 15 Desember 2011, p.1)
4. Hy's bereid om baie legal fees te hoës omdat hy **Krismis** by sy huis wil wees. (*Son*, 15 Desember 2011, p.5)
5. **Tjek** jou spoed (*Son*, 16 Februarie 2012, p.6)
6. Die Nederlander Adriaan van Dis is nie net 'n wêreldbekende skrywer nie, maar ook 'n groot **Son-fên**. (*Son*, 11 Oktober 2013, p. 11)
7. "My ma-hulle is net **hêppie** solank ek vir hulle kan gee," snip Michelle. (*Son*, 10 Januarie 2012, p. 2)
8. Die polisie het die toneel verlaat met die driver en een van die insittendes agter in die **vên**. (*Son*, 14 Oktober 2013, p. 5)

Engelse uitdrukkings wat verafrikaans word deur die oorskakeling na Afrikaanse woorde in die uitdrukking en die direkte vertaling van 'n gedeelte van die uitdrukking uit Engels in Afrikaans, kan in die onderstaande uittreksels uit verskeie *Son*-artikels en koppe, rubrieke en onderskrifte by foto's gesien word.

1. Toni Braxton het 'n **chip op haar skouer** (*have a chip on one's shoulder*) ná Oprah Winfrey se opmerkings. (*Son*, 1 November 2012, p. 16)

2. Kameel sê vir *Son* Abrahams **trek haar nou 'n lelike dirty** (do the dirty on someone). (*Son*, 16 Februarie 2012, p. 7)
3. Antie hoop die ander wat nes jy operate, **vat note** (take note). (*Son*, 31 Oktober 2012, p. 26)

Onidiomatiese direkte vertaling uit Engels vind ook soms neerslag in die artikels, maar kom weinig voor en hou gewoonlik verband met die direkte woorde van die Kaapssprekende bron, 'n leser of ander kommentator en word byna nooit deur die joernalis in die beriggewing gebruik nie. Enkele voorbeelde hiervan sluit in:

1. "Ek wou die **papiere** (*dokumente*) sien en sy kon dit nie toon nie." (*Son*, 16 Februarie 2012, p. 7)
2. "Ek sal eers met Waldeck moet praat om te **luister** (*hoor*) of hy kans sien om voort te gaan met die peace talks." (*Son*, 14 Mei 2013, p.4)
3. **Maak** pad (gee pad)! (*Son*, 11 Oktober 2013, Bylae: *Son wiele*, p. 4)

Dit is dus duidelik dat Engelse woorde teen 'n hoë frekwensie gebruik word in *Son* en dat die invloed van Engels op Afrikaanse woorde en uitdrukkings, soos gekenmerk deur Kaaps, ook neerslag vind in die taalgebruik van *Son*.

#### 4.2.1.3 Kaapse uitdrukkings

Buiten vir die hoë mate waarmee Engelse woorde met die Afrikaanse taalgebruik vermeng word, vind Kaapse uitdrukkings en woorde ook neerslag in die artikels, koppe en onderskrifte by foto's soos gesien kan word uit die volgende voorbeelde uit verskeie uitgawes van *Son*.

1. Laaities van 15 en 16 jaar oud is besig om oor te vat by die **dikdinge** (*leiers*) in die bende. (*Son*, 8 Mei 2013, p.2)
2. Die valke het ook Russol, wat 'n **dik tjommie** (*goeie vriend*) van die vermoorde Jurie "The Russian" Ulianitski was, se peperduur Porche (sic) Cayenne gekonfiskeer. (*Son*, 16 Februarie 2012, p. 5)

3. Getroude **mammies** (*vroue*) is niks skaam vir affairs (*Son*, 8 Mei 2013, p.4)
4. Clara April (60) sê sy het die **swakste** (slegste) naweek ooit gehad toe sy 'n rits naamlose oproepe ontvang het van 'n vrou wat haar daarvan beskuldig dat sy 'n **doekom** (*iemand wat ander toor*) is. (*Son*, 14 Mei 2013, p. 7)
5. In skoksyfers het dit aan die lig gekom dat veral ma's met kinders buite die huwelikskatel hulle **kooiplesiertjies** elders vind. (*Son*, 8 Mei 2013, p.4)
6. Dankbare egpaar groet **sinkhok** (*sinkhuis*) (*Son*, 7 Mei 2013, p. 3)
7. Antie hoop van harte dat jy jou **vaakgeit** (*onnoselheid/naiwiteit*) gaan laat staan. (*Son*, 2 November 2012, p. 34)
8. Matriekmeisie en haar ou met skote in die kop **afgehaal** (*vermoor*) (*Son*, 7 Mei 2013, p.1)
9. Na die brand, sê die inwoners, het die City net tien balkies en vier **sinke** (*sinkplate*) per familie kom dump. (*Son*, 16 Februarie 2012, p.2)
10. Die Dinsdag moes hy **hof loop** (hof toe gaan). (*Son*, 11 Oktober 2013, p. 3)
11. "Hulle het net gesê dis Wynberg se probleem en onmiddellik weer **gepak** (*geloop*)." (*Son*, 7 Mei 2013, p. 6)
12. "n Klomp mans, wat saam met Jacobs by die braai was, het **gespat** en ongedeerd van die voorval weggekome" (*Son*, 11 Oktober 2013, p.5)
13. "Ons kla van laas kwartaal af oor die **jongens** (*seuns*) wat ons kinders voorlê." (*Son*, 1 November 2012, p.2)
14. Minnies het toe aan die cops gesê "dis nie **kwaai** (lekker) nie" (*Son*, 11 Oktober 2013, p. 6)
15. Dansonnie **mang** (*gaan tronk toe*) lewenslank na rape (*Son*, 1 November 2012, p.2)
16. Toe hy by haar kom, het sy snaaks opgetree en die cop het vermoed sy is **getik** (*gebruik die dwelm tik*). (*Son*, 1 November 2012, p. 4)
17. "Die **boere** (*polisie*) smokkel dan saam met die merchants." (*Son*, 15 Desember 2011, p.4)
18. Guys sê dis toe dat sy hoor hoe die **gattas** (*polisie*) brag oor hoe hulle hom gemoer het. (*Son*, 11 Oktober 2013, p.3)

19. Laaities **lem** (*steek met 'n mes*) terug (*Son*, 1 November 2012, p.1 )
20. Burger King in Kaapstad kan dalk eersdaags baie van sy **kroon** (*geld*) verloor as 'n groep Moslems hulle dreigement uitvoer om die franchise te boikot. (*Son*, 14 Mei 2013, p.5)

Kaapse woorde wat gereeld voorkom in *Son*-artikels is woorde wat verband hou met die dwelm tik, bv. *tikkop*, *getik*, *tiklollie*. Die woord *laaities* of *jongens* om te verwys na seuns en die Kaapse woord *mang*, wat verwys na tronk toe gaan en ook die invloed van bendetaal toon, kom ook gereeld voor. Bestaande Afrikaanse woorde wat kenmerkend van Kaaps is word in nuwe of uitgebreide betekenis gebruik. Voorbeelde hiervan wat soms in *Son*-artikels neerslag vind, sluit onder andere in *spat* of *pak* (loop) en *kwaai* (goed/lekker).

Die Kaapse woord *boere*, wat na die polisie verwys, word in afwisseling met die Engelse ekwivalent, *cops* of die Kaapse woord *gattas*, gebruik. Die woord *boere* word egter slegs gebruik om na polisie of landbouers te verwys, maar byna nooit om na wit mense te verwys nie. Ander neerhalende of rassitiese woorde wat in die Kaapse spreektaal bestaan om na spesifieke etniese groepe te verwys bv. *kaffer*, *hotnot*, ens. kom ook nie voor in die koerant nie. Alhoewel daar kru taal en taboewoorde voorkom in *Son*, sien 4.2.1.4, is *Son* egter sensitief vir rassitiese taalgebruik.

Voorbeelde van kenmerkende Kaapse uitdrukkings wat voorkom, sluit in:

1. Kind, kan jy nie sien hoe **daai jong jou vir 'n pop vat nie** (*'n gek van jou maak*). (*Son*, 2 November 2012, p. 34)
2. Die werkers het 'n **lange gegooi** (*wegge-loop*) toe hulle oor hulle besem gekonfronteer is. (*Son*, 7 Mei 2013, p. 6)
3. City **vat ons vir 'n joke** (*maak 'n gek van ons*). (*Son*, 16 Februarie 2012, p.2)
4. Van 2 tot 4 Maart gaan **die ding ruk** (*dinge gaan plesierig raak*). (*Son*, 16 Februarie 2012, p.2)

Die Kaapse woorde en uitdrukkings vind neerslag in die direkte woorde van die bronne wat by die artikel betrokke was of die lesers en ander kommentators, maar kom ook voor in die verslaggewing deur die joernalis self. Veral die teemtante rubriek, *Moan by Antie Mona*, bevat heelwat Kaapse uitdrukkings in die briewe wat deur lesers geskryf word, sowel as die antwoorde op die briewe. Ook die koppe en subopskrifte van artikels bevat gereeld Kaapse elemente en skep dus die indruk dat die Kaapse uitdrukkings gebruik word om aandag te trek. Die frekwensie van die gebruik van Kaapse woorde is egter baie minder as die gebruik van Engelse woorde of woorde wat Engelse invloed toon. Alhoewel dit dus voorkom in *Son*-artikels, toon nie alle artikels 'n Kaapse kleur nie. Arabiese woorde wat deel vorm van die Moslemkultuur en gevolglik ook deel vorm van Kaaps, kom egter selde voor in *Son*.

#### **4.2.1.4 Taboewoorde**

In die verlede was *Son* volgens Bothma in Hugo (2009:133) ook berug vir sy platvloerse taalgebruik en het hierdie taboewoorde heelwat kritiek onder veral taalpuriste uitgelok. Taboewoorde word deur Fromkin en Rodman (1998:431) gedefinieer as woorde wat verband hou met seks, seksorgane en natuurlike liggaamlike funksies. Woorde wat 'n religieuse konnotasie het en in 'n konteks buite die religieuse gebruik word, is volgens Fromkin en Rodman (1998:430) ook taboe en word in baie gemeenskappe as godslasterlik beskou, bv. die gebruik van die woord *God* of die Engelse woord *bloody* wat verwys na die bloed van Christus.

Feinauer (1981:3) sluit aan by Fromkin en Rodman (1998) deur daarop te dui dat taboe woorde in Afrikaans woorde insluit waar Goddelike benaminge ydelik gebruik word, bv. *God* of *Here* sowel as woorde wat verwys na die " 'laer' liggaamsdele, -prosesse en -produkte", bv. *pram*, *fok* en *kak*. Sy voeg egter ook 'n derde kategorie by, nl. woorde wat hulle oorsprong het in weerterminologie, bv. *bliksem* of *donder*.

Wat die woorde betref wat verwys na seks, seksorgane en natuurlike liggaamlike funksies, kan twee woorde of uitdrukkings dieselfde betekenis hê, maar een van die woorde is dikwels aanvaarbaar vir gebruik terwyl die ander woord streng verbode is en 'n verleentheid kan veroorsaak of mense skok. Dikwels is dit die wetenskaplike woord wat uit Latyn of Frans geleen is, wat aanvaar word, terwyl die woord wat in die omgangstaal bestaan, taboe is (Fromkin en Rodman 1998:431). Feinauer (1981:14,15,16) sluit hierby aan deur te onderskei tussen drie tipes taalbousels wat in Afrikaans bestaan om te verwys na die "laer" liggaamsdele, -funksies en -produkte. Dit sluit in kliniese woorde oftewel wetenskaplike woorde van Latynse en Griekse herkoms wat in mediese, wetenskaplike en juridiese kringe gebruik word, eufemismes wat aan kinders geleer word en obsene woorde oftewel vuil of plat woorde.

Volgens Fromkin en Rodman (1998:431) is die gevolg dat woorde wat deur die hoë klas gebruik word, verhewe is bo die woorde wat deur die lae klas gebruik word. Die rede waarom sekere woorde deur sommige sprekers vermy word en waarom sekere woorde as taboe beskou word, is egter as gevolg van nie-linguistieke houdings en nie as gevolg van die woord of taal opsigself nie.

Feinauer (1981:5,7) beskou vloekwoorde in Afrikaans as woorde met "die hoogste taboewaarde van alle taboe woorde". As gevolg van die hoë taboewaarde, is daar swetse<sup>7</sup> vir vloekwoorde gevorm, bv. *kaf* (kak). Volgens Feinauer (1981:30) is daar drie faktore wat aanleiding gee tot vloek. Hiervolgens word vloekwoorde eerstens gebruik as aanvalsmiddel. Wanneer vloekwoorde gebruik word as aanvalsmiddel, het dit die intensie om die aangesprokene of teenstander minderwaardig te laat voel of te verneder. Dekker (1991:59) sluit hierby aan deur na hierdie tipe taboe- of vloekwoorde te verwys as skeltaal en beskou dit as 'n woord of frase wat die spreker of skrywer se oordeel oor iemand verraai, karaktertekenend is en die opset het om te beledig.

---

<sup>7</sup> 'n Swets is 'n vloekwoord wat volgens Feinauer (1981:7) so onherkenbaar vervorm is dat dit nie meer taboewaarde het nie.

Vloekwoorde word verder ook as frustrasie-uiting gebruik in 'n poging om ontslae te raak van gevoelens of emosies en laastens om die spreker se spraak te verlewendig of te dramatiseer of groepsgebondenheid te bewerkstellig.

Fromkin en Rodman (1998:431) stel dit dat taboewoorde gewoonlik in koerante gedruk word met beletseltokens, bv. die woord *bloody* wat as volg gedruk word: *b.....y*. So is die Afrikaanse rockgroep *Fokofpolisiekar* tot onlangs in koerante as volg gedruk: F\*\*\*\**polisiekar* of bloot net *Polisiekar*. Vandag word die naam egter voluit geskryf. Ander taboewoorde word egter nie in nuusberigte van dagblaaie voluit geskryf nie, maar met asteriske of beletseltokens aangedui.

Poniekoeerante gebruik egter dikwels taboewoorde in beriggewing en in koppe van artikels. Die platvloerse taalgebruik in *Son* is byvoorbeeld een van die redes waarom taalpuriste volgens Bothma in Hugo (2009:133) soveel beswaar gemaak het teen die koerant se taalgebruik. Die gebruik van taboewoorde in beriggewing en die manier waarop dit gedruk word, is dan juis 'n kenmerk wat poniekoeerante onderskei van ander dagblaaie. Feinauer (1981:36) dui daarop dat vloekwoorde en plat woorde gereeld deur Afrikaanse skrywers gebruik word in protes teen die eng reëls van die samelewing. Die gebruik van taboewoorde in die beriggewing van *Son*, kan dus ook beskou word as 'n doelbewuste poging om hulleself te onderskei van ander hoofstroomkoerante sowel as die taal wat dié koerante gebruik.

Volgens Edwin Lombard, assistentredakteur van *Son* (Persoonlike korrespondensie 2012, sien Addendum A) is daar egter reeds lankal wegbeweeg van vloekwoorde en kru taalgebruik in beriggewing. Taboewoorde in *Son* is tans hoofsaaklik beperk tot *Son* se teemtante-rubriek, *Moan by Antie Mona*. Op die blad word taboe-onderwerpe hanteer, word 'n ding volgens Smith (2012) nog op sy naam genoem en word kru taal en taboewoorde steeds gebruik. Voorbeelde uit verskeie uitgawes van die rubriek word voorts aangedui:

1. **Spuls** jong **lus** vir virgin (*Son*, 1 November 2012, p. 22)
2. My vrou sê sy sal nooit daai **hoerkind** van my aanvaar nie, maar ek het haar destyds gevat met háár **hoerkind** en al. (*Son*, 16 Februarie 2012, p. 11)
3. Jou tyd vir **horing-horing** speel sal kom. (*Son*, 1 November 2012, p.22)
4. Jy moet eintlik dankbaar wees dat hulle jou nie opgesluit het vir dronkbestuur nie, **jou kakkerlak**. (*Son*, 15 Desember 2011, p. 36)
5. Laat R **loop skyt**. (*Son*, 2 November 2012, p. 34)
6. Sy **tr\*I** gaan ek seermaak, al moet ek dit ook trek. (*Son*, 2 November 2012, p. 34)
7. Jy kan maar nou kaal op die maan ook gaan split, R sien jou net as sy **hoertrassie**. (*Son*, 2 November 2012, p. 34)

Taboewoorde wat in *Son* se teemtante-rubriek voorkom, is veral obsene woorde wat verband hou met seks, seksorgane en natuurlike liggaamlike prosesse. Skeltaal kom ook gereeld voor in die rubriek deurdat die skrywer 'n ander persoon doelbewus probeer beledig of verneder. Taboewoorde word dus, in ooreenstemming met Feinauer (1981:30), aangewend as 'n aanvalsmiddel, om emosie uit te druk sowel as om die teks te dramatiseer.

In die motorbylae van *Son*, *Son wíele*, word vloekwoorde ook in die artikels gebruik. Sommige woorde word voluit geskryf, terwyl ander woorde, veral die afleidings van *fok* in ooreenstemming met ander hoofstroomkoerante, met beletseltokens gedruk word. Sien die volgende voorbeelde uit een uitgawe:

1. Se **moer** man! (*Son*, 11 Oktober 2013, *Son wíele*, p.3)
2. Ai, ons mans kan darem halsstarrige **assholes** wees. (*Son*, 11 Oktober 2013, *Son wíele*, p.3)
3. Ons weet mos waarnatoe ons op pad is en ons is definitief nie, soos die vroue, rigting-**bedonnerd** nie. (*Son*, 11 Oktober 2013, *Son wíele*, p.2)



4. Dis omdat hulle weet hulle sal sleg tweede kom, want **f\*k** space age plastics en composite-stowwe, die dier het nog 'n old-school hardbody. (*Son*, 11 Oktober 2013, *Son wiele*, p.2)
5. ...want ek druk elke **f\*kk\*n** knoppie in daai SLK en vloek erger as 'n tikkop. (*Son*, 11 Oktober 2013, *Son wiele*, p.2)

Alhoewel die taalgebruik in die nuusberigte van *Son* oor die algemeen wegbeweeg het van kru en platvloerse taalgebruik, kom dit steeds in sommige gevalle voor, meestal in berigte van seksuele aard of by die direkte woorde van bronne. In gevalle waar bronne se woorde aangehaal word, dui die vloekwoorde op frustrasie-uiting deur die bron. Voorbeelde hiervan sluit in:

1. 'n Meisietjie (10) se mond is nou vol sere nadat sy ge-force is om 'n ou toppie **af te suig**. (*Son*, 15 Desember 2011, p. 5)
2. Volgens die ouma het die dokter bevestig dat iemand probeer het om die kind **van voor en agter te seks**. (*Son*, 15 Desember 2011, p. 5).
3. Die mense sê hulle is **gatvol** om vir 'n **gat gevat** te word (*Son*, 11 Oktober 2013)
4. Williams sê sy het die mayor se office gebel en met “'n **blêrrie** onbeskofte vrou” op die foon gepraat (*Son*, 7 Mei 2013, p. 6).

In sommige gevalle word eufemismes in nuusberigte gebruik om na woorde te verwys wat te make het met seks, seksorgane en natuurlike liggaamlike funksies, soos bespreek deur Feinauer (1981:15) en Fromkin en Rodman (1998:432). Sien die onderstaande voorbeelde uit een uitgawe van *Son*.

1. Lover byt sy girl se **moemfie** uit skone jaloesie. (*Son*, 14 Oktober 2013, p. 3)
2. “Voor ek my kom kry, voel ek hy byt my aan my skaamdele – my **koekie** en boude.” (*Son*, 14 Oktober 2013, p.3)

Taboewoorde sowel as die gebruik van eufemismes om te verwys na seksorgane en natuurlike liggaamlike funksies word voorts ook gebruik om

aandag te trek in subopskrifte soos gesien kan word in die volgende voorbeelde:

1. Ou te **dik gebliksem** om in die hof te verskyn (*Son*, 11 Oktober 2013, p. 1)
2. **Koekie** septies na ou dit hap (*Son*, 14 Oktober 2013, p. 1)
3. Ou skrik skoon sy **poef** weg (*Son*, 16 Februarie 2012, p.1)

Uit die bostaande voorbeelde raak dit duidelik dat die taboewoorde wat nog in 'n geringe mate voorkom in *Son*-artikels en tot 'n groter mate in die teemtante rubriek en motorbylae, nie soseer verband hou met godslastering nie, maar eerder met die "laer" liggaamsdele, -produkte en -funksies of woorde wat hul oorsprong in weerterminologie het, soos *bliksem* en *donder*, sien weer die bespreking van taboewoorde deur Feinauer (1981). Alhoewel krutaal en taboewoorde nie as 'n kenmerk van Kaaps beskou kan word nie, kan dit wel beskou word as populêre taal en kan dit om die rede as demotiese Afrikaans beskou word.

#### 4.2.2 Morfologiese verskynsels

Wat die morfologiese aard van die taalgebruik in *Son* betref, kom Engelse woorde voor wat verafrikaans word deur die morfologiese inbedding van Engelse ontlenings in die verlede tydsvorm. Voorbeelde hiervan sluit die volgende in:

1. Die familie voel Kyle word nou **ge-judge** op onwaarhede, en mense moet liever wag vir die waarheid. (*Son*, 8 Mei 2013, p. 5)
2. Sebastiaan is vermoedelik deur haar moordenaar daar **ge-dump**. (*Son*, 16 Februarie 2012, p.5)
3. Hulle het die kar teen 'n muur **ge-smash** en van die toneel weggehol. (*Son*, 1 November 2012, p. 12)
4. **Ge-bitch** 'n **ge-stitch** (*Son*, 10 Januarie 2012, p.1)
5. Sy het deur die shop **ge-cruise** en kort daarna weer by die deur uitgestap. (*Son*, 11 Oktober 2013, p.10)

Die gebruik van samestellings tussen Engelse en Afrikaanse woorde, kom ook algemeen voor. Voorbeelde uit verskillende uitgawes van *Son* sluit in:

1. Kapt. Marie Louw sê die plek was eers 'n **drug-huis** wat verbeurd verklaar is. (*Son*, 8 Mei 2013, p. 6)
2. Die Kaapse **spoorweg-cops** is gister in die duister gelaat. (*Son*, 7 Mei 2013, p. 5)
3. Sedert Desember het 20 mense in die **gangster-oorlog** in dié dorp gesterf. (*Son*, 14 Mei 2013, p.4)
4. “Sama het alles uitgehaal met 'n uitstekende line-up van legendariese optredes deur vorige en toekomstige Sama-wenners by die grootste **musiek-event** op die Suid-Afrikaanse kalender” (*Son*, 7 Mei 2013, p.12)
5. Die **bende-peace talks** is vir eers op ys. (*Son*, 14 Mei 2013, p. 4).

Die morfologiese inbedding van Engelse ontlenings in die graadtrapmorfeme kom byna nooit voor nie. 'n Enkele voorbeeld sluit in:

6. **Funky-ste** Buddha kom (*Son*, 1 November 2012, p.17)

Kenmerkende morfologiese verskynsels van Kaaps kom nie algemeen voor in die artikels van *Son* nie. In die 12 uitgawes wat vir die doel van hierdie ondersoek geanaliseer is, het die reduksie van leksikale items soos die gebruik van *som* (sommige), *nodig* (benodig) en *van* (want), glad nie voorgekom nie. Ook die redundante gebruik van graadtrapmorfeme byvoorbeeld *bietere*, *oppere* ensovoorts en die nie-emfatiese adjektiefverbuiging, byvoorbeeld *mooie*, *valse* ensovoorts, is nie in die artikels gebruik nie. Voorts word die besittlike voornaamwoord, *onse* in attributiewe besittingsposisies, ook nie gebruik nie.

### 4.2.3 Sintaktiese verskynsels

Sintaktiese merkers van Kaaps kom selde voor in *Son*, en is hoofsaaklik beperk tot die direkte woorde van die bronne wat betrokke was by die betrokke artikel. Die volgende voorbeelde dui op die Kaapse werkwoordkonstruksies in die verlede tyd.

1. “As hulle skollies **gewees het**, sou dit makliker gewees het om te aanvaar.” (*Son*, 8 Mei 2013, p.2)
2. “Die stryery **moet** oor sy dogtertjie gegaan het, want hy is baie lief vir sy kind. (*Son*, 16 Februarie 2012, p. 4)

’n Voorbeeld van sinne wat die SVO-woordordepatroon oorneem by Engels in gevalle waar bysinne voorkom of ’n hoofsin ’n medewerkwoord bevat:

1. Maar Kanye **kan nie wil kwaad raak** nie. (*Son*, 1 November 2012, p.17)

Die gebruik van *niks* in die ontkenning is nog ’n sintaktiese verskynsel wat in Kaaps voorkom en is te bespeur in die volgende voorbeeld.

1. Getroude mammies **is niks skaam** vir affairs. ( *Son*, 8 Mei 2013, p.4)

Kenmerkende sintaktiese verskynsels van Kaaps, soos die gebruik van *die* voor ’n plek- of straatnaam, setselverdubbeling, die hervatting van die onderwerp in die voornaamwoordelike vorm, die gebruik van die besitlike voornaamwoord *sy* in plaas van *se*, die gebruik van *almal* as predetermineerder sowel as die gebruik van *vir* as persoonsobjekmerker het glad nie voorgekom in die artikels wat vir die studie ondersoek is nie.

### 4.2.4 Fonologiese verskynsels

Tipiese Kaapse uitspraakverskynsels wat in die spelling van woorde neerslag vind, kom egter weinig voor in *Son* en is hoofsaaklik beperk tot die koppe of

subopskrifte van artikels en word aangewend om aandag te trek, maar vind nie neerslag in die koerantartikels self nie. Enkele voorbeelde hiervan uit verskeie *Son*-uitgawes word hieronder aangedui<sup>8</sup>.

1. *Eazy, my kinnes* (*Son*, 1 November 2012, p. 29)
2. *Druggies oppie stasie ry daaglik na nêrens*. (*Son*, 9 Desember 2011, p.1).
3. Habana is Speler **vannie** Jaar. (*Son*, 2 November 2012, p. 47)
4. Grondeienaars bly oor '**pampiere**'. (*Son*, 14 Oktober 2013, p. 7)

Die naam van die sosiale bladsy, *lekke djy met Jill*, gee ook die Kaapse uitspraakverskynsel van affrisering van die [j] klank in sillabe-beginposisie en die postvokaliese [r]-weglating, weer in die spelling van die naam van die blad. Buiten vir die spelling van die naam, is *lekke djy* ook 'n tipiese Kaapse uitdrukking. Die Kaapse uitspraak wat in die spelling weergegee word tesame met die gebruik van 'n Kaapse uitdrukking, verskaf 'n Kaapse kleur en informele styl aan die sosiale blad.

Die Kaapse spelling vind ook soms neerslag in die grappies, byvoorbeeld.

1. "Boetie, Mamma wag **virrie** aartappels, man. Vir wat huil **djy** nou- het somebody **djou** geskud?" "**Nei**, Sussie, **issie dittie**," sê Boetie. (*Son*, 16 Februarie 2012, p. 14).

Die gebruik van die Kaapse spelling in die grappie word in hierdie geval aangewend vir humor en sluit aan by Willemse (2012) dat Kaaps steeds gebruik word vir humor en om die sprekers van Kaaps as onnosel en naïef uit te beeld, sien weer 2.2.6.2.

---

<sup>8</sup> Aangesien die fonologiese verskynsels voorbeelde is wat in *Son*-artikels verskyn het, word die uitspraak nie foneties weergegee nie, maar geskryf soos dit in die betrokke *Son*-artikel gespel is.

### 4.3 Standaardafrikaans in *Son*-artikels

Die taalgebruik in *Son* is egter nie net van informele aard nie, maar die demotiese of Kaapse Afrikaans word afgewissel met Standaardafrikaans. Sommige artikels word uitsluitlik in Standaardafrikaans geskryf. Hierdie artikels sluit veral sportberigte en harde nuus in wat ook in ander dagblaie verskyn. In sulke gevalle word die hele artikel in Standaardafrikaans geskryf terwyl slegs die kop van die artikel in sommige gevalle Kaapse of demotiese Afrikaanse elemente bevat. In ander artikels word Standaardafrikaans vermeng met Engelse woorde of Kaapse uitdrukkings. Voorbeelde van Standaardafrikaans wat voorkom in *Son* is die volgende:

1. *Son* **verneem** die polisie het reeds vroeër vir maatskaplike dienste gewaarsku oor die **haglike omstandighede** waarin die seuntjie geleef het. (*Son*, 16 Februarie 2012, p.2)
2. Die kinders was **ten tyde van die voorval** besig om buite te speel. (*Son*, 8 Mei 2013, p. 5)
3. Cecil Brown (40), **vermeende** leier van die Mongrels, het gister **vlugtig** in die Wynberg-landdroshof verskyn. (*Son*, 7 Mei 2013, p.5)
4. Die Valke **swyg** oor 'n berig dat die polisie en die staatsveiligheidsagentskap (SSA) die opleiding van Al-Kaïda-“terroriste” in Suid-Afrika **gemonitor**, maar niks gedoen het nie. (*Son*, 14 Mei 2013, p. 9)
5. Die taxi-geweld wat die laaste paar weke in Delft **woed**, kan na Blackheath en omliggende gebiede versprei. (*Son*, 11 Oktober 2013, p.2)
6. Hy het **ter versagting van sy vonnis** getuig nadat die hof hom skuldig bevind het aan die moord op Michael van Eck, 'n man van Welkom, in 2011. (*Son*, 31 Oktober 2012, p. 8)
7. Die **nypende** tekort aan vaardige ambagsmanne **hou negatiewe gevolge in** vir dienslewering in die land. (*Son*, 15 Desember 2011, p. 3)
8. Kapt. Marie Louw sê die plek was eers 'n drug-huis wat **verbeurd** verklaar is. (*Son*, 8 Mei 2013, p. 6)

9. **Snelaanval** is **giftigste** sê Donald oor SA boulers (*Son*, 31 Oktober 2012, p.36)
10. Die Springbokvleuel is **beloon** vir sy uitstekende **spelpeil** vir die Stormers in vanjaar se Superrugby-reeks. (*Son*, 2 November 2012, p.47)
11. Die **kolf-ineenstorting** het weer **skokgolwe** deur die land gestuur. (*Son*, 15 Desember 2011, p.47)
12. Santos het gisteraand in die Dobsonville-stadion 'n **groot knou** gekry toe hy met 2-3 teen Moroka Swallows in 'n Premierliga-sokkerwedstryd **vasgeval** het. (*Son*, 16 Februarie 2012, p.24)

#### 4.4 Samevattend

Volgens die ontleding van verskeie *Son*-artikels wat in hierdie studie bespreek is, is my bevinding in teenstelling met die resultate van die vraelys soos gesien kan word in figuur 3.2 en 3.3, dat die taalgebruik in die poniekoerant *Son*, nie as uitsluitlik Kaaps beskou kan word nie, maar dat daar eerder 'n diglossie-verhouding bestaan tussen die Klassieke of Standaardafrikaans, demotiese Afrikaans en Kaapse Afrikaans aangesien die verskillende variëteite in afwisseling naas mekaar in die koerant gebruik word, hetsy binne een artikel of tussen verskillende artikels binne een uitgawe van die koerant of selfs in dieselfde sin.

Die taalgebruik in *Son* toon 'n hoë gebruiksfrekwensie van direkte Engelse ontlenings, sowel as woorde waarvan die invloed van Engels duidelik te bespeur is soos die morfologiese inbedding van Engelse lemmas in die verledetydsmorfeem, samestellings tussen Afrikaans en Engelse woorde sowel as Engelse woorde wat klankmatig verafrikaans is. Dit alles is kenmerke van Kaaps.

Kaapse woorde en uitdrukkings kom ook voor in *Son*, maar die gebruiksfrekwensie is heelwat laer as dié van die Engelse woorde. Die Engelse woorde *boyfriend* en *girlfriend* word byvoorbeeld herhaaldelik gebruik in *Son* en verkies bo die Kaapse ekwivalent, byvoorbeeld *burk*, *motta of motjie*

*en kin(d)*. So ook word daar byna glad nie gebruik gemaak van Arabiese woorde wat verbind word met die Moslemkultuur en deel vorm van Kaaps nie.

Kaapse elemente in die sinstruktuur van die artikels, kom voor, maar baie selde en word slegs gebruik wanneer 'n Kaapssprekende bron se direkte woorde aangehaal word. Die sintaktiese variasie wat Kaaps toon soos bespreek by 2.2.6.3 soos die herhaling van sekere woorde, die gebruik van die saam+met- konstruksie, die hervatting van die onderwerp in die voornaamwoordelike vorm ens. vind egter byna glad nie neerslag in die beriggewing van *Son* nie.

Morfologiese verskynsels van Kaaps vind ook weinig neerslag in die taalgebruik van *Son*. Dit is buiten die invloed van Engels op die morfologiese aard van Afrikaanse woorde. Die reduksie van sekere leksikale items bv. *van* in plaas van *want*, die redundante gebruik van graadtrapmorfeme, bv. *bietere* (beter), die nie-emfatiese adjektiefverbuiging, bv. *mooie* blomme en die gebruik van die besitlike voornaamwoord *onse* in plaas van *ons* in attributiewe posisie, bv. *onse* mense, soos bespreek by 2.2.6.3, is morfologiese verskynsels van Kaaps wat byna glad nie neerslag vind in die taalgebruik van *Son* nie.

Die fonetiese variasie van Kaaps kom ook selde voor in die spelling van woorde in *Son* en word slegs nou en dan gebruik in byvoorbeeld 'n grappie of 'n opskrif waar die spelling in verband gebring kan word met 'n aanhaling in die berig of aandag wil trek. Alhoewel die Kaapse spelling, die uitspraak van Kaaps sal reflekteer, toon die response van die vraelys dat die deelnemers die Standaardafrikaanse spelling verkies bo die Kaapse spelling, sien weer die bespreking van figuur 3.10. Dit is moontlik as gevolg van hierdie voorkeur van Standaardafrikaanse spelling onder die lesers, dat Kaapse spelling minimaal in die koerant gebruik word.

Die manier waarop Kaaps in *Son* uitgebeeld word, is dus beperk tot woordgebruik en Kaapse uitdrukkings, sowel as die vermenging van Afrikaans en Engels, wat op sy beurt ook as demotiewe Afrikaans beskou kan word. Om



die rede kan die taalgebruik in *Son* nie beskou word as 'n ware weerspieëling van Kaaps soos dit gepraat word deur die sprekers van Kaaps nie. Die kritiek wat Willemse (2012) jeens die gebruik van Kaaps in die geskrewe vorm het, sien weer 2.2.6.2, kan dus ook op *Son* van toepassing gemaak word aangesien Kaaps ook “formule-agtig” uitgebeeld word aangesien daar slegs op een aspek gefokus word, nl. die leksikale variasie en spesifiek die hoë gebruiksfrekwensie van Engelse woorde. Daar is egter baie ander strategieë wat aangewend kan word om 'n ware weerspieëling van Kaaps in die poniekoerant, *Son* te gee, soos om ook aandag te gee aan Kaapse sinskonstruksie, morfologiese kenmerke van Kaaps aan te wend en die fonologiese kenmerke van Kaaps in die spelling weer te gee. Kenmerkende Kaapse woorde en idiomatiese taalgebruik kan ook meer frekvent gebruik word.

Wat wel belangrik is om op te let, is 'n aspek wat ook by die bespreking van die data van die vraelyste na vore gekom het, naamlik dat die taalgebruik in *Son*-artikels wat nie in Standaardafrikaans geskryf is nie, beskou kan word as 'n populêre taal wat aantreklik is vir baie lesers, sien weer tabel 3.2. Om die rede kan ons die taalgebruik in die artikels van *Son* wat nie Standaardafrikaans gebruik nie, beskou as demotiese Afrikaans met Kaapse elemente. Alhoewel die taalgebruik dus nie as uitsluitlik Kaaps beskou kan word nie, vind die Kaapssprekende leser aanklank by die taalgebruik en kan hy daarmee identifiseer aangesien dit 'n populêre taal is wat Kaapse elemente bevat.

#### **4.5 Slotopmerking**

Die bevinding van die navorsing wat in hierdie hoofstuk bespreek is, is dat die taalgebruik in *Son* nie 'n ware weerspieëling van Kaaps is nie, maar dat sommige artikels wel Kaapse merkers bevat. Wanneer die taalgebruik in die koerant in geheel beskou word, bestaan daar eerder 'n verhouding van diglossie tussen Standaardafrikaans, demotiese Afrikaans en Kaapse Afrikaans. Hoofstuk 5 sal die gevolgtrekkings aantoon wat uit die studie

gemaak kan word sowel as die tekortkominge en moontlike onderwerpe vir verdere studie bespreek.

## Hoofstuk 5 Samevatting

### 5.1 Bevindinge

In hierdie studie is die taalgebruik in *Son* ondersoek as verteenwoordigend van een van die variëteite van Afrikaans, naamlik Kaaps, soos dit voorkom in die Kaapse Skiereiland. Die mate waartoe Kaapssprekende tienerlesers met die taalgebruik in *Son* identifiseer en hul persepsie van Kaaps, is ook ondersoek.

Na aanleiding van die empiriese ondersoek in die voorafgaande hoofstukke wat andersyds bestaan uit data wat verkry is uit die vraelyste en andersyds data verkry uit die teksanalise van die artikels uit *Son*, kan die bevindinge ook verdeel word uit dit wat afgelei word uit die kwantitatiewe en die kwalitatiewe resultate.

#### 5.1.1 Vraelys

Die bevindinge van die studie wat uit die resultate van die vraelys spruit, toon dat die deelnemers die taalgebruik in die *Son*-artikel hoofsaaklik as 'n ware weerspieëling van Kaaps beskou, (sien egter die bevindinge verder ten opsigte van die teksanalise) maar dit is ook as informele Afrikaans deur die deelnemers geïdentifiseer. Alhoewel die deelnemers self sprekers van Kaaps en informele Afrikaans is, het hulle nie die taalgebruik in die *Son*-artikel meer aantreklik gevind as die Standaardafrikaans-artikel nie.

In teenstelling met die positiewe beskouing wat die deelnemers van Standaardafrikaans en Engels het, wat geassosieer word met rykdom en welvaart, toon die resultate van die vraelys dat die deelnemers steeds 'n negatiewe persepsie het van Kaaps en die taal wat in *Son* gebruik word. Hulle beskou die taalgebruik as “verkeerde” Afrikaans en die sprekers van die variëteit as onopgevoed. Die taalgebruik word ook in sommige gevalle as grappig beskou en word dus nie ernstig opgeneem soos Standaardafrikaans

nie. Kaaps word dus steeds as 'n minderwaardige taal of variëteit van Afrikaans beskou. Die meerderheid van die deelnemers is ook gekant teen die vermenging van Afrikaans en Engels in koerante aangesien dit volgens hulle onprofessioneel, verwarrend, en verkeerd is.

Daar was nie 'n pertinente positiewe of negatiewe houding onder die deelnemers ten opsigte van die weerspieëling van die Kaapse uitspraak in die spelling van die *Son*-artikels nie. Die meerderheid van die deelnemers het wel die Standaardafrikaanse spelling bo die van die Kaapse spelling verkies aangesien hulle die Kaapse spelling as “verkeerd” beskou en die koerant beskou as 'n hulpmiddel om hulle Afrikaanse taalgebruik en spelling te verbeter. Die negatiewe persepsie wat die deelnemers van Kaaps het, word dus ook uit hierdie respons duidelik. Daarenteen word Standaardafrikaans as die “korrekte” variëteit beskou wat met kundigheid en professionaliteit gepaardgaan.

Alhoewel hulle 'n negatiewe siening van Kaaps het, identifiseer die deelnemers tot 'n groot mate met die taal wat in *Son* gebruik word aangesien hulle dit beter verstaan as Standaardafrikaans, hulle self so praat en hulle dit beskou as die taal wat deur hulle vriende en gemeenskap gepraat word. Hulle beskou Kaaps steeds as 'n kleurvariëteit wat deur bruin mense gepraat word en assosieer dit met 'n spesifieke geografiese area, nl. die Kaapse Vlakte, Mitchells Plain, Steenberg, Lavender Hill en Retreat. Volgens die response van die deelnemers kan ons Kaaps dus steeds beskou as 'n sosiolek sowel as 'n geolek.

Alhoewel die deelnemers aan die vraelys die taalgebruik in *Son* as 'n ware weerspieëling van Kaaps beskou, het hulle slegs reageer op een artikel wat in *Son* verskyn het wat tot 'n groot mate verskil van Standaardafrikaans. 'n Teksanalise is dus ook gedoen op verskeie artikels wat in verskillende uitgawes van *Son* tussen Desember 2011 en Oktober 2013 verskyn het.

### 5.1.2 Teksanalise

Die bevindinge wat die teksanalise getoon het, is in teenstelling met die response op die vraelys en Edwin Lombard (Persoonlike korrespondensie, 2012) en De Vries (2012) se beskouing van die taalgebruik in *Son*. Dié bevindinge toon dat die taalgebruik in *Son* nie as 'n ware weerspieëling van Kaaps beskou kan word nie, maar dat dit eerder 'n informele Afrikaans is wat Kaapse elemente of merkers bevat.

Die belangrikste kenmerk van die taalgebruik in *Son* is die vermenging van Afrikaans en Engels. Alhoewel dit ook een van die kenmerkendste eienskappe van Kaaps is, is die hoë mate van Engelse invloed ook die prominentste kenmerk van demotiese Afrikaans. Om dié rede kan die vermenging van Afrikaans en Engels en die invloed van Engels op Afrikaanse woorde soos wat dit voorkom in die taalgebruik van *Son*, nie as uitsluitlik Kaaps beskou word nie.

Engels vind neerslag in die taalgebruik van *Son*-artikels, koppe en onderskrifte by foto's deur Engelse woorde en uitdrukkings wat direk aan Engels ontleen word. Die Engelse woorde hou veral verband met spesifieke domeine soos die regstelsel, polisie, dwelmverwante aktiwiteite en sosiale en maatskaplike kwessies. Afrikaanse woorde wat in die artikels gebruik word, toon dikwels invloed van Engels deurdat Engelse woorde klankmatig verafrikaans word, bv. *spietkop* (speed cop) en die verafrikaansing van Engelse woorde deur die morfologiese inbedding van Engelse ontlenings in die verledetydsvorm, in die graadtrapmorfeme en deur samestellings tussen Engelse en Afrikaanse woorde. Verder word Engelse uitdrukkings verafrikaans deur die oorskakeling na Afrikaanse woorde in die uitdrukking asook die direkte vertaling van die Engelse uitdrukking in Afrikaans. Engelse woorde en uitdrukkings kom frekwent voor in artikels van *Son* en die invloed van Engels op Afrikaans is ook duidelik sigbaar. Die invloed van Engels blyk dus 'n belangrike eienskap van die taalgebruik van *Son* te wees.

Merkers van Kaaps kom ook voor in die artikels, koppe en onderskrifte by foto's, maar tot 'n mindere mate as die Engelse elemente. Die Kaapse kenmerke wat in die taalgebruik van *Son* voorkom, is hoofsaaklik beperk tot leksikale items en uitdrukkings. Weereens is daar spesifieke Kaapse woorde wat gereeld gebruik word bv. *boere* (polisie), *laaities* of *jongens* (seuns), *mang* (tronk toe gaan) en woorde wat verband hou met die dwelm tik soos *getik*, *tiklollie* en *tikkop*. Tog word die Engelse woord dikwels gebruik bo die Kaapse ekwivalent wat bestaan, bv. *boyfriend* en *girlfriend* wat eerder gebruik word as die Kaapse ekwivalent *burk*, *motta of motjie* en *kin(d)*. Dit dui daarop dat Engels 'n groter rol speel in die taalgebruik van *Son* as Kaaps. Ook Kaapse woorde wat verband hou met die Moslemkultuur kom byna glad nie voor in die taalgebruik van *Son* nie.

Die Kaapse woorde en uitdrukkings wat voorkom in *Son* is hoofsaaklik beperk tot die direkte woorde van die bronne en lesers en tot 'n mindere mate dié van die verslaggewer. Die teemtante-rubriek, *Moan by Antie Mona* bevat wel heelwat Kaapse elemente. Kaapse woorde en uitdrukkings word verder gereeld in koppe en subopskrifte gebruik en skep die indruk dat dit gebruik word om aandag te trek.

Die gebruik van Kaapse woorde en uitdrukkings hou verder ook verband met die aard van die artikel en spesifieke inhoud soos gemeenskapstories, skindernuus en stories van 'n sensasionele aard. Daarenteen word Standaardafrikaans gebruik in harde nuus en veral in sportberigte.

Die weerspieëling van Kaaps in die sinskonstruksie van die taalgebruik in *Son*-artikels kom weinig voor en is beperk tot die direkte woorde van 'n bron wat aangehaal word. Sintaktiese verskynsels van Kaaps soos die gebruik van *die* voor 'n plek of straatnaam of die setselverdubbeling van *in* of *uit*, kom byna glad nie voor nie.

Buiten vir die invloed wat Engels op die woordvorming van Afrikaanse woorde het, vind die morfologiese verskynsels van Kaaps, soos die reduksie van sekere leksikale items, die redundante gebruik van graadtrapmorfeme, die

nie-emfatiese adjektiefverbuiging en die gebruik van die besitlike voornaamwoord *onse* in plaas van *ons* in attributiewe posisie, ook byna glad nie neerslag in *Son* nie.

Ook die fonetiese variasie van Kaaps, vind nie werklik neerslag in die spelling van woorde in *Son*-artikels nie. Die enkele kere wat dit wel gebruik word, kom dit voor in die kop van 'n artikel waar dit weereens aangewend word om aandag te trek, of in 'n grappie waar die doel van die spelling is om humor te bewerkstellig. In die laaste geval word Kaaps weereens aangewend om die sprekers van Kaaps as naïef en onnosel uit te beeld, beeld dit Kaaps uit as 'n grappigheid en ondermyn dit steeds die waardigheid van Kaaps.

*Son* is aanvanklik gekenmerk deur krutaalgebruik en vulgariteit wat in artikels en veral koppe van die artikels gebruik is. Vandag word daar wegbeweeg van die gebruik van taboewoorde, maar dit kom wel nog tot 'n mindere mate voor in die beriggewing van *Son*. Dit word veral in die teemtante-rubriek, *Moan by Antie Mona*, die motor-bylae, *Son-wiele*, en tot 'n mindere mate in die koppe van artikels gebruik. Die gebruik van taboewoorde is nie 'n kenmerk van Kaaps nie, maar is eerder 'n populêre taalvorm en om die rede kan dit beskou word as 'n kenmerk van demotiese Afrikaans.

Die taalgebruik wat in *Son* voorkom, is egter nie uitsluitlik 'n vorm van informele Afrikaans nie, maar sommige artikels, soos vroeër genoem harde nuus en sportberigte, word hoofsaaklik in Standaardafrikaans geskryf. Daar bestaan dus 'n diglossie-verhouding in die koerant as geheel deurdat sommige artikels in die klassieke variëteit (Standaardafrikaans) geskryf is terwyl ander artikels 'n demotiese Afrikaans gebruik wat 'n informele Afrikaans is met Kaapse merkers. Ook binne een artikel vind diglossie plaas deurdat demotiese Afrikaans afgewissel word met klassieke Afrikaanse uitdrukkings en woorde.

Om dié rede, sowel as die afwesigheid van Kaapse elemente op fonetiese, sintaktiese en morfologiese vlak, die afwesigheid van leksikale items wat met die Moslemkultuur verband hou en die feit dat Kaapse woorde en uitdrukkings

nie in alle artikels neerslag vind nie, kan die taalgebruik in *Son* nie as 'n ware weerspieëling van Kaaps beskou word nie, maar eerder as 'n informele, populêre demotiese Afrikaans wat Kaapse elemente bevat.

### 5.1.3 Algemene bevindinge

Alhoewel die taalgebruik nie as uitsluitlik Kaaps beskou kan word nie, toon die resultate van die studie dat die Kaapssprekende tienerleser wel tot 'n groot mate met die taalgebruik van *Son*-artikels wat afwyk van Standaardafrikaans, identifiseer juis omdat dit ooreenkomste toon met hulle eie taalgebruik. Die ooreenkomste sluit in die gebruik van Engelse woorde en uitdrukkings, die invloed van Engels op hulle Afrikaanse taalgebruik sowel as die Kaapse woorde en uitdrukkings wat plek-plek in *Son* gebruik word.

Die taalgebruik in *Son* kan om dié rede wel as 'n deurslaggewende rolspeler in die sukses van *Son* beskou word. Alhoewel dit nie 'n ware weerspieëling van Kaaps is soos gepraat deur sy lesers nie, identifiseer die Kaapssprekende tienerleser met die taalgebruik omdat dit ooreenkomste toon met hulle eie taalgebruik.

## 5.2 Tekortkominge en verdere studies

Die tekortkominge van die studie is dat die deelnemers aan die empiriese navorsing beperk was tot Kaapssprekende *tieners*. Die feit dat die deelnemers skoolgaande tieners was, het 'n invloed gehad op hulle persepsie en houding van Kaaps en Standaardafrikaans, naamlik dat Standaardafrikaans die "korrekte" vorm van Afrikaans is en die variëteit is waarna hulle streef om te praat aangesien dit die variëteit is wat op skool gebruik word en verbind word met akademiese sukses. Die feit dat die vraelyste afgeneem is in 'n skoolklaskamer kon ook die response ten opsigte van hulle siening van Kaaps en Standaardafrikaans beïnvloed het. Verdere studie is nodig om te bepaal of volwasse lesers van *Son* dieselfde houding het van Kaaps, Standaardafrikaans en die taal wat in *Son* gebruik word.



Aangesien 'n taalverskuiwing na Engels besig is om plaas te vind onder bruin tieners op die Kaapse Vlakte deurdat hulle ouers hulle in Engels grootmaak en in Engelse skole plaas, sal die mate waarmee hulle identifiseer met Kaaps ook moontlik verskil van volwasse sprekers van Kaaps. Verdere studie sal bepaal of volwasse Kaapssprekendes tot dieselfde mate of tot 'n groter mate identifiseer met die taalgebruik in *Son*.

Die studie was verder beperk tot 71 Kaapssprekende tieners wat in 'n spesifieke geografiese area woon, nl. die suidelike voorstede van Kaapstad en Mitchells Plain en ook deel vorm van 'n lae sosio-ekonomiese groep. Die resultate is dus nie verteenwoordigend van alle Kaapssprekende tieners nie. Verdere studie is nodig om te bepaal of die Kaapssprekende tieners van ander sosio-ekonomiese groepe wat woonagtig is in ander geografiese areas, byvoorbeeld die Noordelike voorstede van Kaapstad of die Wes-Kaapse platteland, ook met die taalgebruik in *Son* identifiseer en ook dieselfde negatiewe persepsie van Kaaps het.

Die navorsingsgroep het ook nie net uit bruin tieners bestaan nie, maar het ook 'n paar wit tieners ingesluit. Daar is egter nie 'n vergelykende studie in terme van ras gedoen om te bepaal tot watter mate die bruin tieners tot 'n meerdere of mindere mate identifiseer met die taalgebruik in *Son* as die wit tieners nie.

Die vraelys het voorts ook net betrekking gehad op een artikel wat in *Son* verskyn het waarvan die taalgebruik tot 'n groot mate verskil van Standaardafrikaans en wat gehandel het oor 'n onderwerp waarmee hulle kon identifiseer. Dit toon dus net die tienerleser se identifisering met die taalgebruik van *Son*-artikels wat tot 'n groot mate verskil van Standaardafrikaans en nie die taalgebruik van artikels wat in Standaardafrikaans geskryf is en waarvan die inhoud nie ooreenstem met hulle verwysingsraamwerk nie. Verdere navorsing is dus nodig om te bepaal tot watter mate die Kaapssprekende tienerleser met die taalgebruik in *Son* as geheel identifiseer.

Alhoewel die studie nie taalverskuiwing ondersoek het nie, het dit aan die lig gekom in die ondersoek dat 'n taalverskuiwing na Engels besig is om toenemend plaas te vind onder die Afrikaanse bruin gemeenskappe, veral onder tieners aangesien ouers hulle kinders in Engelse skole plaas waar Engels as voertaal gebruik word. Ondersoeke na die taalverskuiwing onder bruin gemeenskappe is reeds gedoen deur Dyers (2007, 2008), maar die ondersoek was beperk tot Wesbank, 'n woonbuurt in die Noordelike voorstede van Kaapstad. 'n Ondersoek na die taalverskuiwing onder Afrikaanse bruin gemeenskappe, die redes vir die taalverskuiwing en die implikasies wat dit inhou in ander dele van die Kaapse Skiereiland en die res van Suid-Afrika, is 'n studieonderwerp wat verder nagevors kan word.

Die studie het ook getoon dat die deelnemers aan die empiriese navorsing gereeld van kode verwissel. Verdere studie kan gedoen word om te bepaal tot watter mate die Kaapssprekende tieners kodewisseling gebruik, watter kode hulle in spesifieke omstandighede en domeine gebruik, asook die redes vir die kodewisseling.

Alhoewel hierdie studie getoon het dat die deelnemers aan die studie 'n negatiewe houding teenoor en persepsie van Kaaps het, toon ander studies soos Saal en Blignaut (2011) en McCormick (2002) dat Kaapssprekendes vandag 'n positiewer houding het oor Kaaps. Verdere studie kan gedoen word onder ouer en jong Kaapssprekendes om te bepaal of daar 'n veranderende persepsie van Kaaps as 'n variëteit van Afrikaans is. So 'n ondersoek kan ook onder die gebruikers van Standaardafrikaans gedoen word, om te bepaal of die negatiewe persepsie wat dié sprekers van Afrikaans van Kaaps gehad het, verander het.

Ander moontlike onderwerpe vir verdere studie sluit in 'n ondersoek na die gebruik van Kaaps in die media, onder andere gemeenskapsradiostasies soos Radio Atlantis, Radio Kaapse Punt en Bush Radio wat almal 'n vorm van Kaaps gebruik. Ook die gebruik van Kaaps in die vermaaklikheidsbedryf, insluitende film, televisie, verhoog, musiek en kletsrym, kan ondersoek word.

Verder kan die gebruik van Kaaps in die letterkunde in verdere studies ondersoek word. 'n Moontlike onderwerp wat nagevors kan word, is die wyse waarop Kaaps vandag in die letterkunde aangewend word en tot watter mate dit verskil van die wyse waarop dit in die verlede aangewend is. Die gebruik van Kaaps deur 'n skrywer soos Nathan Trantraal kan in so 'n vergelykende studie vergelyk word met die aanwending van Kaaps in die letterkunde deur byvoorbeeld Adam Small.

Die verband tussen huistaal en skolastiese prestasie kan ook in verdere studies ondersoek word waar huistaal verband hou met 'n spesifieke variëteit, naamlik Kaaps. Die ondersoek hou verband met die vraag of Kaapssprekende leerders swakker vaar op skool en in die Afrikaansklas as gevolg van die feit dat Kaaps hulle moedertaal is en nie Standaardafrikaans nie.

Laastens kan die mate waartoe Kaaps kan bydra tot die herstandaardisering van Afrikaans ondersoek word. Die herstandaardisering van Afrikaans is 'n onderwerp wat tans baie aktueel is en daar is reeds studies en ondersoeke oor die onderwerp gedoen deur onder andere Odendaal (2012a). 'n Onderzoek wat die rol wat Kaaps kan speel in die proses van herstandaardisering, kan dus aansluit by vorige studies en 'n bydrae lewer tot die debat van herstandaardisering.

### **5.3 Slotopmerking**

Kaaps is een van die oudste variëteite van Afrikaans wat volgens Van Rensburg (2012:148,149) reeds deur verskeie taalkundiges soos W.J.C. Boonzaaier (1982), H. den Besten (1987, 1989) F. Hendricks (1978), R.M Klopper (1983,1984), E.Kotzé (1983, 1984) en I. van de Rheede (1983) nagevors is. Tog bly dit 'n studieonderwerp wat nog vele navorsingsgeleenthede bied aangesien dit 'n lewendige taal is wat voortdurend vernuwe en ontwikkel en wat binne die demokratiese Suid-Afrika nie meer beperk is tot 'n spreektaal nie, maar neerslag vind in alle vlakke van die samelewing soos die media, vermaaklikheidsbedryf, musiek en die letterkunde. Alhoewel Kaaps steeds nie die waardigheid het wat dit verdien nie en moet kompeteer met ander tale wat 'n hoër status het, soos Engels en

die standaardvariëteit van Afrikaans, bly dit die hartstaal van die mense wat dit praat. Om die rede is Adam Small (1972:99) se woorde vandag steeds relevant:

*” ...die waarheid is dat hierdie taal (Kaaps) ’n volwaardige taal [taalvariëteit JB] is- geen snaaksigheid nie, geen koddigheid nie – waarin mense gebore word (hulle eerste skreeu in die lewe is in hierdie taal), lewe, en sterf (hulle laaste geroggel is in hierdie taal). Dis taal wat die hele noodlot van ’n hele stuk lewe dra. “*

## Bronnelys

Adhikari, M. (red.) 1996. *Straatpraatjies. Language, politics and popular culture in Cape Town, 1909-1922*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Ads24. 2012. <http://www.ads24.co.za/publication>. Toegang: 7 November 2012.

Appel, R & Muysken, P. 1987. *Language contact and bilingualism*. Londen: Edward Arnold.

Biressi, A & Nunn, H. 2008. *The tabloid culture reader*. Berkshire: Open University Press.

Bosch, B. 2000. Ethnicity markers in Afrikaans. *International journal of the sociology of language*, 144:51-68.

Botha, M. 2009. *Die geelpers in Suid-Afrika. 'n Analise van die Kaapse Son, Daily Voice en Daily Sun*. Ongepubliseerde magisterverhandeling. Universiteit van Stellenbosch.

Botha, T.J.R. 1989. Afrikaans sedert die negentiende eeu. In: Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrinck, J.G.H. & Odendal, F.F. (reds.). *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde (Tweede Hersiene Uitgawe)*. Pretoria: Academia. pp. 127-154.

Botma, G. 2011. Tabloid journalism in South Africa deur Herman Wasserman. *Die Burger*, 30 Mei.

Bowers, D.L. 2006. *Grammatical constraints and motivations for English/Afrikaans codeswitching: Evidence from a local radio talk show*. Ongepubliseerde magisterverhandeling. Universiteit van die Wes-Kaap.

Carstens, A. & Grebe, H. (reds.). 2001. *Taallandskap: Hulledigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik.

Coetzee, A. 2005. Dialekmerkers in Afrikaanse literatuur. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 39(1):35-50.

Coulmas, F. 2005. *Sociolinguistics. The study of speakers' choices*. New York: Cambridge University Press.

Davids, A. 1994. Afrikaans- die produk van akkulturasie. In: Olivier, Gerrit en Coetzee, Anna (reds.). *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans*. Pretoria: Southern Uitgewers. pp. 110-119.

Dekker, L. 1991. Vloek, skel en vulgareit: Hantering van sosiolinguistiese aanstootlike leksikale items. *Lexikos Vol 1*. pp. 52-60.

De Vries, A. 2004. Maleier-Afrikaans kry plek in AWS. *Rapport*: 5 September.

De Vries, A. 2006. Kaaps, taal van my hart. *Rapport*, 23 Julie.

De Vries, A. 2012. Kaaps in koerante. Lesing gelewer tydens simposium *Kaaps in fokus*, 19-20 Julie 2012, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville.

De Vries, A. 2013. Kaaps behoort nie net aan sy sprekers nie, maar aan elkeen wat Afrikaans is. *Rapport*: 11 Augustus.

Downes, W. 1984. *Language and society*. Londen: Fontana Paperbacks.

Downes, W. 1998. *Language and society (Second Edition)*. Cambridge: Cambridge University Press.

Du Plessis, H. 1983. Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers. In: Claassen, G.N. & van Rensburg, M.C.J. (reds.). *Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie*. Pretoria:Academica. pp. 43-62.

Du Plessis, H. 1988. *Variasietaalkunde*. Pretoria: HAUM

Du Plessis, H. 1995. Taalkontakvariasie in Afrikaans. In: Olivier, Gerrit en Coetzee, Anna (reds.). *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans, opgedra aan Edith H. Raidt*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers. pp. 120-129.

Du Plessis, H. 2001. Die ontwikkeling van die Afrikaanse variasietaalkunde. In: Carstens, A en Grebe, H. (red.). *Taallandskap. Huldigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik. pp. 69-80.

Du Plessis, T. 2005. Om die ponies te ry of nie. *Rapport*. 24 April.

Dyers, C. 2007. An investigation into the role of the Afrikaans Language in indexing the individual and collective self among some township youth in South Africa. *The Journal of International Social Research*, 1(1): 83-101.

Dyers, C. 2008. Language shift or maintenance? Factors determining the use of Afrikaans among some township youth in South Africa. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 38:49-72.

Edwards, J. 1995. *Multilingualism*. Londen:Penguin Books.

Erasmus, D. 2006. *Funksies van taalvariasie in die Afrikaanse toneelkuns*. Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Universiteit van Stellenbosch.

Feinauer, A.E. 1981. *Die taalkundige gedrag van vloekwoorde in Afrikaans*. Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Universiteit van Stellenbosch.

Fromkin, V. & Rodman, R. 1983. *An introduction to language. (Third Edition)*. Japan: Holt-Saunders International Editions.

Fromkin, V. & Rodman, R. 1998. *An introduction to language. (Ninth Edition)*. Boston, MA: Wadsworth, Cengage Learning.

Grebe, H.P. 1999. Oosgrensafrikaans as teoretiese konstruk onder die loep. *Literator*, 20(2): 47-57.

Hall, J. 2003. *Teaching and researching language and culture*. Londen: Pearson.

Harber, A. 2004. Poniepers op 'n galop. Politici moet kennis neem van wye invloed. *Volksblad*: 5 November.

Hendricks, F. S. 1978. *'n Sinchronies-diachroniese studie van die taalgebruik in die drama Kanna hy kô hystoe van Adam Small*. Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Universiteit van Wes-Kaapland

Hendricks, F. 1996. Kaaps: afwisseling met Engels is spontaan. *Afrikaans Vandag*, September 1996: 8-9

Hendricks, F. 2012a. Om die miskende te laat ken. 'n Blik op Adam Small se literêre verrekening van Kaaps. *Tydskrif vir Letterkunde*, 49 (1): 95-114.

Hendricks, F. 2012b. Die aard en konteks van Kaaps: 'n verledetydse, eietydse en toekomstperspektief. Lesing gelewer tydens simposium *Kaaps in fokus*, 19-20 Julie 2012, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville.

Holmes, J. 1992. *An introduction to Sociolinguistics*. New York: Longman.

Hugo, D. (red.). 2009. *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Johnston, M.A. 2006. *Die afname van leerdergetalle by 'n Hoërskool in 'n sub-ekonomiese woonbuurt van Kaapstad*. Ongepubliseerde magisterverhandeling. Universiteit van die Wes-Kaap.



Kannemeyer, J.C. 1965. *Die stem in die literêre kunswerk*. Kaapstad, Bloemfontein: Nasou.

Karaan. M. 2009. Afrikaans en die Kaapse Moslem-gemeenskap vandag. *Litnet*. [http://www.givengain.com/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=75395&cat\\_id=163](http://www.givengain.com/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=75395&cat_id=163). Toegang: 3 Februarie 2012

Kleinhans, H. 1988. Kaaps kan dalk 'standaard' oorleef. *Die Burger*. 23 Maart.

Klopper, R.M. 1983. Taalsisteemvariasie in Kaapse Afrikaans. In: Sinclair, A.J.L. (red.). *G.S. Nienaber – 'n hulledeblyk. Studies opgedra aan prof. G.S. Nienaber in sy tagtigste jaar*. Kaapstad. UWK Drukkery. pp. 275-296.

Kotzé, E. 2001. 'n Perspektief op diachroniese prosesse in Afrikaans. In: Carstens, A. & Grebe, H. (reds.). *Taallandskap: Hulledigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik. pp. 103-111.

Kotzé, E. 2009. Hoe standaard kan 'n taal wees? Perspektiewe op die teenstrydighede van Afrikaans. *Litnet*. [http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=75742](http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=75742)  
Toegang: 3 Februarie 2012.

Kotzé, E. 2010. Wie besit die taal? *Die Burger*. 24 April.

Le Cordeur, M. 2010. Bal die vuus vir Kaaps. *Die Burger*. 11, 17 Maart.

Le Cordeur, M. 2011. Die variëteite van Afrikaans as draers van identiteit: 'n Sosiokulturele perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51 (4): 758-777.

Le Cordeur, M. 2013. Kaaps is 'straight en diep'. *Die Burger*. 8 Augustus.

Marais, D. 2013. Middagete met Nathan Trantraal: Kaaps is nie 'n joke-taal. *Die Burger*. 2 Augustus.

Matsebatlela, E.M. 2009. *South African tabloid newspapers' representation of black celebrities: A social constructionism perspective*. Ongepubliseerde magisterverhandeling. Universiteit van Stellenbosch.

McCormick, K. 2002. *Language in Cape Town's District Six*. Oxford: Oxford University Press.

Odendaal, G. 2012a. *Die herstandaardisering van Afrikaans: 'n Praktiese benadering met die AWS as gevallestudie*. Ongepubliseerde Phd-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Odendaal, G. 2012b. *Oorweeg die herstandaardisering van Afrikaans*. Departementele seminaar, Departement Afrikaans en Nederlands, US.

Odendal, F.F. & Gouws, R.R. (reds.). 2009. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk.

O'Grady, W., Dobrovolsky, M. & Katamba, F. 1996. *Contemporary linguistics. An introduction*. Londen: Longman.

Örnebring, H & Jönsson, A. 2008. Tabloid journalism and the public sphere: a historical perspective on tabloid journalism. In: Biressi, A & Nunn, H. 2008. *The tabloid culture reader*. Berkshire: Open University Press. pp. 23-33.

Ponelis, F. 1994. Standaardafrikaans in oorgang. In: February, V. (red.). *Taal en Identiteit: Afrikaans en Nederlands*. Kaapstad: Tafelberg. pp. 106-128.

Ponelis, F. 1998. *Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie*. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Ponelis, F. 2009. Die taal wat ons praat. *Die Burger*, 18 Desember.

Rabe, 2005. Poniepers: waar is die grense? 'n Nasie wat lees, is beter as een wat nie lees nie.' *Die Burger*, 12 April.

Saal, E.O. & Blignaut, J. 2011. "Moetie rai gammattaal gebrykie": Die gebruik van Kaapse Afrikaanse tienertaal in gedrukte advertensies. *Litnet*. [http://www.litnet.co.za/assets/pdf/13\\_Saal%20en%20Blignaut.pdf](http://www.litnet.co.za/assets/pdf/13_Saal%20en%20Blignaut.pdf). Toegang: 7 Februarie 2012.

Saville-Troike, M. 2005. *The ethnography of communication. An introduction*. Oxford: Blackwell Publishing.

Small, A. 1972. Adam Small in gesprek met Ronnie Belcher. *Gesprekke met Skrywers 2*. Kaapstad, Johannesburg: Tafelberg-Uitgewers. pp. 93-105.

Smith, A. 2012. Son, Storie van 'n superheld. *Taalgenoot*, Winter 2012.

*Son*, 18 Januarie 2011. Kaapstad: Media24

*Son*, 23 Januarie 2011. Kaapstad: Media24.

*Son*, 24 Januarie 2011. Kaapstad: Media24.

*Son*, 9 Desember 2011. Kaapstad: Media24.

*Son*, 15 Desember 2011. Kaapstad: Media24.

*Son*, 10 Januarie 2012. Kaapstad: Media24.

*Son*, 16 Februarie 2012. Kaapstad: Media24.

*Son*, 31 Oktober 2012. Kaapstad: Media24.

*Son*, 1 November 2012. Kaapstad: Media24.

*Son*, 2 November 2012. Kaapstad: Media24.

*Son*, 7 Mei 2013. Kaapstad: Media24.

*Son*, 8 Mei 2013. Kaapstad: Media24.

*Son*, 14 Mei 2013. Kaapstad: Media24.

*Son*, 11 Oktober 2013. Kaapstad: Media24.

*Son*, 14 Oktober 2013. Kaapstad: Media24.

South African Advertising Research Foundation. 2012. Average issue readership of newspapers/ magazines 2012.

South Africa.info. 2008. *The press in South Africa. South Africa home page.* <http://www.southafrica.info/about/media/news.htm>. Toegang: 5 November 2012.

South African Population Census 2001.  
<http://www.statssa.gov.za/census01/html/RSAPrimary.pdf>. Toegang: 19 Oktober 2012.

South African Population Census 2011.  
[http://www.statssa.gov.za/Census2011/Products/Census\\_2011\\_Key\\_results.pdf](http://www.statssa.gov.za/Census2011/Products/Census_2011_Key_results.pdf). Toegang: 19 Oktober 2012.

Sterling, P. 2000. Identity in language: An exploration into the social implications of linguistic variation. *Agora Journal*, Winter 2000.

Trantraal, N. 2013. *Chokers and survivors*. Kaapstad: Kwêla.

Truter, C. 2005. *Burgerlike joernalistiek in die Suid-Afrikaanse konteks: 'n Ondersoek na die insluiting van gemarginaliseerde gemeenskappe deur*

*herberaming met verwysing na projekte van die Cape Argus en Kaap-Rapport*. Ongepubliseerde MPhil verhandeling. Universiteit van Stellenbosch.

Van der Rheede, C. 2011. Die rol van Afrikaanse poniekoerante soos die Son in die ontsluiting van die sosiale, opvoedkundige en ekonomiese waarde van Kaapse Vernakulêre Afrikaans. *Litnet*. [http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=98769](http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=98769). Toegang: 22 Februarie 2011.

Van Rensburg, C. 2010. Vloei en stroomversnellings: Fritz Ponelis en die Afrikaanse Taalkunde. Lesing gelewer tydens *Eerste Fritz Ponelis-gedenklesing*, 28 Julie 2010. *Taaloord*. [http://www.taaloord.co.za/Gedenklesing\\_Ponelis.pdf](http://www.taaloord.co.za/Gedenklesing_Ponelis.pdf). Toegang: 5 Mei 2011.

Van Rensburg, C. 2012. *So kry ons Afrikaans*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Van Rensburg, M.C.J. 1983. Die bestudering van taalvariante. In: Claassen, G.N. & van Rensburg, M.C.J. (reds.). *Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie*. Pretoria: Academica. pp. 7-25.

Van Rensburg, M.C.J. 1989. Soorte Afrikaans. In: Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrinck, J.G.H. & Odendal, F.F. (reds.). *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Academica. pp. 436-467.

Van Rensburg, M.C.J. 1990. *Taalvariëteite en die wording van Afrikaans in Afrika*. Bloemfontein. Patmos.

Van Rensburg, M.C.J. (red.). 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Van Wyk, S. 2013. Trantraal wys met storm-lopie sy skatpligtigheid. *Die Burger*: 10 Augustus.

Viljoen, M. 2005. Tabloids: gewild, maar goed vir jou? *Stellenbosch Media Forum*.

Wardhaugh, R. 2010. *An introduction to sociolinguistics*. Malden, VSA: Blackwell.

Webb, V. 1983. Die taalwetenskap as sosiale wetenskap. In: Claassen, G.N. & van Rensburg, M.C.J. (reds.). *Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie*. Pretoria:Academica. pp. 229-246.

Webb, V. 1989. Afrikaanse variasietaalkunde. In: Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrinck, J.G.H. & Odendal, F.F. (reds.). *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde (Tweede Hersiene Uitgawe)* Pretoria: Academia. pp. 412-480.

Webb, V. 2010. Constructing an inclusive speech community from two mutually excluding ones: The third Afrikaans language movement. *Tydskrif vir letterkunde*, 47 (1):106-120.

Weideman, C. 1964. *Die bydrae van die Kleurlinge tot die Afrikaanse letterkunde*. Ongepubliseerde magisterverhandeling. Universiteit van die Witwatersrand.

Willemse, H. 2010. Kreolisering en identiteit in die musiekblyspel, Ghoema. *Stilet: Tydskrif vir die Afrikaanse letterkundevereniging*, XXI (1): 30-42.

Willemse, H. 2012. Soppangheid vir Kaaps: Oor mag, kreolisering en Kaapse Afrikaans. Lesing gelewer tydens simposium *Kaaps in fokus*, 19-20 Julie 2012, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville.

Yule, G. 2006. *The study of language (Third Edition)*. New York: Cambridge University Press

Yule, G. 2010. *The study of language (Fourth Edition)*. New York: Cambridge University Press.

Zietsman, P. 2003. Struggle-Afrikaans. *Die Burger*. 1 November.

**ADDENDUM A: E-pos onderhoud met Edwin Lombard, assistent-redakteur van *Son***

1. Beskryf asseblief die taalgebruik wat in *Son* gebruik word.  
Antw: Die taal wat in *Son* gebruik is hoofsaaklik Kaapse Afrikaans.
  
2. In julle artikels word Standaardafrikaans en 'n vorm van Kaaps (of informele Afrikaans) gebruik. Wat bepaal watter taal julle in die artikels gebruik?  
Antw: Ons gebruik die taal van ons mark. D.w.s die woorde soos in die volksmond van ons mense gepraat word.
  
3. Probeer julle die uitspraak van Kaaps weergee? M.a.w. hoe spel julle in Kaaps?  
Antw: Omdat die woorde, frases en idiome van ons mense nie deur die woordeboekskrywers erken word nie, bestaan daar nie spesifieke spellings nie en word dit hoofsaaklik foneties geskryf.
  
4. In watter opsig het die koerant verander sedert sy ontstaan i.t.v a) taalgebruik; b) inhoud en c) vloek of kru woorde? Word daar tans wegbeweeg van die aanvanklike styl van die koerant?  
Antw: (a) Ons probeer die taal so na aan die monde van die mense hou, d.w.s soos hulle praat so skryf ons. Dit is nie 'n maklike taak nie, omdat jy seker moet maak dat die woorde of frases inslag gevind het by 'n groot deel van die taalgemeenskap waarvoor jy skryf. Baie keer sal jy agterkom dat sekere woorde net deur 'n sekere deel van daai gemeenskap gebruik word soos byvoorbeeld bendes of gays.  
Antw: (b) Enige koerant moet sy inhoud geduring (sic) aanpas om by die behoeftes van die mark te pas.  
Antw: (c) Daar is reeds lankal weg beweeg van vloekwoorde of kruwoorde (sic).
  
5. Hoe sal jy julle inhoud/stories beskryf. Is die stories menslike/gemeenskapstories of sensasioneel of beide? Wat is die verhouding gemeenskapstories teenoor sensasionele stories?

Antw: Een manier om jou vraag te beantwoord is die volgende: In apartheid is die stories van bruin en swartmense nooit as nuuswaardig genoeg beskou nie. Hulle het net die voorblaaie gehaal wanneer hulle die plegers van misdaad was. Hulle drome, ideale, oorwinnings en prestasies is nooit as goed genoeg beskou nie. Die doel van die koerant is nie net om te wys dat hulle die slagoffers van misdaad en ander onregverdighede is nie, maar ook om hulle drome, ideale, oorwinnings en prestasies aan die groot klok te hang.

In die geval van poniekoerante is dit die manier hoe jy jou inhoud verpak wat die verskil maak.

6. Is julle joernaliste bruin of wit en is hulle sprekers van Kaaps of nie?  
Antw: Ons het wit, bruin en swart joernaliste. Nie een van hulle praat Kaaps nie, maar verstaan hoe hulle die taal moet weergee.

7. Wie is julle teikenmark?

Antw: Ons teikenmark is bruin lesers in die Wes- en Oos-Kaap in die LSM 3-7.

8. Het julle in die verlede kritiek gekry oor die taalgebruik in Son? Kry julle nog steeds kritiek daarvoor?

Antw: Die kritiek het slegs gekom van die bevoorregte klas, wat onder die indruk was dat hulle die monopolie op Afrikaans het. Die geskiedenis bewys egter dat diegene wat in die kombuise, tuine en fabriek gewerk het, het die grootste bydraes gemaak tot die taal en dat hulle bydraes uiteindelik deel geword het van die sogenaamde 'Standaard Afrikaans'. Dit is nog steeds besig om te gebeur.

9. Indien wel, hoe hanteer julle die kritiek? Pas julle julle skryfstyl en taal aan?

Antw: So lank as wat ons lesers ons verstaan is daar geen rede om te verander nie.



## ADDENDUM B: Vraelys

Nommer van vraelys

--	--

### VRAELYS

- Die doel van die vraelys is om jou **opinie** te kry oor die taatgebruik in koerantartikels.
- Beantwoord asseblief die vrae so **eerlik** as moontlik. Jou opinie is belangrik en daarom is daar geen regte of verkeerde antwoorde nie.
- Die vraelys word **anoniem** hanteer. Moet asseblief nie jou naam bo-aan die vraelys skryf nie.
- Beantwoord asseblief **AL** die vrae

#### AFDELING A: Persoonlike inligting

1. Hoe oud is jy? .....

Merk die gepaste blokkie met 'n X. Moenie meer as een blokkie merk nie.

2. Wat is jou geslag?

Manlik

Vroulik

3. Watter ras is jy?

Wit	
Bruin	
Swart	
Ander (Spesifiseer).....	

4. Wat is jou geloof?

Christen	
Moslem	
Ander (Spesifiseer).....	

5. Wat is jou huistaal?

Afrikaans	
Engels	
Xhosa	
Ander (Spesifiseer).....	

6. Wat is jou tweede taal?

Afrikaans	
Engels	
Xhosa	
Ander (Spesifiseer).....	

7. Wat is jou ma se huistaal?

Afrikaans	
Engels	
Xhosa	
Ander (Spesifiseer).....	

8. Wat is jou pa se huistaal?

Afrikaans	
Engels	
Xhosa	
Ander (Spesifiseer).....	

**Lees die stelling en merk die gepaste blokkie met 'n kruisie (X)**

9. Wanneer ek Afrikaans praat, gebruik ek goeie Standaardafrikaans.

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
1	2	3	4	5

Motiveer jou antwoord:

.....

.....

10. Wanneer ek Afrikaans praat, gebruik ek Engelse woorde.

Nooit	Soms	Baie	Altyd
1	2	3	4

11. Beskryf die soort Afrikaans wat jy praat.

.....  
 .....

12. Waar woon jy? .....

**AFDELING B: Gee jou mening oor die koerantartikel**

**Lees die twee koerantartikels (Teks 1 en Teks 2) en beantwoord dan die vrae daarvoor so eerlik moontlik**

1. Watter soort Afrikaans word oorwegend in TEKS 2 gebruik? Jy mag meer as een blokkie merk.

Standaardafrikaans	
Kaaps	
Informele Afrikaans	
Ander (Spesifiseer).....	

2. Watter soort Afrikaans word oorwegend in TEKS 1 gebruik? Jy mag meer as een blokkie merk.

Standaardafrikaans	
Kaaps	
Informele Afrikaans	
Ander (Spesifiseer).....	

3. Die taal wat in TEKS 1 gebruik word is Kaaps?

Merk die gepaste blokkie met 'n X.

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
-----------------	---------	----------	-----------	-------------------

4. Hoe sal jy die taalgebruik in TEKS 1 beskryf. Skryf slegs twee woorde neer om dit te beskryf. Skryf elke woord op 'n aparte reël neer.

a).....

b).....

5. Ek hou van die taalgebruik in TEKS 1?  
Merk die gepaste blokkie met 'n X.

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
-----------------	---------	----------	-----------	-------------------

6. Hoe sal jy die skrywer van TEKS 1 beskryf?

.....  
.....

7. Waar dink jy woon die skrywer van TEKS 1?

.....

**Merk die gepaste blokkie met 'n kruisie (X)**

8. Dink jy die skrywer van TEKS 1 woon in dieselfde area as wat jy woon?

JA	
NEE	

Gee 'n rede vir jou antwoord.

.....

9. Dink jy die skrywer van TEKS 2 woon in dieselfde area as wat jy woon?

JA	
NEE	

Gee 'n rede vir jou antwoord.

.....

10. Watter ras dink jy is die skrywer van TEKS 1?

Wit	
Bruin	
Swart	
Ander	

Gee 'n rede vir jou antwoord

.....

11. Watter ras dink jy is die skrywer van TEKS 2?

Wit	
Bruin	
Swart	
Ander	

Gee 'n rede vir jou antwoord

.....

12. Dink jy jy sal van die skrywer van TEKS 1 hou?

JA	
NEE	

Gee 'n rede vir jou antwoord

.....

13. Dink jy jy sal van die skrywer van TEKS 2 hou?

JA	
NEE	

Gee 'n rede vir jou antwoord

.....

14. Identifiseer jy met die taal wat in TEKS 1 gebruik word?

JA	
NEE	

Gee 'n rede vir jou antwoord.

.....

15. Identifiseer jy met die taal wat in TEKS 2 gebruik word?

JA	
NEE	

Gee 'n rede vir jou antwoord.

.....

16. Van watter teks se taalgebruik hou jy die meeste?

TEKS 1	
TEKS 2	

Gee 'n rede vir jou antwoord.

.....  
 .....

17. Wat dink jy van Afrikaanse koerantartikels wat Engelse woorde gebruik?

.....  
 .....

18. Watter taal verkies jy wanneer jy koerant lees?

Standaardafrikaans/ Formele Afrikaans	
Kaaps / Informele Afrikaans	

19. Hoe gereeld lees jy die koerant, *Son*?

Nooit	Soms	Baie	Altyd
1	2	3	4

20. Hoe gereeld lees jy die koerant, *Die Burger*?

Nooit	Soms	Baie	Altyd
1	2	3	4

Vir die volgende stellings oor TEKS 1, moet jy net een kruisie(X) maak in die gepaste blokkie. Moenie in meer as een blokkie 'n kruisie (X) maak nie.

Die vrae is gebaseer op TEKS 1

**21. Die skrywer praat soos ek met my vriende praat**

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
1	2	3	4	5

**22. As ek met my vriende praat gebruik ek dieselfde woorde as die skrywer**

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
1	2	3	4	5

**23. Die skrywer praat soos die mense in my gemeenskap praat.**

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
1	2	3	4	5

**24. Die skrywer praat soos ek by die skool in die Afrikaansklas praat.**

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
1	2	3	4	5

**25. Die skrywer praat soos my onderwysers praat.**

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
1	2	3	4	5

**26. Ek voel ek sal dit geniet om saam met die skrywer te kuier.**

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
1	2	3	4	5

Vir die volgende stellings oor TEKS 2, moet jy net een kruisie(X) maak in die gepaste blokkie. Moenie in meer as een blokkie 'n kruisie (X) maak nie.

Die vrae is gebaseer op TEKS 2

**27. Die skrywer praat soos ek met my vriende praat**

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
1	2	3	4	5

**28. As ek met my vriende praat gebruik ek dieselfde woorde as die skrywer**

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
1	2	3	4	5

**29. Die skrywer praat soos die mense in my gemeenskap praat.**

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
1	2	3	4	5

**30. Die skrywer praat soos ek by die skool in die Afrikaansklas praat.**

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
1	2	3	4	5

**31. Die skrywer praat soos my onderwysers praat.**

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
1	2	3	4	5

**32. Ek voel ek sal dit geniet om saam met die skrywer te kuier.**

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
1	2	3	4	5



Vir die volgende stellings oor TEKS 1, moet jy net een kruisie (X) maak in die gepaste blokkie. Moenie in meer as een blokkie 'n kruisie (X) maak nie.

**33. Die taal wat in TEKS 1 gebruik word, is:**

Vervelig	Baie	Redelik	Nie een nie	Redelik	Baie	Opwindend
	1	2	3	4	5	

Ernstig	Baie	Redelik	Nie een nie	Redelik	Baie	Snaaks/ Grappig/ Vreemd
	1	2	3	4	5	

Goed	Baie	Redelik	Nie een nie	Redelik	Baie	Swak
	1	2	3	4	5	

Maklik om te verstaan	Baie	Redelik	Nie een nie	Redelik	Baie	Moeilik om te verstaan
	1	2	3	4	5	

Maklik om te lees	Baie	Redelik	Nie een nie	Redelik	Baie	Moeilik om te lees
	1	2	3	4	5	

Vir die volgende stellings oor TEKS 2, moet jy net een kruisie (X) maak in die gepaste blokkie. Moenie in meer as een blokkie 'n kruisie (X) maak nie.

**34. Die taal wat in TEKS 2 gebruik word, is:**

Vervelig	Baie	Redelik	Nie een nie	Redelik	Baie	Opwindend
	1	2	3	4	5	

Baie	Redelik	Nie een nie	Redelik	Baie
1	2	3	4	5

Ernstig

Snaaks/ Grappig/ Vreemd

Baie	Redelik	Nie een nie	Redelik	Baie
1	2	3	4	5

Goed

Swak

Baie	Redelik	Nie een nie	Redelik	Baie
1	2	3	4	5

Maklik om te verstaan

Moeilik om te verstaan

Baie	Redelik	Nie een nie	Redelik	Baie
1	2	3	4	5

Maklik om te lees

Moeilik om te lees

**35. Die twee woorde in die tabel het dieselfde betekenis. Merk die woord wat jy die meeste gebruik wanneer jy met jou vriende gesels met 'n kruisie (X)**

Army	
weermag	

gesearch	
deursoek	

Drugs	
dwelms	

Laaities	
seuns	

Drug merchant	
dwelmhandelaar	

36. Wat beteken die woord **boere** soos dit in TEKS 1 gebruik word?

.....

37. Gebruik jy die woord “*boere*” soos dit in die artikel gebruik word wanneer jy met jou vriende of familie gesels? Merk jou antwoord met ’n X

JA	
NEE	

38. Wat is ’n **tikkop**?

.....

39. Gebruik jy die woord **tikkop** wanneer jy met jou vriende of familie gesels?

JA	
NEE	

40. Gebruik jy die woord **merchant** of **mert** as jy van ’n dwelmshandelaar praat?

JA	
NEE	

**Lees die volgende grappie en beantwoord die vrae daarvoor:**

Die antie van Mitchells Plain sleep die middag by die huis in, flenters ná ’n 12 uur lange shift. Sy stuur haar 11-jarige klong om aartappels vir vanaand se tjips by die smous om die draai te loep koop. Sy gee hom twee R5-stukke, elk met Nelson Mandela se afbeelding agterop. Die een muntstuk is syne en die ander een is vir die aartappels, sê sy. Toe hy na ’n halfuur nog nie terug is nie, stuur die antie vir Sussie om te loep kyk waar Boetie dan soe draai. Sussie tref Boetie op die sypaadjie voor die smous se winkel aan. Daar sit hy en huil asof iemand weer geskiet is. “Boetie, Mamma wag virrie aartappels, man. Vir wat huil djy nou-het somebody djou geskud?” “Nei, Sussie, issie dittie,” sê Boetie. “Mamma het my twee vyfrante gegie, ma hulle lyk presies diesêlle, man. Ek wiet nou nie watte ene is myne en watte ene ek virrie aartappels moet gebruikie.”

(Uit: Son, 16 Februarie 2012, p. 14 )

41. Wat let jy op omtrent die spelling van sommige van die woorde?

.....  
.....

42. Word sommige van die woorde gespel soos wat jy dit uitspreek?

JA	
NEE	

43. Ek hou daarvan dat die woorde gespel word soos ek dit uitspreek.

Verskil volkome	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam
--------------------	---------	----------	-----------	----------------------

44. Sal jy dit verkies as die woorde in die koerantartikels ook gespel word soos jy dit uitspreek, bv. *loep* in plaas van *loop*?

JA	
NEE	

Gee 'n rede vir jou antwoord

.....  
.....

45. Enige ander kommentaar oor die koerantartikels of die grappie?

.....  
.....

**Baie dankie dat jy die vraelys voltooi het.**

## ADDENDUM C: Teks 1

### Weermag pak tik-merchants

#### Army doen sy ding in Steenberg se strate

Die army het gister Steenberg se strate van tik-merts terug geclaim. Verbaasde inwoners het saamgedrom en toegekyk hoe die army vermeende tik-huise deursoek het.

Inwoners bly egter skepties of dit 'n fix is.

Hulle meen dit sal business as usual wees sodra die army hulle gatte draai.

'n Beweerde tik-huis is omstreeks 11:00 op Sullivanstraat deur sowat 30 soldate deursoek.

'n Polisie 4x4 het die twee army-trokke en drie bakkies vergesel. Lorentia October, 'n inwoner, se mening is dat die army onafhanklik van die polisie moet werk.

Sy sê: "Die army kan 'n verskil maak, maar die polisie maak nie 'n verskil nie. Die polisie warn net die merts wanneer ge-search gaan word."

Nog 'n buurvrou, Lindsay Abrahams, stem kopknikkend saam.

Sy sê: "Die army kan 'n baie beter werk doen as hulle alleen hulle job doen."

Die army het ook by Komlosystraat 'n beweerde tikhuis deursoek.

#### Boere

'n Selferkende tik-kop wat nie sy naam wou gee nie, sê die operasie sal nie die drug dealing stop nie.

"Die boere smokkel dan saam met die merchants," sê hy.

"Hulle vat die persoon wat die tik gebruik, maar los die persoon wat dit verkoop."

'n Ander inwoner sê nóg 'n rede waarom die army se operasie nie sal werk nie, is omdat die gemeenskap net nie saamwerk nie. Hy sê: Die mense weet waar die tik en die ander drugs verkoop word, maar hulle is te bang om vir die boere te sê.

"Hulle is bang hulle stel hulle laaities se lewe in gevaar as hulle op die merts piemp," voeg hy by.

**(Uit: Son 16 Februarie 2012)**

## **ADDENDUM D: Teks 2**

### **Weermag takel tikhandelaars in Steenberg**

Die weermag het gister op die strate van tik-handelaars toegeslaan. Met twee vragmotors en drie bakkies, tesame met 'n 4x4-polisievoertuig het die weermag talle huise deursoek.

Inwoners glo egter dié ingryping is nie 'n permanente oplossing nie. Sodra die weermag sy rug draai, sal sake terugkeer na voorheen, meen hulle.

Lorentia October, 'n inwoner, sê die weermag moet onafhanklik van die polisie werk. Volgens October maak die polisie geen verskil nie omdat hulle die handelaars waarsku wanneer die gereg wil intree.

Lindsay Abrahams, nog 'n inwoner, voeg met 'n kopknik by dat die weermag op sy eie 'n baie beter werk sal doen.

'n Ander inwoner sê die gemeenskap werk ook nie saam nie. Hy sê talle inwoners weet waar tik verkoop word, maar hulle is te bang om die polisie te sê, siende hulle vrees dat hulle hulle kinders se lewens in gevaar sou stel.

'n Selferkende tikverslaafde, wat nie sy naam wou noem nie, sê die operasie sal misluk, want die polisie en die dwelmhandelaars smokkel saam.

**(Verwerk uit *Son* deur AJ  
Opperman)**

